

TAALDINAMIKA AS METODE
OM TAALVAARDIGHEID TE VERBETER

DEUR

JOHANNA DOROTHEA SWANEPOEL

M.A. T.H.O.D.

PROEFSKRIF GOEDGEKEUR VIR DIE GRAAD
DOCTOR LITTERARUM IN AFRIKAANS-NEDERLANDS
IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: PROF. H.G.W. DU PLESSIS

HULPPROMOTOR: DR. D.M. WYBENGA

POTCHEFSTROOM

1988

VOORWOORD

Hiermee net 'n woord van hartlike dank aan almal wat hierdie studie moontlik gemaak het. Baie dankie aan professor Hans du Plessis wat my met groot empatie tot linguistieke vaardigheid gelei het. Ook aan dr. D.M. Wybenga wat gehelp het met 'n oorsigtelike beeld ten opsigte van primêre bronne, dankie. 'n Woord van opregte dank aan die volgende akademici wat meegehelp het tot 'n spesifieke verwysingsraamwerk:

Aan prof. Hertzog Venter met sy betrokkenheid met die woord;
prof. T.T. Cloete vir sy aanmoediging tot wetenskaplike en kreatiewe denke;
prof. P.D. van der Walt om te mené en tekél;
prof. Piet du Toit vir stimulerende gesprekke oor taalfilosofie en logiese denke en formulering.

'n Besondere woord van dank aan die Technikon Pretoria vir die geleentheid om verskeie navorsingsprojekte te kon onderneem het, en aan die R.G.N. vir die befondsing daarvan. Baie dankie aan dr. T.M. Hart wat my tot die studie gemotiveer het. Dankie aan dr. B.P. Bisschoff wat die vryheid en ruimte gelaat het vir eksperimentele navorsing in die Departement Afrikaans en ook vir sy aanmoediging. Aan al my kollegas hartlike dank vir die samewerking en bereidwilligheid om Taaldinamika op die proef te stel (Toy, Dorothea, Susanne, Fanie, Alex, Peggy, Marianne, Johannes, Annalie, Jeanne, Martie, Leonie, Rina). In besonder dankie aan Marianne en Johan vir wenke oor taallaboratorium-onderrig. Aan Joan en Petra baie dankie vir al die administratiewe hulp met Taaldinamika intern en na buite. Dankie aan my ander kollegas en vriende vir vriendelike ondersteuning.

Dankie aan Renette Appel vir die netjiese tik van hierdie proefskrif onder moeilike omstandighede. Aan Willie Appel dankie vir die besondere tegniese versorging. 'n Spesiale dankwoord aan die biblioteekpersoneel van Technikon Pretoria, in besonder aan Susan du Plooy.

Aan Abrey, André en Gerhard dra ek in liefde hierdie proefskrif op. Aan my ouers dankie vir al die ondersteuning. Aan die Skepper van elke werklikheid, die dank, vir al hierdie mense, vir tyd, plek en geleentheid.

SPEECH DYNAMICS AS A TEACHING METHOD TO IMPROVE LANGUAGE SKILLS

The growing need to develop language skills exists in all strata of society. Not only do changing structures and technological advances have to be named, but the language user needs to sell himself.

The pragmatic use of language is emphasised and a specific method to attain effective language proficiency is sought. A multiplex society such as that in South Africa demands a language to express evolutionary changes and to encode diverse aspirations. Afrikaans language users lack these language skills and performance. Formal language teaching and communication theory have not achieved the desired results.

Speech dynamics as a method combines language theory and the requirements of the private sector. A holistic approach towards the client and excellence on the part of the instructor are essential to meet the needs of business.

According to this study the word (intended meaning) determines body language and the elocutionary act and performance can be improved efficiently within a small group.

Speech Dynamics assumes that a native speaker possesses innate competence, but differing objectives, time, place and listeners affect language performance. Through the presentation of a message, paralinguistic and kinesthetic aspects broaden the semantic content of an existing reality resulting in structural changes in language.

Speech Dynamics (language in motion) presumes shifting realities which at a specific moment in a given place require certain actions, strategies and utterances to define, manipulate and control a situation with its physical, social and psychological implications. Every reality demands its own verbal definition and meaning. Within this dialectic of a new reality and the innate or acquired skill, conflict arises. This conflict generates new semantic and linguistic data and performance.

The student is taught to use a suitable register to convey intention. Through the deconstruction of a speech act, language errors are corrected. The language laboratory and video confrontation ensure corrective reinforcement.

Speech dynamics aims to sell Afrikaans as a negotiable product to reach certain goals, to formulate certain strategies, to verbalise group thinking, to interpret the aspirations of a new South African society and to decode the media message.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 : INLEIDING	1
1.1 Taalsituasie op makrovlak	1
1.2 Taalkundige konteks en omvang van die studie	7
1.3 Probleemstelling, doelstellings en uitgangspunte van die studie	8
1.3.1 Probleemstelling	8
1.3.2 Primêre doelstellings	9
1.3.3 Sekondêre doelstellings	9
1.3.4 Uitgangspunte van Taaldinamika	10
1.4 Die metode wat in die studie gebruik is	11
1.5 Hoofstukindeling	13
1.6 Slot	15
Hoofstuk 2 : TEORETIESE AGTERGROND VIR KOMMUNIKATIEWE DINAMIEK	16
2.1 Inleiding	16
2.2 Begripsonderskeiding	16
2.2.1 Taal	17
2.2.1.1 Die wese van taal	17
2.2.1.2 Die oorsprong van taal	19
2.2.1.3 Die funksie van taal	24
2.2.2 Dinamika	25
2.2.3 Metodologie	27
2.2.3.1 Wat is wetenskap	27
2.2.3.2 Die onderskeiding metode en metodologie	27

2.2.4	Taalvaardigheid	29
2.3	Taalbeskouing, taalteorie, metodologie en taalteg- nieke	31
2.4	Wetenskaplike fundering van Taaldinamika	42
2.4.1	Agtergrond vir Taaldinamika	42
2.4.2	Teorie van Taaldinamika	46
2.5	Opsomming	51
Hoofstuk 3 : SITUASIEANALISE EN GEVALLESTUDIES OP MIKROVLAK		52
3.1	Inleiding	52
3.2	Teoretiese aanbod as gegewene	52
3.2.1	Aanbod van die skool	52
3.2.2	Aanbod van die universiteit	54
3.2.3	Aanbod van die technikon	54
3.3	Taalsituasie aan 'n tersiêre inrigting soos die teknikon	55
3.4	Praktiese aanvrae as 'n gegewene	57
3.5	Taalsituasie in die bedryf. Gevallestudies	58
3.5.1	Kursusse in die bedryf	58
3.5.2	Individuele persone	60
3.6	Aanvraag en aanbod by taalprogramme	61
3.7	Die opvoedkundige aspekte tydens taalsituasies	66
3.8	Voorvereistes vir leer	69
Hoofstuk 4 : TAALDINAMIKA AS PROBLEEMOPLOSSINGSMODEL		71
4.1	Inleiding	71
4.2	Taalterapie	71
4.2.1	Inleiding	71

4.2.2	Gesindheid, lewens- en wêreldbeskouing en werk- likheid	73
4.2.3	Die geheim van goeie taalkommunikasie	78
4.2.4	Die bemaking van die spreker	78
4.2.5	Opsommend	79
4.3	Taalgebruik en doeltreffende kommunikasie	79
4.3.1	Inleiding	79
4.3.2	Wat ? Die verkoop van doelwitte	82
4.3.2.1	Inliggende taalgebruik	82
4.3.2.2	Oorredende taalgebruik	83
4.3.2.3	Wellewende taalgebruik	86
4.3.3	Waar ? Hantering van ruimte en die aanpassing van taalgebruik, stem en inhoude	87
4.3.4	Wanneer ? Tydsgewrig en tydsberekening	93
4.3.5	Wie ? Die aanpassing van spraakhandeling en register by die persoonlikheid van die ontvanger	95
4.3.6	Hoe ?	98
4.3.7	Basis van ontmoeting	101
4.3.8	Boodskap	105
4.3.9	Terugvoering	107
4.3.10	Evaluering	110
4.3.11	Herhaling van boodskappe	114
4.4	Die taal as enigste instrument	115
4.4.1	Taaldinamiese uitgangspunt ten opsigte van die woord	115
4.4.2	Aspekte ten opsigte van taalgebruik	118
4.4.2.1	Sosiolinguistiese aspekte	118
4.4.2.2	Linguistiese en semantiese aspekte	119
4.4.3	Idiolek en styl	123
4.4.4	Die metafoor	126

4.4.5	Konseptualisering	129
4.4.6	Die sosiale implikasies van taal	129
4.4.7	Die sielkundige implikasies van taal	130
4.4.8	Semantiese implikasies van taal	132
4.5	Praattaal en lyftaal	132
4.6	Taal en doelwitbereiking	137
4.6.1	Logiese appél	137
4.6.1.1	Inleiding	138
4.6.1.2	Die formulering en aanbieding van feite	140
4.6.2	Sielkundige appél	141
4.6.2.1	Inleiding	141
4.6.2.2	Maslow se teorie en taalkeuses	142
4.6.3	Persoonlike appél	144
4.7	Oorreding	144
4.7.1	Interpersoonlike oorreding	144
4.7.2	Oorredingstrategieë en taalgebruik	145
4.7.3	Veranderlikes by oorreding	148
4.7.4	Oorreding in die bedryf	148
4.7.5	Geïntensifeerde oorreding in die gemeenskap	151
4.7.6	Oorreding, reklame en die woord	151
4.8	Taaldinamika en die groep	153
4.8.1	Inleiding	153
4.8.2	Die indiwidu en die groep	154
4.8.3	Groepgedrag, groepsdink en groepskommunikasie	155
4.8.4	Konflik en taalhantering	156
4.8.5	Taaldinamika in die groep	156
4.9	Taaldinamika en die gemeenskap	157
4.10	Taaldinamika en die media	161
4.10.1	Inleiding	161

4.10.2	Mededelings en die media	162
4.10.3	Taal en beeld	163
4.11	Toetsing	163
Hoofstuk 5 : TOEPASSING : TEORIE VERSUS PRAKSIS		165
5.1	Terreinonderskeidings by die verskillende vakwetenskappe	165
5.2	Terreinonderskeiding tussen skool en die verskillende tersiêre inrigtings	166
5.2.1	Afrikaans aan skole	166
5.2.2	Universiteite en teknikons	168
5.3	Vraag en aanbod	169
5.4	Die Taaldinamikakurrikulum	169
5.4.1	Agtergrond	169
5.4.2	Die behoeftes van die arbeidsmark	171
5.4.2.1	Taal as persoonlike instrument	171
5.4.2.2	Die gesproke woord en doelwitte	171
5.4.2.3	Taal en die sosiale aanspraak	171
5.4.2.4	Taalvaardigheid in die groep	172
5.4.2.5	Afronding en die taal	172
5.4.2.6	Kreatiewe taalgebruik	172
5.4.2.7	Taalvaardigheid in alle vakgebiede	172
5.4.3	Leerplanne	172
5.4.4	Sillabus	173
5.5	Die Taaldosent	175
5.6	Bemaking van Afrikaans	177
Hoofstuk 6 : GEVOLGTREKKING		178
BIBLIOGRAFIE		184

INLEIDING

1.1 TAALSITUASIE OP MAKROVLAK

Tydens die afgelope dekade het 'n al groter behoefte aan doeltreffende skriftelike en mondelinge taalkommunikasie ontstaan. 'n Duidelike bewys hiervan is die feit dat baie kursusse aan universiteite en teknikons 'n praktiese taalkursus insluit en daar word 'n hoë premie geplaas op die pragmatiese gebruik van die taal. Onder die pragmatiese gebruik van taal word hier bedoel die bruikbaarheid van taal binne 'n spesifieke werklikheid. Vergelyk hierdie gebruik van die term pragmaties met die begrip pragmatiek in die volgende definisie: "Pragmatics is the study of those relations between language and context that are grammaticalized or encoded in the structure of a language." (Levinson, 1987:25.) Met pragmatiese taalgebruik word in hierdie studie iets anders bedoel as met die Pragmatiek as semantiese studieveld.

In 'n moderne samelewing wat gekenmerk word deur spesialisasie, kompetisie en die vervreemding van die individu (Gray & Wise, 1959:1-9), is die belangrikste middel waardeur iemand homself en sy doelwitte kan bemark, taal. Die taal is een van die belangrikste verklikkers van die individu se relatiewe sosiale status, en in die meeste gevalle is die spreker self onbewus van hierdie soort semantiese sjibbolet; 'n verklikker waarvan die deelnemers aan die gesprekshandeling meestal onbewus is (Nichols, 1984:23). Taal en mag word dikwels op verskeie vlakke gelykgestel (vergelyk Kramarae et al., 1984).

Verder is taal ook in 'n multiplekse samelewing, soos die Suid-Afrikaanse samelewing, waar verskillende rasse-groepe, 'n verskeidenheid taalgemeenskappe en ideologieë met mekaar wedywer, baie belangrik. In so 'n samelewing wat worstel met kommunikasieprobleme en wat dialoog as oplossing voorpraat, moet die persone wat konflik probeer ontlont by uitstek oor taalvaardigheid en taalstrategieë beskik. Dit geld nie net die openbare sektor nie, maar ook die privaatsektor moet aanpassings ten opsigte van 'n veranderende samelewing maak, en vier vereistes word gestel vir 'n suksesvolle bedryf, naamlik bemaking, innovering, mannekrag en kommunikasie. Laasgenoemde word as die belangrikste beskou, veral in 'n stadium van dinamiese struktuurveranderinge (Manning, 1987:4). Verkeerde persepsies word nie net deur verkeerde woordkeuses oorgedra nie, maar ook deur verkeerde taalaanbieding. Taal pas ook by hierdie veranderinge aan: "The changes in language and the mutations in genetics serve a similar purpose : to outwit the random changes in society and in nature." (Bolinger, 1975:17-18; vergelyk ook Levinson, 1987:776 en 377.)

Taal is ook die benoemer van ideologie, nuwe wetenskap en veranderende strukture (vergelyk Chomsky, 1979). Deur die benoeming van objekte word hulle van hul omgewing geïsoleer en word die werklikheid gesegmenteer (Bolinger, 1975:187). Die taal is dus 'n vertolker van die werklikheid - en wel van 'n nuwe werklikheid. In 'n konkrete werklikheid is $1 + 1 = 2$; maar in die taalrealiteit is dit die 1 van die spreker + die 1 van die hoorder wat die nuwe resultaat 2 gee. Volgens Wybenga (1987:101) kies die spreker die taal, maar hy word beperk deur dit wat die taalgemeenskap as geldend aanvaar. Die taal as

werktuig is dus voorskriftelik. Die taal is die dinamiese instrument waarmee die mensdom die natuur beheers en koöperatiewe gemeenskappe daarstel. Dit is materiaal en instrument waardeur 'n plaasvervangende wêreld deur verbale planne opgebou word en dan oorgedra word terug na die werklikheid (Bolinger, 1980:188). Taal en woorde word ook beskou as die houers van betekenis (Anglin, 1970:2), die vergestalters van konsepte (Vygotsky, 1962) en taal is ook handelinge (Austin, 1962). Taal simboliseer die sosiale sisteem en is die uitdrukking van en metafoor vir sosiale prosesse (Halliday, 1978:3).

Hierdie taal is gewoonlik die gesproke woord, aangesien die primêre medium van menslike taal klank is (Lyons, 1987:66-72; vergelyk ook Bolinger, 1975:15; Bolinger, 1975:34-86; Odendal, 1972:1). Dit gaan hier veral om die illokusionêre handeling as 'n vaardigheid (Hudson, 1987:111-116). Mondelinge kommunikasie is deesdae ook meer permanent en nie so vlietend as vroeër nie, aangesien die massamedia daarop gerig is om mondelinge taal in die vorm van radio- en videomateriaal te bewaar.

Dit is uit voorgaande opmerkings duidelik dat dit vir firmas belangrik is om hulle middelbestuur en topbestuur mondelinge vaardighede te laat aanleer om interne kommunikasie horisontaal en vertikaal te verbeter, maar terselfdertyd eksterne kommunikasie so doeltreffend moontlik te maak ter wille van die verspreiding van inligting en beeldbouaksies.

In teenstelling met die moderne eise aan die individu, gemeenskap en praktyk, is daar oor die algemeen ontevredenheid oor die taalgebruiksvermoë van gematrikuleerdes wat binne die prak-

tyk moet kommunikeer en meer druk word nou op tersiêre kursusse geplaas vir taalafronding. Hierdie toenemende druk spreek byvoorbeeld uit kontroletoetse (Bisschoff, 1987:4), gestruktureerde onderhoude wat ter wille van hierdie studie gevoer is met direkteure van akademiese skole, bedryfsleiers en opleidingspersoneel van die openbare en privaatsektor. 'n Gesamentlike taalseminaar waarby bogenoemde persone betrek is, en waarby alle teknikons en ander belangstellende tersiêre inrigtings teenwoordig was, is in Augustus 1984 aan die Technikon Pretoria gehou. Probleemareas is gedefinieer en strategieë is bespreek om taalvaardighede te verbeter.

Gebrekkige taalvaardigheid is 'n universele probleem (Prinsloo & Van Rensburg, 1984:98). Die American Society of Newspaper Editors (ASNE) notuleer die volgende: "We urge adoption by all schools and departments of minimum spelling, grammar and writing tests required for graduation by some of the best journalism schools." (Anon, 1986:914.)

Daar ontstaan nou 'n teenstrydigheid. Groter druk vir beroepsgerigte opleiding en 'n pragmatiese inkleding van kursusse kan afbreek doen aan 'n wetenskaplike en teoretiese fundering. Die moderne universiteit verkeer al hoe meer onder druk van 'n pragmaties-georiënteerde wêreld wat vaardighede vereis en waar slegs die beoefening van die wetenskap ter wille van die wetenskap nie genoegsaam is nie. Laasgenoemde is slegs 'n middel tot 'n doel (De Bruto, 1981:11-12). Hierdie klem op pragmatisme maak die teenpool weer waar, naamlik dat die wetenskapbeoefening ter wille van die teoretiese verdieping, die soeke na waarheid en die ontwikkeling van die totale mens agterweë bly.

Dit lei tot kulturele ongeletterdheid van studente. Studente leer slegs vaardighede, maar besit geen inligting oor die klas-sieke, die filosofieë van die beskawing en van hulle tyd nie en kan nie hulle leefruimte definieer nie. Kinders kan woorde dekodeer, maar is nie akademies toegerus om dit in konteks te plaas nie (Bowen, 1987:46-47). Bogenoemde hang ten nouste saam met die standaard van kennisgeletterdheid van matrikulante. Claassen (1986:113) bevind dat blanke Suid-Afrikaanse kinders oningelig is en dat hulle algemene kennis so swak is dat hulle moeilik politieke of sosiale probleme sal kan oplos. Bogenoemde probleme is in elk geval moeilik om op te los, maar juis omdat stedelike Afrikaanstaliges ook baie min lees (Prinsloo & Van Rensburg, 1984:100) word probleemoplossing vir hulle al moeiliker. Aan die Technikon Pretoria moes 387 Afrikaanssprekende dames 'n lesing van 10-15 minute aanbied. Slegs 22 kon 'n kontensieuse onderwerp objektief bespreek. Die res se standpunte was stereotiep en duplikate van mekaar, wat 'n verdere aanduiding is van die gemiddelde Afrikaanssprekende se verbale onmag.

'n Opname wat by die Technikon Pretoria deur verskeie ondersoekers gemaak is, het aangedui dat daar dikwels 'n weerstand ten opsigte van die eerste taal by studente te bespeur is, aangesien hulle nie die nodige motivering het vir praktiese taalkursusse nie en dit beskou as blote herhaling van skoolleerplanne. Afrikaanse studente het ook 'n besondere voorkeur vir Engels as tweede taal en 10% verkies Engels bo Afrikaans as taalkommunikasiemedium (Prinsloo & Van Rensburg, 1984:97). Terselfdertyd is die inhoud van praktiese kursusse nie toepas-

lik vir die bedryf nie en laasgenoemde probeer deur verskeie kommunikasiekursusse die leemte oorbrug. In samehang met bogenoemde het marknavorsing aangetoon dat Afrikaans as "verpligte vak" geloofwaardigheid verloor en die bruikbaarheid in die openbare en privaatsektor word bevraagteken. 'n R.G.N.-verslag 1973-74 dui daarop dat feitlik alle Afrikaanstaliges 'n hoë premie op die goeie gebruik van Engels stel (Prinsloo & Van Rensburg, 1984:99).

Teen hierdie agtergrond word 'n taaldinamikakursus in hierdie studie as moontlike hulpmiddel bespreek. In 'n tegnologiese veranderende samelewing met bogenoemde gesindhede as vertrekpunt kan die taalwetenskaplike of dosent by die herevaluering van sy aanbod aan die bedryf tussen twee ekstreme strategieë kies. Enersyds kan Afrikaans by die eksklusiewe taalgebruiker gehou word, wat taalpuristies waak oor taalmoets en -moenies, of andersyds kan hy die taalteoretiese ten opsigte van vorm, gebruik en suiwerheid negeer en willekeurig aanpassings maak ter wille van kommunikasie self en die akkommodering van verskillende sentimente (vergelyk Halliday, 1978:205-210; Bolinger, 1980:1-9). Hierdie sentimente het selfs politiese implikasies, aangesien taal ook ideologies aan sy sprekers verbind word (vergelyk o.a. Steyn, 1987:92-96). Dit is byvoorbeeld so dat 'n duidelike swart weerstand teen Afrikaans heers en Engels deesdae waarskynlik voorkeur geniet (Ponelis, 1987:14) bo Afrikaans. Die vraag is egter of dit inderdaad taaivoorkeur is en of dit nie bloot 'n afkeer van die gebruikers is nie?

Du Plessis (1987:102-120) bespreek drie ideologiese "gebruikersgroepe" van Afrikaans, naamlik die Kaapse beweging wat

Afrikaans as protesttaal, bevrydingstaal en die taal van die onderdrukker beskou; die hervormingsbeweging wat Afrikaans subtiel proklameer vir politieke hervorming en die regse beweging wat Afrikaans slegs toe-eien vir die blanke Suid-Afrikaner. Skoolafrikaans word verdink van taalapartheid. Deur die voorhou van die standaard "blanke" Afrikaans as model word die variëteitspreker verbaal geïntimideer en stigmatisering van verskille ontstaan, wat weer aanleiding gee tot die proksimaliteitslinguistiek en sosiale afstand (Esterhuyse, 1986: 19-23). Die vraag wat hieruit na vore tree, is hoe 'n taalpraktykkursus sulke werklikhede kan verreken?

Verder word die verabsoluttering van taalgeletterdheid as enigste wyse van kommunikasie tans bevraagteken en marknavorsing in die bedryf het aan die lig gebring dat taalgeletterdheid selfs gelykgestel word aan rekenaargeletterdheid en visuele geletterdheid. In die taaldinamika-laboratorium van die Technikon Pretoria is dan ook bevind dat baie studente só ingestel is op die visuele dat tydens onderhandelinge en instruksies die kommunikasieprobleem 'n duidelike ouditiewe probleem is. As iemand die waarde van taal bevraagteken word deeldissiplines soos die Kommunikasiekunde dan as oplossing gesien vir probleme wat ontstaan as gevolg van ondoeltreffende taalkommunikasie.

Hierdie studie is 'n poging om aan te toon dat sodanige kommunikasieprobleme opgelos kan word indien daar 'n deeglik ontwerpte taaldinamikakursus aangebied word.

1.2 DIE TAALKUNDIGE KONTEKS EN OMVANG VAN DIE STUDIE

Taaldinamika kan as dinamiese en pragmatiese aanbiedingsmodel teorie en praxis versoen, deur 'n eiesoortige inkleding van

die taal, wat die aanvraag van vakman en bedryf beantwoord. Die uitgangspunt bly deurentyd dat die taal en die taalonderrig nie deur 'n kwasie-kommunikasieteorie vervang kan word nie. Taalvaardigheid moet nie gekoppel word aan truuks sonder inhoud nie, maar ook nie bloot teoretisering wees oor taalverskynsels nie. Die individu moet taalvaardigheid en taalaanvoeling soms in 'n kort bestek verbeter om aan die eise wat deur die praktyk gestel word, te beantwoord.

Aangesien die praktyk 'n hoë premie op vaardigheid, produktiwiteit en die pragmatiese stel, moet die taalkursus voortdurend sy aanbod herevalueer. Die taalteoretiese is betreklik staties, maar die metode en gebruik is dinamies en pas aan by die gemeenskap en samelewing wat dit bedien. Die taal kan dus as manipulerende instrument vir die spreker dien en terselfdertyd die veranderende strukture van 'n multiplekse samelewing benoem. Die taal, in besonder Afrikaans, kan as instrument en bemarker van die individu in 'n groter Suid-Afrikaanse samelewing suksesvol gebruik word.

1.3 PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN UITGANGSPUNTE VAN DIE STUDIE

In die lig van voorgaande inleidende evaluering van die taalsituasie op makrovlak kan daar binne die taalkundige konteks en omvang van dié studie die volgende probleemstelling, doelstellings en uitgangspunte geformuleer word.

1.3.1 PROBLEEMSTELLING

Die aanvraag vanuit die bedryf na doeltreffender skriftelike en mondelinge taalkommunikasie word na ons mening nie voldoende

deur bestaande taalonderrig beantwoord nie. Teen hierdie agtergrond word die sinvolheid van praktiese taalkursusse vir sekere beroepsgroepe op tersiêre vlak en in die bedryf bevraagteken en selfs deur inhoude van ander vakgebiede vervang. Daar bestaan daarom 'n behoefte aan 'n model waarvolgens teorie en praksis ten opsigte van die taalaanbod versoen kan word.

1.3.2 PRIMÊRE DOELSTELLING

Hierdie studie wil taaldinamika as probleemoplossingsmodel/metode vir verbeterde taalkommunikasie en taalonderrig daarstel en wel in besonder aan eerstetaalsprekers wat praktiese taalkursusse op tersiêre vlak neem, of wat beroepsgerigte taalvaardigheidskursusse vanuit die bedryf aanvra.

1.3.3 SEKONDÊRE DOELSTELLINGS

Vanweë die praktykgerigte aard van hierdie studie kan verskeie doelwitte gestel word, aangesien hierdie doelwitte in die primêre doelstelling veronderstel en vervat is. Daar word in die lig hiervan aan die volgende sake aandag geskenk in hierdie studie:

- die taalaanvrae van die bedryf en die besondere taalbehoefte van die taalgebruiker in die beroep;
- die teoretiese fundering van taaldinamika as metode en die raakvlakke met ander taalbeskouings, taalteorieë en taaltegnieke;
- die wyse waarop individuele taalvaardigheid verbeter kan word deur die blootstelling van die taalgebruiker aan nuwe werklikhede en ook tydens kommunikatiewe handelinge in die kleingroep;

- die noodsaaklikheid van 'n vraag- en-aanbodssituasie tussen bedryf en taalskool; taalinstrukteur en taalkliënt;
- 'n taalterapeutiese fase as voorvereiste vir mondelinge vaardigheid;
- die pragmatiese aanpassing van die taalgebruik van die spreker by hoorder en situasie om doelwitte te bereik en die invloed van die taalhandeling op die taalstruktuur;
- hoedat taalbedrewenheid kommunikasievaardigheid bewerkstellig;
- die taal as enigste instrument om die individu se doelwitte en oorredingstrategieë te dien, die groep, gemeenskap en samelewing se konsepte te verwoord en visuele beelde te vertolk;
- 'n taaldinamikaleerplan wat 'n praktiese werksprogram voorstel waarby die taalteoretiese aspekte vir elke individu of beroepsgroep deur die taalinstrukteur aangepas kan word;
- Afrikaans as 'n relevante Afrikataal om nuwe strukture te benoem en kommunikasie in die bedryf te bevorder.

1.3.4 UITGANGSPUNTE VAN TAALDINAMIKA

Taaldinamika as kursus is 'n metode wat gebruik kan word om taal- en kommunikasievaardighede aan te leer aan 'n spesifieke individu of beroepsgroep wat dit vir 'n spesifieke opdrag of situasie vereis.

Die volgende basiese uitgangspunte word as vertrekpunt gebruik.

- * In Taaldinamika is daar 'n holistiese benadering ten opsigte van die student.

- * Taaldinamika is op die individu se taalaanvraag gerig en daarom word 'n hoë premie op wetenskaplike en objektiewe inligting en taaltegnieke gestel. Die taalstudent/kursus-ganger maak 'n eie keuse van leerinhoud en pas dit by sy eie lewens- en wêreldbeskouing aan.
- * Die metodiek slaag in die kleingroep, want taalgebruik is 'n vaardigheid wat prakties verbeter kan word. Die kleingroep bied dus ruim geleentheid vir die individuele taalgebruiker om deur die praktiese inoefening van taalhandelinge sy taalvaardigheid te verbeter. In die kleingroep is daar ook 'n groter interaksie tussen spreker en hoorder.
- * Taalbedrewenheid bewerkstellig kommunikasievaardigheid, want die woord rig die lyftaal, spraakhandeling (stem) en strategie. Taalvaardigheid en kommunikasievaardigheid is dus interafhanklik en word gelyktydig aangeleer.
- * Mondelinge kommunikasie is essensieel vir suksesvolle skriftelike kommunikasie.
- * Ter wille van die blywende relevansie van taal, is dit belangrik dat 'n vraag-en-aanbodsituasie moet heers tussen taalskool en bedryf: die taalskool moet kan aanbied wat die bedryf vra.
- * Taalgebruik is ingestel op bedoeling en daarom is taal 'n voorvereiste vir visuele en kennisgeletterdheid.
- * Die keuse van die korrekte woord/taal bepaal die oorredingstrategie en intensiteit van oorreding en bemarking.

1.4 DIE METODE WAT IN DIE STUDIE GEBRUIK IS

Taaldinamika as kursus omvat mondelinge taalkommunikasiekursusse aan taalstudente en taalvaardigheidskursusse aan senior stu-

dente van ander beroepsrigtings (rekenkundiges, demonstratrises, bemarkers en personeelbestuurders). Tot dusver was die bywoning van taalvaardigheidskursusse aan die Technikon Pretoria vrywillig. Kursusse in Taaldinamika is aan die openbare en privaatsektor op verskillende bestuursvlakke op aanvraag deur hierdie ondersoeker aangebied aan die Technikon Pretoria (banke, NPI, poskantoor, goudsmede) en ook aan ander professionele groepe (predikante, dosente). Hierdie kursusse na buite is op 'n finansiële grondslag bedryf. Doelwitte is aan die begin van 'n kursus deur senior studente/kursusgangers getabelleer en aan die einde van 'n kursus is die mate waarin hierdie doelwitte bereik is deur studente/kursusgangers en die werkgewer geëvalueer. Vanweë die toenemende aanvraag vanuit die teknikons en bedryf is aangeneem dat die taaldinamikakursusse wel geslaagd is en verdere kursusse is deegliker oudiovisueel gemonitor en beskryf om die metode wat tydens die kursus gebruik is, teoreties te beoordeel.

Inligting wat bekom is uit kontroletoetse, onderhoude en praktykshakeling, is in hierdie studie gebruik om aanvaar van die bedryf en die taalbehoefte van die student wat 'n praktiese taalkursus deurloop, te beskryf. Die metode is weer geëvalueer deur eksperimentele navorsing in die video- en taallaboratoriums en deur kontinue evaluering. Elke kursus is aangepas by die doelwitte van die beroepsgroep. Die prestasies van die kursusgangers, die sukses van die aanbieding en die sinvolheid van die leerstof is deur die evaluering van klank- en beeldmateriaal bepaal. Die kursus kan dus voortdurend verfyn en vervolmaak word deur onsuksesvolle gedeeltes uit te skakel.

Die inhoude en aanbiedingswyses van elke kursus is as gevolg van die verskillende doelwitte ongestruktureerd en kan dus nie vooraf bepaal word nie. In informele en deelnemende werkgroepe is taal- en kommunikasievaardighede aangeleer. Hierdie sessies is op videoband en kasset vasgelê. Studente/kursusgangers saam met die taalinstrukteur kon deurlopend die vordering van die begin tot aan die einde van 'n kursus bepaal. Deur die dekonstruksie van nie-verbale handelinge en diskoers in die werkgroep kon herhalende patrone aangedui word en kursusinhoude aangepas word. Vanweë verskillende beroepsgroepe en individuele taalbehoeftes kon kontrolegroepe nie suksesvol gebruik word nie, maar kon verskillende groepe deur die ontleding van videomateriaal met mekaar vergelyk word. Hierdie studie volg dus nie 'n kwantitatiewe benadering nie, maar is eerder beskrywend-analities van aard, aangesien dit bloot sodanige kursusse beskryf.

Literatuurstudie is gedoen ter wille van die teoretiese begronding van Taaldinamika. Aangesien die studie pragmaties van aard is, is die taalteorieë eklekties hanteer om raakvlakke tussen 'n pragmaties-gestruktureerde kursus en ander teoretiese uitgangspunte en taaltegnieke aan te dui.

1.5 HOOFSTUKINDELING

HOOFSTUK 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die taalsituasie op makrovlak omskryf. Die eise wat die individu en gemeenskap aan die taal as benoemer en kommunikasiemiddel stel, word beklemtoon. Die probleme in verband met taalvaardigheid word toegelig en die verhouding tot ander deeldisiplines word aangedui. Die probleemstelling,

doelstellings en uitgangspunte word geformuleer en die metodes wat gebruik is, word gedefinieer.

HOOFSTUK 2 TEORETIESE AGTERGROND VIR KOMMUNIKATIEWE DINAMIEK

Met die begrip "kommunikatiewe dinamiek" word bedoel "taal-in-beweging". Taalgebruik is nooit staties nie en dit kan willekeurig by spreker, hoorder en situasie aangepas word. Die taalskep en vernietig werklikhede en benoem die waarheid soos dit vergestalt word op 'n spesifieke tyd in 'n spesifieke realiteit. Hierdie veranderende aard van taal is ook in die struktuur van taal en semantiese inhoude merkbaar. Bogenoemde uitgangspunt verskil van Firbas en Daneš van die Praagse Skool wat veronderstel dat enige betekenisdraende element, selfs 'n morfem, kommunikatief dinamies bydra tot 'n sin se betekenis, net soos wat intonasie tydens mondelinge kommunikasie die tema kan intensiveer (Firbas, 1987:289-297). In hierdie hoofstuk word begrippe soos taal, dinamika, metodologie en taalvaardigheid omskryf. Die wisselwerking tussen taalbeskouing en metodologie, asook teorie en praxis word aangetoon. Die agtergrond en teoretiese fundering vir Taaldinamika word bespreek.

HOOFSTUK 3 SITUASIEANALISE EN GEVALLESTUDIE OP MIKROVLAK

Uit 'n reeks aannames is Taaldinamika ontwikkel. Voordat dit in die praktyk as aanbod bemark word, moet die aanvrae uit die praktyk krities beskryf word. Die taalsituasie op mikrovlak is 'n driehoeksverhouding van die taalbehoefte van student, kursusganger en bedryf, die taalbeskouing en -aanbieding van die dosent en die realiteit waarin die ontmoeting plaasvind.

HOOFSTUK 4 TAALDINAMIKA AS PROBLEEMOPLOSSINGSMODEL

In hierdie hoofstuk gaan dit om die inhoud en besondere aanbieding van 'n taaldinamikakursus. Die taalterapeutiese fase as voorvereiste word verduidelik. Die belangrikheid van taal tydens interpersoonlike, groepskommunikasie en die massamedia word beklemtoon. Verder word die bemaking van Afrikaans as medium aan die taalgebruiker, die beroep, gemeenskap en groter samelewing geaksentueer.

HOOFSTUK 5 TOEPASSING: TEORIE VERSUS PRAKSIS

Die wyse waarop Taaldinamika gebruik kan word om die praktiese taalkursusse aan tersiêre inrigtings meer praktykgerig in te klee, word behandel. Die terreinonderskeidings ten opsigte van taalaanbieding op skool, technikon, universiteit en ander instansies word bespreek, asook die gebruik van Taaldinamika as bemarker vir Afrikaans.

HOOFSTUK 6 GEVOLGTREKKING

1.6 SLOT

Op aanvraag van die praktyk is daar oor die afgelope vier jaar formeel en gereeld taaldinamikakursusse aangebied aan die Technikon Pretoria. Op grond van die praktykervaring oor die afgelope twaalf jaar is daar 'n kursus ontwerp en hierdie kursus word in hierdie studie ook aan die eise van die moderne teoretiese linguistiek onderwerp. Aangesien daar nêrens presies so 'n kursus bestaan nie, moes daar in hoë mate eklekties te werk gegaan word wat die teorie betref en die praktyk is deur die ondersoeker self getoets binne die onderrigsituasie oor die afgelope twaalf jaar.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE AGTERGROND VIR KOMMUNIKATIEWE DINAMIEK

2.1 INLEIDING

Dit is nie moontlik om in die bestek van hierdie hoofstuk 'n definiëring van taal of 'n volledige analise van die verskillende teorieë te bespreek nie, want dit verg 'n hermeneutiese studie van die taal en die teorie op sigself. Taalbeskouing, taalteorie en taaltegnieke word sodanig betrek waar dit raakvlakke het met hierdie betrokke studie en as inleiding dien vir die teoretiese fundering vir Taaldinamika. Dit is dan so dat 'n besondere taalfilosofie bepalend is vir 'n taalteorie en dat dit weer verskillende metodes van aanbieding rig (vergelyk Corder, 1973).

Die meetbaarheid van die sukses van die verskillende taalmetodes is in hierdie navorsing nie van belang nie. Taalteoretiese insigte kan deur skriftelike eksamens getoets word, maar die toepassing van taalvaardigheid in die praktyk kan slegs deur beperkte terugvoering van die werkgewer/instansie verkry word. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk lê die klem op dié taalbeskouing en taalteorie wat Taaldinamika ten grondslag lê as metode om taalvaardigheid in veral die werksituasie te verbeter.

2.2 BEGRIPSONDERSKEIDING

Die begrip taaldinamika val in twee komponente uiteen, naamlik taal en dinamika. Dit is ook belangrik om die begrippe metodologie en taalvaardigheid te omskryf.

2.2.1 TAAL

By 'n bespreking van taal is die wese, oorsprong en funksies van taal ter sake.

2.2.1.1 DIE WESE VAN TAAL

Taal impliseer verskillende dinge. Lyons (1987:2-3) onderskei ook tussen die terme "language", wat 'n algemene term is vir taal en die menslike taalvermoë en "langue" wat 'n spesifieke taal impliseer. Onder die begrip taal word ook ander kommunikasiesisteme soos byvoorbeeld lyftaal ingesluit (vergelyk die verskil met Van Jaarsveld, 1985:12-15).

Sapir (1978:8) beskou taal as menslik, nie instinktief en 'n metode om gedagtes, emosies en begeertes deur 'n sisteem van simbole weer te gee. Verder beskou hy taal en kultuur as nou verbonde. "Culture may be defined as what a society does and thinks. Language is a particular show of thought." (Sapir, 1978:218.) Verder beskou hy taal, kennis en gemeenskap as so 'n eenheid dat net die woorde bestaan wat nodig is om die omgewing te benoem (Sapir, 1978:219). Hierdie breër siening van taal word deur die volgende persone gevarieerd onderskryf. Searle (1969: 17,42,43) beskou taal as handeling wat die doelbewuste betekenis van die taalklank ter wille van kommunikasie oordra. Taal is ook die uitsonderlikste manifestasie van intelligensie, want dit is die vorm waarin alle menslike kennis en intelligensie vergestalt word (Bolinger, 1980:16).

Woorde is instrumente wat ons kan uitkies ter wille van hulle klank en geladenheid aan betekenis (Bolinger, 1980:17-24).

Taal is ook 'n sosiale kode (Halliday, 1978:108-114) wat teks, konteks, register, 'n sosiale semiotiese kode, 'n linguistiese sisteem en 'n sosiale struktuur veronderstel (vergelyk ook Bernstein, 1964:251-258).

Hymes (1975:33-39) beklemtoon die kommunikatiewe aspek van taal. Verder sien hy die verbale sisteem deur die grammatikale en semantiese struktuur verwys na velerlei objekte en konsepte. Terselfdertyd word hierdie verbale proses gerig deur sosiale aanvaarde norme en verwagtings. Die formele studie van taal is gerig op linguistiese data, maar die gebruik van taal in die gemeenskap ontsluit algemene gedragsvorme en veranderinge in taalgebruik (Gumperz, 1975:219).

In teenstelling met bogenoemde holistiese benadering van taal word taal deur sommige linguiste beperk tot die teken self. De Saussure beskou 'n linguistiese eenheid (foneem of morfeem) nie as 'n inhoud nie, maar as 'n vorm (Culler, 1977:11).

Chomsky beskou taal as 'n biologiese ingeskapenheid. Die mens beskik oor 'n universele grammatika wat hom in staat stel om 'n onbeperkte aantal sinne kreatief te genereer (Chomsky, 1979:103 en 111). Hy beskou egter ook taal as "a mirror of mind" (Chomsky, 1976:4). Deur ervaring ontwikkel 'n grammatika wat sinne genereer met formele en semantiese eienskappe (Chomsky, 1976:36). Die klem bly vir Chomsky val op die fonologiese en sintaktiese sisteem, want dit bly stabiel by die spreker, in teenstelling met die betekenis van woorde, wat van spreker tot spreker verskil (Chomsky, 1979:139). Die taalvermoë of universele grammatika van die mens sluit 'n grammatikale vermoë in

wat die mens in staat stel om vorm en betekenis en geïnternaliseerde strukture te verstaan (Chomsky, 1980:59). 'n Spreker se taalvermoë sluit ook 'n pragmatiese faset in, naamlik sy vermoë om taalstrukture by doelwitte en kontekste aan te pas (Chomsky, 1980:224-225). 'n Spreker het ook 'n konseptuele sisteem om objekte mee te definieer (Chomsky, 1980:54-58; Botha, 1983:45-49).

Uit bogenoemde beskouinge kan ons sekere aspekte van taal aflei. Taal is menslik, 'n matrys vir denke, 'n handeling, 'n manifestasie van kennis, taal is gedrag, is sosiaal, klank, 'n instrument, taal is dinamies, 'n kode, 'n sisteem, kommunikasie, 'n simbool, 'n teken en betekenis (vergelyk hiermee Bolinger, 1975:14-30; Odendal, 1972).

2.2.1.2 DIE OORSPRONG VAN TAAL

By 'n besinning oor die oorsprong van taal en taalverwerwing, is die vraag of die volwasse taalgebruiker aanvanklik beskik het oor 'n aangebore abstrakte kennis van reëls, of die moontlikhede om sinstrategieë te prosesseer, of 'n repertoire van response of stimuli ontwikkel het en of dit 'n kombinasie van alles is (Menyuk, 1977:12). Hierby kom die vraag of sosiale interaksie en die werklike taalhandelinge belangrik is tydens taalontwikkeling (vergelyk Halliday, 1975).

Daar bestaan verskillende teorieë oor taalverwerwing, naamlik die biologiese, kognitiewe, sosiokulturele en behaviouristiese teorieë. Is taal 'n biologiese verworwe entiteit, met ander woorde is die mens fisiologies vir taal gestruktureer? Op hierdie vraag kan positief geantwoord word. Wetenskaplike

navorsing het ook op die besondere aanpassing van die spraak-apparatuur, longe en gestruktureerdheid van die brein by die mens in vergelyking met die dier gewys (Aitchison, 1976:51-67). Oor die breinfunksie en dié se gestruktureerdheid is baie navorsing gedoen, byvoorbeeld oor die grootte van die brein (vergelyk Jerison, 1979:227-228) en ten opsigte van die linker-hemisfeer en lateralisasie (vergelyk Levy, 1979:289-300).

Volgens Chomsky besit die kind 'n aangebore universele grammatika wat nou aansluit by die biologiese aspek (Chomsky, 1979:63 en 65). Hierdie grammatika impliseer linguistiese kennis wat hy gebruik tydens ervarings om taal kreatief daar te stel wat hierdie kennis van die taal verteenwoordig (vergelyk Chomsky, 1979:114). Die stimulerende invloed van die taalervaring bou verder sy taalvermoë en mentale grammatika uit. Hierdie ingebore linguistiese vermoë wat die vorm en struktuur van die taal bepaal, skakel ten nouste met inhoud en taalgebruik. Die Fodor-Katz-hipotese verskil van die standaardteorie daarin dat die universele sisteem ook alle konseptuele denke moet bevat (Chomsky, 1979:140-141). Belangrik is ook om te onderskei tussen die oppervlaktestruktuur van 'n sin soos hoorders en lesers dit ervaar en die dieptestruktuur van 'n sin wat latente inligting bevat soos grammatiese verhoudinge tussen dele, funksies en kategorieë van dele (Odendal, 1972:61; vergelyk ook Chomsky, 1979:169-179).

Die kognitiewe teorie van taal veronderstel die hipotese (Menuyk, 1977:17) dat die linguistiese prosesse afhanklik is van nie-linguistiese prosesse. Verder word die aksent gelê op die semantiese ontwikkeling wat verduidelik word op grond van die verstandelike ontwikkeling.

Aanvanklik is die universele grammatika onderliggend gestel vir alle taalgedrag. Chomsky glo in die outonome sisteem van formele grammatika. Hierdie formele grammatika kan egter abstrakte strukture genereer wat geassosieer kan word met logiese vorme (Chomsky, 1976:43-44). Hierdie vorm is gepredestineer om in die stimulerende milieu en met interaksie van ander mentale vermoëns persepsie en betekenis daar te stel (vergelyk ook Fodor, 1975:55-97).

Bever (1970:279-311) beskou taal as 'n konseptuele en kommunikatiewe sisteem. Onderliggend aan taalgedrag sien hy die behaviouristiese impak van handeling in 'n sosiale taalomgewing en wel in samehang met die fisiologiese en verstandelike ontwikkeling van die kind. Uit die universele grammatika bestaan die vermoë om nuwe sinne uit ouer sinstrukture te skep terwyl gedragstrategieë die persepsie en produksie van sinne doeltreffender maak (Bever, 1970:312).

'n Kind leer die grammatikale strukture wat hy kan verstaan en wat met sy perseptuele sisteem geïntegreer is, makliker aan. Sinclair-de Zwart (1979:131-147) beskou dus 'n verwantskap tussen die linguistiese en 'n mentale grammatika, want saam met taal ontwikkel die perseptuele vermoë van die kind.

Olivier (1981:71-77) wys in sy artikel oor die taal en die begaafde kind op die ontdekking van die woord en die onbeperkte kreatiewe gebruik en ordening daarvan in sinne. Niemand kan oor betekenis beskik as hy nie genoegsame taalvermoë het om dit in woorde te vervat nie. Die taal is die afspieëling van ons ganse lewe.

Augustinus beskou taal as 'n prent, 'n afbeelding van 'n spesifieke objek; met ander woorde, elke woord is 'n naam (Baker & Hacker, 1980:33-34). In die latere werke van Wittgenstein beskou hy taal as 'n vorm van lewe en daarom is konseptuele strukture konvensioneel en deel van ons spesifieke lewensvorm se gestruktureerdheid (Baker & Hacker, 1985:238-243).

.

Die behaviouristiese teorie beskou taalverwerwing as die gevolg van die frekwensie van stimuli, nabootsing en versterking van response (vergelyk Bloomfield, 1933). Teen die agtergrond van bogenoemde teorie verduidelik Vorster (1977:6-9) die invloed van die spraak van moeders. Die taalaanbod van die moeder pas aan by die kind wat reeds daarvoor ryp is. Die taal is maklik gestruktureerd; geïdealiseerd en verduidelikend; korter uitings word teen 'n stadiger tempo met 'n hoër frekwensiestrek uitgespreek en die taal is konkreet (vergelyk ook Snow, 1979:235-249). Die kind se taal ontwikkel van 'n gekoer en gebabbel tot 'n eenfrasetaal en dan tot telegrafiese styl (Lyons, 1987:254-256). Geleidelik ontwikkel die kind die vermoë van rolspele, om in taal te konformeer, diskoers te voer en strategieë te gebruik (Menuyk, 1977:23-157).

Abstrakte denke ontwikkel geleidelik van kind tot volwassene (vergelyk die Bruner-Olivereksperiment, Anglin, 1970:83-93). In die taaldinamika-laboratorium is konkrete en abstrakte begrippe aan studente geles wat hulle onmiddellik in 'n woord of sinsnede moes definieer. Konkrete versamelname soos ge-reedskap het die woord hamer in 75% en pa in 5% na vore geroep. 'n Abstrakte begrip soos liefde is met 'n plek of 'n gesig in-

dividueel geassosieer en wel met 'n aangename gevoel. Hierdie woorde as instrumente moet egter vir alle taalgebruikers tog in mindere of meerdere mate dieselfde referent hê, andersins is woorde nie funksioneel nie (Anglin, 1970:6). Die volwassene moet voortdurend aktief en doelbewus effektiewe taalgebruik verbeter (Anglin, 1970:101) ter wille van suksesvolle benoeming.

Taalverwerwing in 'n sosiokulturele konteks word deur verskeie taalkundiges onderskryf. Hymes (1979:59-60) beskou die linguistiese vermoë in samehang met 'n kommunikatiewe vermoë. Die taalgebruiker leer om deur aanvaarde taalgebruik doelwitte met 'n sensitiwiteit oor te dra. Bruner (1979:63-98) beskou die moeder as taalinstrukteur en deur die aksie en interaksie word taal pragmaties aangeleer en grammatika verbeter.

Hierdie blootstelling aan sprekers kring uit en daarom ook die baie taalvariante soos aangeteken deur Bernstein en Labov. Bernstein beskou die ontwikkeling van taal in samehang met die sosiale klas waarin die kind grootword. Hoe laer die sosio-ekonomiese peil, hoe meer basies is die taal en hoe beter die sosiale omgewing hoe meer kommunikatief bedrewe is die kind (Bernstein, 1979:310-327). Labov, daarenteen, verskil van hierdie standpunt. Daar is geen verband tussen taalvaardigheid in die ghetto's en sukses in die klaskamer nie (Labov, 1979:339-341). Dit is verskillende omwêrelde met verskillende dialekte. Labov beskou in die artikel die straatkind se taal as soepel en kreatief in vergelyking met die pretensietaal van die middelklasbevoorregte (Vergelyk Bloom, 1970 wat die natuurlike ontwikkeling van taal by individuele kinders monitor.)

Die taal-in-konteksbeginsel is dus deel van die proses van taalverwerwing. Die taalsituasie kan dus die taalontwikkeling reguleer (vergelyk Bayer, 1977:102-109; Gregory & Carroll, 1978:1-11).

Hierdie studie gaan egter van die standpunt uit dat taalvermoë ingebore en eie aan die mens is. Die woord benoem konkrete objekte maar dra egter ook individuele en kollektiewe betekenis. Deur herhaalde oefening en suksesvolle aanbiedings in 'n sosiale interaksie word hierdie taalvermoë gestimuleer en word mentale strukture makliker in linguistiese strukture vergestalt. Kinders beskik oor 'n verbale vermoë, maar die verbetering daarvan hang ten nouste saam met die uitskakeling van psigiese en sosiale steuringe en terselfdertyd die kontak met nuwe bruikbare metafore (hierdie twee aspekte word weer bespreek in Hoofstuk 4).

2.2.1.3 DIE FUNKSIES VAN TAAL

Taal is volgens Wittgenstein benoemer van die werklikheid (Baker & Hacker, 1985:85-91). Verder is die woord veral die uitdrukking van 'n gedagte (Chomsky, 1979:88). Taal is veral kommunikasiemedium om doelwitte van die spreker suksesvol te enkodeer dat die hoorder korrek daarop kan reageer (vergelyk Ellis & Beattie, 1986:3). Deur hierdie kommunikasie met ander is taal ook essensieel vir sosiale integrasie en kontrole (Gray & Wise, 1959:25-26) en is taal die sosiale kode van 'n spesifieke werklikheid (vergelyk Halliday, 1978). Dit is ook 'n individuele instrument om mee te verstaan, te vermaak, te beïnvloed en aksie te bewerkstellig (vergelyk Gray & Wise, 1959:27-

28). 'n Spreker se taalvermoë word suksesvol op grond van sy hantering van taal in al bogenoemde situasies geëvalueer.

Taal word dus uitgebou deur leefervaring, vrye gebruik van die taal, aksies, naamgewing en benoeming en gebruik van woorde in verskillende kontekste. Slegs die woord verklaar die gebeure en nie die gebaar, teken, beweging, simbool, òf aksie self nie.

Dit kan dus aanvaar word dat taal eie aan die mens is en waarmee hy alle denke, gewaarwordinge, objekte, aksies en behoeftes formuleer. Hierdie verworwe vermoë kan verbeter word deur die mens in sy totaliteit en in sy besondere leefruimte te rig na gelang van sy doelwitte met die taal. Die taal gee die mens geen vaste strukture nie, maar 'n oneindige aantal moontlikhede wat elke persoon na gelang van doelwit, ontvanger en konteks, kreatief kan varieer. Hierdie proses kan nooit voltooi word nie.

2.2.2 DINAMIKA

Die HAT definieer dit as volg:

"Leer van die kragte wat beweging veroorsaak; kragteleer."

Dit sou goed wees om die term dinamika in pariteit met die term taal te bring; in die konteks van taal-in-beweging. Taal-in-beweging veronderstel verskuivende werklikhede wat op 'n gegewe oomblik in 'n gegewe ruimte sekere aksies, strategieë en uitinge eis om die spesifieke vloeibare werklikheid met sy fisiese, sosiale en psigiese implikasies te benoem, te manipuleer en te beheers. Die verbale en nie-verbale handeling moet die oomblik korrek kan benoem. Elke werklikheid eis sy eie verbale hantering en sy eie betekenis. Aangesien verskillende werklik-

hede mekaar opvolg in verskillende ruimtes en op verskillende tye, moet taal dinamies daarby aanpas. Die ervaring, betekenis en strukture wat vir die een werklikheid se benoeming suksesvol was, kan as referent geberg word en verder evolusionêr as aanpasbare struktuur by die volgende werklikheid aangepas word, alhoewel die nuwe werklikheid dalk ander betekenisinhoud, vorme en vaardighede veronderstel. Binne hierdie ontstaande dialektiek van nuwe werklikheid en die aangebore en aangeleerde beantwoording daarvan ontstaan konflik. Uit hierdie konflik ontstaan nuwe linguistiese data en aanbiedingswyses.

Verskillende werklikhede kan verskillende fisiese of mentale realiteite veronderstel. Die individuele taalgebruiker beskik oor 'n sekere biologiese, psigologiese en sosiologiese taalagtergrond en oor die vaardigheid van betekenisstrukturering en betekenisontleding. Die spreker is vanweë sy menslikheid tot taalverwerwing en taalvermoë gerig. Hierdie taalvermoë kan verbeter word deur natuurlike taalervaring op te bou, of deur skool- en tersiêre programme. Hierdie vermoë kan ook op 'n gegewe oomblik, in 'n periode so kort as agt ure, verbeter en gerig word. Dit vind plaas in deelnemende werkwinkelgroepe waar taalhandelinge in bekende praktykgerigte situasies, wat deel is van die leefruimte van die spreker, vir 'n spesifieke resultaat gerepeteer word. Die spreker word opgelei vir die gebeure en word onbewustelik aangemoedig deur response om die variante van woorde en konstruksies van sinne te toets. Deur die verruiming van die konkrete en abstrakte leefwêreld word die taal geëksploiteer om spesifieke taaleise wat aan hom gerig word, te beantwoord. Hierdie taalhandelinge of kommunikatiewe beweging van spreker na hoorder is evoluerend en sal verander

na gelang eise van die praktyk en konteks wissel. Dit is ook eklekties gerig deurdat die gegewene die taalteorieë as kragte vry kompilleer en aanpas om 'n spesifieke resultaat te verkry.

2.2.3 METODOLOGIE

Die term metodologie kan in samehang met die volgende komponente wat dit insluit verduidelik word.

2.2.3.1 WAT IS WETENSKAP?


Wetenskap is volgens Stoker (1961:136-137) soveel moontlike kennis wat geverifieer, gesistematiseer en tegniese-metodies versamel is. Die doel van die wetenskap kan bloot die wetenskap; humanitêre oorwegings; waarheid en diens en vanweë roeping of opdrag wees (Stoker, 1961:142-144).

2.2.3.2 DIE ONDERSKEIDING "METODE" EN "METODOLOGIE"


Metode word beskou as die manier van doen terwyl metodologie die leer van metodes is - met ander woorde 'n metode is 'n werkswyse en 'n metodologie die hele teoretiese fundering daarvan.

Botha definieer metodologie as volg: "The scientific knowledge established in a field of inquiry and the unsolved problems with which it is concerned constitute its substantive aspect. The techniques, methods and procedures used in the discovery and validation of this knowledge is represented collectively from its methodological aspect." (Botha, 1971:14.)

Metodologie



Metode:



Die vorige modelle is deur die navorser van die studie ontwerp en aangepas by die teoretiese beredenering van Stoker (1961:49-109) oor die wetenskaplike metodes en beginsels in die wetenskap.

By die analise van 'n metodologiese beginsel gaan dit om die presiese inhoud van die metodologiese beginsels; die beskrywing daarvan; bepaling van die beperkinge en moontlikhede van die beginsels (Botha, 1971:21). Stoker sien beginsels as dit wat begrend, maar nie bewys word nie (Stoker, 1961:29-33). Die evaluering van 'n metodologiese beginsel kan deur herdefiniëring, verklaring en evaluering geskied (Botha, 1971:22).

Du Plessis (1987:58) wys daarop dat die doelstelling en hipotese van 'n ondersoek 'n invloed het op die metodologie, terwyl Ashworth (1985:122-123) verduidelik dat metodologie wetenskaplik en waardeevry kan wees, maar dat tydens die opvoedkundige proses die mensbeskouing van die dosent en die sosiale milieu van die kind ook 'n impak het. Stubbs (1984:218-246) bespreek weer die probleme ten opsigte van die werklike wetenskaplike verkryging en sistematisering van data, aangesien diskoersanalises van die natuurlike taalgebruik van die spreker die wetenskapsobjek is.

2.2.4 TAALVAARDIGHEID

Dit is belangrik om etlike begrippe hier te verduidelik soos wat dit in die taalteorieë na vore kom. De Saussure as strukturalis (vergelyk Culler, 1977:8-10) maak die onderskeid tussen "parole" (taalgebruik, speech, Sprachgebrauch) en "langue" (taal, language, Sprache).

Dit is veral Chomsky wat duidelik 'n onderskeid maak tussen "competence" en "performance". "Competence" (taalvermoë) is 'n ingebore en aangeleerde sisteem en gee aan die spreker die vermoë om 'n onbeperkte aantal sinne te verstaan en te produseer. Daarenteen is "performance" (taalgebruik) die studie van taalgedrag en die wyse waarop die sisteem toegepas word (Chomsky, 1979:48-49).

Chomsky beredeneer ook die verband tussen taalkennis en kennis in die algemeen. Hy veronderstel ook dat wetenskaplike kreatiwiteit op twee faktore berus, naamlik verstand en 'n kombinasie van sosiale en intellektuele omstandighede (Chomsky, 1979:65-75).

In Taaldinamika gaan dit om die uitbouing van die taalgebruik van sprekers. Dit is egter so dat daar 'n duidelike korrelasie tussen taalvaardigheid en kennisgeletterdheid bestaan. Taalstudente wat in die taaldinamika-laboratorium vir 'n evalueringsmondeling feite moes oordra oor onderwerpe waarvan hulle die inhoudelike inligting beheers, het sonder voorbereiding sistematies feite oorgedra in kort, maar goed gestruktureerde sinne en met voldoende woordeskat, sonder veel lyftaal. Sodra dieselfde studente egter menings moes gee oor aangeleenthede verwyderd van hulleself, het hulle ondoeltreffend geformuleer en het hulle nie oor die terminologie beskik nie. Die nie-verbale het dan sterk na vore gekom.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat kreatiwiteit die vermoë van die mens is om die werklikheid wat momenteel bestaan, sinvol te

beheers deur aksies of woorde (vergelyk ander definisies ten opsigte van kreatiwiteit in Ritchie, 1978:66-86). Vervolgens is in die taaldinamika-laboratorium dan aangeneem dat fiktiewe werklikhede wat opgeroep word, verbale en nie-verbale handelinge rig en veral 'n spesifieke keuse van woorde. Deur die proses van taalverwerwing kunsmatig uit te bou deur die benoeming van 'n spesifieke werklikheid, word grammatiese strukture pragmaties en funksioneel deur die spreker vir die spesifieke realiteit verkies. Taaldinamika veronderstel dat die onbewustelike uitbouing van die mondelinge taalgebruik, die skriftelike taalgebruik verbeter.

2.3 TAALBESKOUING, TAALTEORIE, METODOLOGIE EN TAALTEGNIEKE

Die taalbeskouing en taalteoretiese agtergrond van 'n taaldosent bepaal in 'n groot mate sy metodologie en sy manier van aanbieding. Hierdie interafhanklikheid tussen taalfilosofie wat handel oor die wese van taal en die linguistiek wat taal en strukture bestudeer, word al hoe belangriker geag as gevolg van die praktiese implikasies wat taal vir die individu en gemeenskap het (vergelyk Searle, 1969:4; Fowler, 1974:19; Lyons, 1987:34; Hoofstuk 3).

Die mikrolinguistiek beperk taal tot die spesifieke struktuur van 'n taalsisteem sonder inagneming van die sosiale, kulturele, fisiologiese en psigologiese konsekwensies van taal. Daarenteen beskou die makrolinguistiek die taal in samehang met die spreker in sy totaliteit (Lyons, 1987:36).

Taalwetenskap kan veral in vier dissiplines verdeel word, naamlik die algemene linguistiek wat taalfilosofie insluit, beskry-

wende linguistiek wat die struktuur beoordeel, 'n afdeling wat menslike taalvaardigheid en taalgedrag evalueer, byvoorbeeld die fonetiek, psigolinguistiek en sosiolinguistiek en dan die toegepaste linguistiek wat praktiese gebruik en metodes impliseer. Die belangrikste beskrywende linguistiese skole is die historisme, strukturalisme, generatiewisme en funksionalisme (Lyons, 1987:216-235).

Tydens die 19de eeu was dit veral die beskrywende, vergelykende en historiese linguistiek wat deur Rasmus Rask, Jacob Grimm en Frans Bopp beoefen is (vergelyk Fowler, 1974:21).

Die strukturalisme maak 'n onderskeiding tussen die diachroniese en sinchroniese beskrywing van taal en konsentreer meer op laasgenoemde wat die taal veronderstel soos wat dit op 'n gegewe oomblik is. Ferdinand de Saussure sien taal as 'n linguistiese teken en 'n eenheid van betekenis en waarde, met sintagmatiese en paradigmatische onderskeidings (vergelyk Fowler, 1974:24-25). De Saussure maak ook 'n onderskeid tussen langue en parole (vergelyk par.2.2.4). Grammatika en taal word as eenheid beskou en die mens het die besondere vermoë om uitgebreide sinne te memoriseer. In teenstelling met langue en parole onderskei Chomsky tussen competence en performance. Onder competence verstaan hy die mentale grammatika, met ander woorde die taalvermoë van die mens en beklemtoon dus dat die taalvermoë en taalkunde glad nie sinoniem is nie (vergelyk Chomsky, 1979:97-98). Performance dui dan op die taalgebruik self (vergelyk par. 2.2.4). Bloomfield beskou taal as 'n interaksie tussen stimuli en response. Die sin is 'n onafhanklike linguistiese vorm (Bloomfield, 1933:170).

In teenstelling met die behaviourisme, is die mentalisme soos deur Chomsky voorgestaan (Wilkins, 1972:174-176). Die mentalisme sluit die generatiewe grammatika van Chomsky met sy generatiewe en transformasionele reëls in (vergelyk Chomsky, 1977:3-42). Belangrik is die onderskeiding tussen taalvermoë en taalgebruik met die aksent op eersgenoemde (vergelyk par. 2.2.4). In hierdie skool is daar ook die teenpool wat ook die semantiese, fonologiese en sintaktiese betekenis beklemtoon, in teenstelling met bloot die verabsoluttering van die sinstruktuur.

Die funksionalisme sluit die werksaamhede in van die Praagse skool, soos byvoorbeeld die werk van Firbas soos reeds in Hoofstuk 1 aangehaal. In die funksionalisme is daar egter ook die multifunksionele beskouing wat taal as uitdrukkingsmiddel met sosiale en konnotatiewe betekenis beskou (Lyons, 1987:226). Labuschagne (1966:95-109) beskou die proses van woordmaking as 'n logosering- en fonemiseringsproses. Die logos is "'n onstoflike, 'onsintuiglik-waarneembare', onaanskoulike iets." Verder beskryf Labuschagne dit as "'n geestelik-verworwe, geestelik-gekonstrueerde, eieaardlike synsding, 'n 'Ding-an-sich', iets wat ontstaan en bestaan na en in sy eie wesendheid in sy voorbeskikte eie reg." (Labuschagne, 1966:103-104.) Hierdie logos word in die studie met bedoeling verklaar. Labuschagne aanvaar spraak en spreektaal sekondêr aan taal (Labuschagne, 1966:107-110).

Nuwere taalteoretiese beskouinge gaan oor die toegepaste taalkunde en die verhouding wat bestaan tussen taal en gedrag.

Taal word beskou as handeling (Searle, 1969; Austin, 1962; Van Jaarsveld, 1987), as sosiale interaksie in 'n spesifieke situasie (Sapir, 1978; Halliday, 1975), as taal-in-gebruik (Du Plessis, 1985:20; Wybenga, 1987) en taal as diskoers (Stubbs, 1984; Wybenga, 1987).

In die klassieke tyd is Grieks as tweede taal van die Romeine hoofsaaklik mondeling van onderwysers en slawe geleer. Tydens die Middeleeue is die klem na Latyn verskuif en die taal hoofsaaklik deur die bestudering van die Latynse grammatika aangeleer. Hierdie twee benaderings van taalverbetering deur mondelinge taalgebruik en dan weer skriftelike vaardigheid tot hoogste prioriteit te verhef, is afwisselend as taalmetodieke deur dekades heen gebruik (vergelyk Wilkens, 1972:33-35).

Tydens die 19de eeu het verskeie taalmetodieke ontwikkel. James Hamilton het die induktiewe metode herontdek deur die bestudering van tekste. Seidenstücker het in 1811 'n publikasie geskryf waarin hy sinne gebruik en daaruit grammatikale aspekte aantoon. Karl Plötz (1819-81) het geglo dat taal deur reëls en paradigmas en deur die vertalings van eerste na tweede taal en vice versa aangeleer kan word. Daarenteen was Claude Marcel oortuig dat taal deur luister, lees en dan deur praat en skryf beheers word (Mackey, 1965:143).

In 1866 het Heness 'n private taalskool begin waar taal op 'n natuurlike wyse aangeleer kon word. Teen 1880 is aktiwiteit by taalonderrig geïnkorporeer. Gouin brei dit uit deur assosiasie van idees, visualisering, sintuiglike leer en aktiwiteit in alledaagse situasies, soos in Taaldinamika. "Each sentence was

to be acted out while it was being uttered." (Mackey, 1965:144.) Dit was hierdie direkte metode wat uitgebou is deur die beskrywende fonetiek. Viëtor begin by die gesproke woord, maar hierdie woord moes nie in isolasie gesien word nie, maar in sinsverband. Die fonetiese metode het in alliansie met Gouin se sieninge die direkte metode verder uitgebou. Die handboek is deur die onderwyser vervang en 'n moedertaalspreker is gebruik om die student te help om vokale en konsonante na te boots (Mackey, 1965:145).

In die 20ste eeu is die direkte metode verder uitgebou. Eers praat, dan lees en dan skryf. Klanke is geleer deur prente, definisies, gebare en ander inisiatiewe van die onderwyser. Die klem het op kontemporêre leesstof geval en metodes soos dramatisering, dialoog en gevorderde eksklusiewe aanbiedinge het voor op gestaan. Nie alle onderwysers kon die metode toepas nie en daar is meer en meer teruggegaan na woordeskat-oefeninge en formele grammatika. Dit het aanleiding gegee tot die eklektiese metode en méthode active wat die direkte metode en formele grammatika gekombineer het.

Dit het meegebring dat die lees weer gedomineer het in die taalonderrig en in die VSA is die "Grammar-translation Method" begrond. In teenstelling hiermee het eksklusiewe taal-bemarkers soos Berlitz "gespreksklasse" aangebied. Hierdie "new reform methods" het 'n te groot eis aan onderwysers gestel. "The abilities and ambitions of average pupils, not to mention those of the weaker ones, do not justify the demands made by the oral use of the language." (Mackey, 1965:148.) Hierdie beswaar word vandag nog deur die meer stereotiepe taal-

dosente geopper (vergelyk Bolinger, 1980:2). Die "reading-method" is vervang deur die "Army-method" tydens die Tweede Wêreldoorlog. Vreemde tale moes vinnig aangeleer word en Franz Boas, Sapir en Bloomfield het hier bydraes gelewer.

In die kleingroep is deur nabootsing en herhaling 'n nuwe taal van 'n moedertaalspreker geleer. Hierdie metode is verbeter deur die toevoeging van prente, kaarte, bande en films en die formele grammatika as 'n opsomming van die leergebeure. Taal is dus weer aangeleer deur die uitnemende aktiwiteit van die dosent en met hulpmiddels. In die opvoedkundige praktyk was klasse te groot vir so 'n intensiewe metode en die taallaboratorium is 'n verlenging van hierdie metode. Die beswaar van die kritici teen bogenoemde metodes was te min grammatikale kennis. Daar is dus verskeie metodes om taalvaardigheid te verbeter. Hier volg 'n kernopsomming en sistematisering van die metodes soos deur Mackey (1965:151-155) uiteengesit tot by 1965.

Metode

Eienskappe

1. Direkte metode

Alledaagse woordeskat. Grammatika deur situasie. Baie leerstof in een les. Mondelinge taalgebruik. Die konkrete deur objekte en die abstrakte deur assosiasie. Taalkunde deur visualisering. Luister en nabootsing. Baie lesingure. Begin by uitspraak.

- | | | |
|----|---------------------|--|
| 2. | Natuurlike metode | Vrae oor objekte en prente. Leer deur gevolgtrekkings. Eers luister, praat, lees, skryf en dan grammatika. |
| 3. | Psigologiese metode | Psigiese visualisering en assosiasie. Voorwerpe, diagramme, prente en kaarte verbind beeld met 'n woord. Eers mondeling dan grammatika en laaste lees. |
| 4. | Fonetiese metode | Taal deur gehoor. Klanke, dan woorde, dan sinne. Dialoog en verhale. |
| 5. | Leesmetode | Woordeskat in konteks, vertaling en prente. |
| 6. | Grammatikale metode | Reëls is belangriker as toepassing. Dit is wetenskap en dosent is passief. |
| 7. | Die vertaalm metode | Woord-vir-woord-vertaling en dan idiomatiese vertaling. |
| 8. | Grammatikale | Formele grammatika deur reëls, vertaalm metode, woordeskat, paradigmas en vertaling. Memorisering van woorde en nie uitspraak van woorde nie. |

- | | |
|--------------------------------|---|
| 9. Eklektiese metode | Kombinasie van direkte metode en grammatikale vertaalmetode. Praat, skryf, verstaan en lees. |
| 10. Die eenheidsmetode | 'n Klasonderwerp word gekies. 'n Voorbereide dialoog vind plaas. Onderwyser vertaal en leer een grammatikareël. Woordeskat vir die situasie word geleer. Grammatikale konstruksies word aange-teken. Leer deur assosiasie, her-haling en memorisering. 'n Induk-tiewe metode. Rolspele. Grammati-kale oefeninge word gegee. |
| 11. Taalkontrolemetode | Mondelinge en skriftelike oefe-ninge. Leer deur herhaling. |
| 12. Mimiek-memorisering | Dit gaan oor 'n demonstrasie deur 'n informant en dan herhaling. Taallaboratoriumoefeninge. |
| 13. Prakties-teoretiese metode | Praktiese modelsinne word ge-memoriseer. Daarna word dit foneties en struktureel ontleed. |
| 14. Verwante metode | Basiese woordeskat wat verwant is in vorm en betekenis aan die eie taal word eerste geleer. |

15. Dualistiese Ooreenkomste en verskille tussen metode eerste en tweede taal.
-

Na 1965 het verskeie taalmetodieke ontstaan en is oueres verbeter. Die strukturalistiese benadering met sy uitloper in die behaviourisme, bied die teoretiese fundering vir die oudiolinguale benadering. Hierdie metode veronderstel dat deur gereelde herhaling van stimuli en response positiewe versterking vir korrekte taalgebruik verkry word. Deur nabootsing en goeie terugvoering na sukses, word taal positief benader en geleer (vergelyk Van Els et al., 1984:26-27; Wilkens, 1972:174-176; Bennett, 1974:26-50). Die strukturalisme bestudeer ook in besonder die strukturele elemente van die woord en die sin deur diagrammatiese ontleding van die sintaksis. In Suid-Afrika is die strukturele, direkte en die oudiolinguale metode nog steeds gewild.

Die mentalistiese beskouing verskuif die klem van die prosedure na die kind. Deur blootstelling aan die taal en 'n maksimale herhaling van sinne en aktiewe taalproduksie, word sinne herstruktureer en foute reggemaak. Deur die aktiwiteit kom die kind onbewustelik tot die verstaan van die reël (vergelyk Van Els et al., 1984:27-30; Saporta, 1966:81-91). Die kognitiewe benadering wys weer dat die aanleer van 'n taal kreatiwiteit impliseer en nie gewoontevorming is nie.

In teenstelling met die behaviourisme en mentalisme bestudeer die funksionele metodes die funksies van taal en van die woord

in die sin. Halliday (1975) het die funksionele-interaksie-benadering vooropgestel. Taal het verskeie funksies om sekere doelwitte te bereik. Saam met hierdie funksies leer die kind ook sy moedertaal aan ter wille van betekenis. Die kontak met ander sprekers, ander omgewings brei sy betekeniskapasiteit uit. Taal moet dus geleer word in interaksie en rolspele en in sosiale konteks, want taal is 'n semiotiese kode (vergelyk Doughty et al., 1972:81-104). By die volwasse spreker is daar ook 'n behoefte om taal te verbeter, veral ten opsigte van sy register (Halliday, 1978:194-196). Die taalgebruiker wil sy register uitbrei, woorde herinterpreteer, nuwe woorde uit bestaande woorde vorm, leenwoorde en leenvertalinge gebruik, lokusies saamstel en sy eie neologismes maak.

Taal kan ook verbeter word deur verskillende analises. Deur 'n vergelykende analise tussen tale word daar geleer uit kontraste. 'n Taalstudent kan ook leer deur sy foute te analiseer, deur dit te identifiseer, te beskryf, te verduidelik, te evalueer en te korrigeer (Van Els et al., 1984:47; Corder, 1973:60-73). 'n Diskoersanalise kyk nie net na 'n woord of sin nie, maar na die hele teks. Dit gaan by 'n diskoersanalise nie om die grammatikale of nie-grammatikale nie, maar om die goeie of swak diskoers (Stubbs, 1984:102). Verder is daar ook die analise van spesifieke taalgebruik ten opsigte van die fonologiese, sintaktiese, leksikale en pragmatiese aspekte (Van Els et al., 1984:69).

'n Nuwere metodiek is byvoorbeeld die "threshold level" (Van Ek, 1976). Voordat taalvaardigheid ontwikkel word, word die funksies en nosies van die taal en taalgebruiker geëvalueer en

word die spesifieke standaard van die vereiste taalvaardigheid bepaal. Naas die oudiolinguale is die oudiovisuele (Bennett, 1974:53-76) en "structuroglobal method" baie eietyds. Laasgenoemde metode sluit 'n strukturalistiese benadering in, maar alle strukture word in die taalsituasie bestudeer. Die visuele aspek in die onderrigsituasie word beklemtoon en uitspraak geniet 'n hoë premie. Heel nuwere metodes is die "silent way method" van Cattegno, wat die instrukteur woordeloos en slegs operasioneel gebruik; "community language learning" van Curran en "suggestopedia" deur Lozanov wat die student met aangename impulse onbewustelik in die taal inlei (Van Els et al., 1984: 157; Oller & Richard-Amato, 1983). Die kommunikatiewe benadering beskou taal as 'n sosiale interaksie.

Beckett en Blacquiére (1983:48) spel dit as volg uit: "We would like to suggest that games provide a situation in which language learners can interact in simulated realistic circumstances which will provide them with a vocabulary and a fluency of linguistic manipulation that will equip them to cope ultimately with the real world."

Dit gaan egter nie net om die sosiale en kommunikatiewe aspekte van taal nie, maar om die taal wat sinvol en bruikbaar realiseer. Die pragmatiek laat val die klem op die rol wat die konteks speel tydens taalgebruik, die funksionele gebruik van die taal, die variasies in die verbale proses in samehang met die heersende situasie en die ongedifferensieerde strategiese inhoud van sinne (vergelyk Levinson, 1987:5). Dit gaan dus oor die wisselwerking van sosiale, kommunikatiewe en kognitiewe funksies en die vergestaltung daarvan in linguistiese vorme.

By die bestudering van taal, taalteorie, metodologieë en tegnieke gaan dit egter nie om die verabsoluttering van een metodiek nie, maar om al die insigte wat die verskillende tegnieke en metodieke vir die taal inhou. By taalaanbieding moet daar besin word oor die afdeling of faset van die taal wat aangeleer moet word. Vervolgens moet die taalstudent se taalontwikkelingspeil in ag geneem word en die eise wat sy besondere taalmilieu aan hom stel, getabelleer word. Die metodiek of kombinasie van metodieke wat vir die betrokke taalstudent korrek is, word in die daaropvolgende leer(taal)-handelinge toegepas. Dit gaan dus nie om die handboek, hulpmiddel, òf metodiek nie, maar om die wetenskaplike aktiwiteit van die dosent om die taalbehoefte en doelwitte van die student te definieer en te beantwoord.

2.4 WETENSKAPLIKE FUNDERING VAN TAALDINAMIKA

2.4.1 AGTERGROND VIR TAALDINAMIKA

Taaldinamika as dissipline van die vak Afrikaans het sy beslag gekry deur die aanbieding van Afrikaans deur die navorser van hierdie studie op eers sekondêre en toe primêre vlak (1970-1978). Die aanbieding van Afrikaans op sekondêre vlak het as verwysingsraamwerk gedien vir die remediëring van algemene taalfoute by senior klasse op primêre vlak. Die aksent het veral op die leksikale en die funksionele gebruik van woorde geval. Verder was die skole hierby betrokke in plattelandse, stedelike en industriële gebiede en die leerlinge verteenwoordigend uit verskillende sosio-ekonomiese strata. Die volgende sake het duidelik na vore gekom in aanbiedinge:

1. Daar is nie noodwendig 'n verband tussen die taalvaardigheid van 'n kind op 'n sekere tydstip en sy intelligensiekwosiënt nie.
2. Die huislike agtergrond het wel 'n invloed op die aanvanklike kwaliteit van aangeleerde taal, veral as die mondelinge taalgebruik met die algemeen-aanvaarbare uitspraak en register vergelyk word. Kinders is wel deeglik bewus van hierdie verskille.
3. Die taalterapeutiese fase, soos in Taaldinamika ingebou, is 'n deurslaggewende faktor vir verdere taalverbetering. Die idee van taal as instrument, "redder" en bemarker van die gebruiker is baie belangrik.
4. Groepkommunikasie, veral die kleingroep, verbeter die taal van die enkeling, aangesien laasgenoemde woorde ter wille van hulle intensiteit en aanvaarbaarheid in die groep gebruik. St. 4-leerlinge moes kopië skryf vir 'n produk en dan in kleingroepe repeteer om dit voor die grootgroep te bemark. Die effek van die skriftelike kommunikasie is dus pragmaties deur die mondelinge kommunikasie getoets. Verder is 'n paragraaf self geskryf en moes 'n leerling elke woord se woordsoortelike funksie benoem. Woorde is dus geëvalueer vir hulle praktiese plekwaardes in die sin.

Reeds vanaf 1982 is navorsing gedoen en in 1984 is die volgende navorsingsprojekte deur die navorser by die R.G.N. geregistreer:

1. Kan taalvaardigheid as basiese tegniek aangeleer word?
2. Utilisering van taallaboratoriumtegnieke vir uitspraak, denke en logiese formulering, kreatiewe skrywe en diskoersvoering.

3. Taalkommunikasie en oorredingstrategieë in 'n multiplekse samelewing.
4. Taaldinamika as vakwetenskap eie aan die technikon.

Dit was egter die eise vanuit die administrasie, akademie en bedryf wat die implementering van Taaldinamika in 1984 aan die Technikon Pretoria geëis het.

1. 'n Onderrigaanbieding, Spraak en Houding wat publieke redevoering impliseer, is in 1984 addisioneel aan die Departement Afrikaans van die Technikon Pretoria vir 'n meer akademiese inkleding vir eksamendoeleindes toegesê.
2. Verskillende akademiese skole aan die verskillende teknikon het die taalkursusse wat ingebou is in hulle leerplanne heroorweeg. Het 'n personeelbestuurder, toer-gids, tegnoloog in die fisiese en chemiese wetenskappe, of 'n ingenieur taal werklik nodig? Die meeste taaldosente het met reg geweier om enige aanpassings aan die leerplanne te maak, of taalstandaarde te verlaag.
3. Verder word die technikon se sukses in die bedryf gemeet. Firms dring aan op groter taalvaardigheid, terwyl taakomskrywinge vir sekere beroepslui verander. Die uitvoerende sekretaresse se funksie is nie net meer skriftelike vaardighede nie, maar haar werk sluit al meer 'n mondelinge komponent in. Die skakelbeampte bou die beeld van sy firma skriftelik, maar oorwegend mondeling in sosiale kontekste uit. Dit het nodig geword dat middelbestuur en topbestuur kursusse moes bywoon om in 'n kort bestek hul taalvermoë te verbeter ter wille van bevordering, want organisasies het toenemend besef dat goeie kommunika-

kasie produktiwiteit verhoog. Die bestaande oorwegend taalteoretiese kurrikulum kan nie in al bogenoemde behoeftes voorsien nie.

4. By die evaluering van 'n taalkursus deur die bedryf is die volgende vrae geopper. Is Engels as medium nie meer sinvol as Afrikaans in die sakesektor nie? Is kommunikasietegnieke nie beter as taalreëls nie?

Teen hierdie agtergrond is Taaldinamika vir een jaar in die Spraak- en Houdingperiode met toestemming getoets en die afgelope vier jaar in die Afrikaanse Departement self.

Taaldinamika is uitgebou deur eksperimentele aanbiedinge. Die eise van die praktyk moes onmiddellik beantwoord word en geen teorieë kon nagevors word nie. Elke kursus van agt uur is gemonitor en aan die einde geëvalueer. Slegs wat suksesvol was, is behou. Die probleemoplossingsprogram is vir ongeveer 5 300 studente aangebied en 1 287 studente en 98 kursusgangers se vordering is deur kontinue evaluering aangeteken. Die individuele hantering van woorde is veral in die taallaboratorium gemonitor en die korrelasie tussen taalvaardigheid en kommunikasievaardigheid is in die videolaboratorium aangeteken.

Taaldinamikakursusse is suksesvol aangebied. Akademiese resultate en mondelinge vaardighede het verbeter en addisionele skole het Taaldinamika aangevra. Die metodiek word deur sommige dosente nie net ten opsigte van mondelinge, maar ook op skriftelike kommunikasie van toepassing gemaak. Daar is 'n groter aanvraag vir kursusse vanuit die bedryf.

2.4.2 TEORIE VAN TAALDINAMIKA

Voordat Taaldinamika as metode teoreties begrend word, is dit noodsaaklik om sekere aspekte wat reeds in die hoofstuk bespreek is op te som. Aangesien raakvlakke ten opsigte van ander beskouinge reeds beskryf is, word slegs die skrywer se naam genoem by 'n teorie wat hy ontwikkel het. Uitgangspunte van Taaldinamika word ook genoem.

- * Taal is aangebore en wesenseie aan die mens (Chomsky).
- * Die taalgebruiker beskik oor 'n universele taalvermoë om 'n onbeperkte aantal sinne te genereer (Chomsky) maar nie ter wille van die daarstel van linguistiese strukture nie, maar ter wille van die verwoording van behoeftes en die benoeming van die werklikheid.
- * In stimulerende omstandighede word hierdie strukture (Chomsky), taalgebruik (Bernstein) en betekenis (Fodor) uitgebrei.
- * Die moeder is die taalinstrukteur wat taal en kennis op aanvraag van die kind as aanbod gee (Snow; Vorster). Taal is funksies wat verrig word (Halliday).
- * Taal is die instrument om die omwêreld te benoem en te begryp (Bolinger; Halliday).
- * Taalvaardigheid en kennisgeletterdheid is nou verbonde (Claassen; Smith, 1978:13-49; Chomsky).
- * Probleme ten opsigte van taalvaardigheid ontstaan as die aanvaarde model vir "beskaafde" taalgebruik verskil van die aangeleerde taal (Labov) en inhoude ontbreek.
- * Taalterapie is belangrik om die taalgebruiker te motiveer om taal inliggend en oorredend vir eie doelwitte te gebruik en nie wellewende pretensietaal en aangeleerde lyftaal na te boots nie.

- * Die oorsprong van die woord is logos (Labuschagne) of be-doeling. Hierdie logos en vorm ontstaan tegelyk (vergelyk Chomsky). Die werklike betekenis word egter duidelik tydens die spraakhandeling (uiting). Dit gaan nie net om die wat nie, maar hoe die wat uitgespreek word.
- * Taal realiseer eers wanneer dit interpersoonlik of intra-personaal uitgesê is.
- * In 'n spesifieke werklikheid of konteks word die taal aangepas by boodskap, ruimte, tyd en hoorder. Hierdie aanpassings rig ook die woordstruktuur (vergelyk ook Levinson ten opsigte van die pragmatiek).
- * Taal moet ook beskou word as 'n objek wat pragmaties gebruik kan word ook in 'n vraag-en-aanbodsituasie. Die taal wat ter sake is, is die taal wat nodig is vir 'n spesifieke situasie.
- * Die waarde van Taaldinamika lê daarin dat taal tydens 'n eksperimentele fase verbeter word. Tydens die taaleksperiment is die werklike taal die wetenskapsobjek (vergelyk Peirce in Smith, 1978.)
- * Dit gaan in Taaldinamika egter nie net om die pragmatiese elemente tydens die taalhandeling nie, maar ook om die semantiese. Die semantiese wat waar bewys is, word gestoor byvoorbeeld in kollektiewe begrippe en jargon.
- * Spesifieke tyd en ruimte stimuleer nuwe denke; veral die ruimte as 'n gegewene sonder interpretasie (vergelyk Peirce in Smith, 1978:58).

Dit is belangrik om Taaldinamika met die pragmatiek te vergelyk. Daar bestaan 'n verskeidenheid definisies van en voorveronderstellings ten opsigte van die term pragmatiek. Dit

word onder andere beskou as 'n funksionele perspektief wat linguistiese strukture bestudeer ten opsigte van hulle relasie met nie-linguistiese eienskappe en oorsake (Levinson, 1983:7).

Gazdar (1979:2) som dit as volg op:

"Pragmatics = Meaning - Truth conditions." Hy beskou die betekenis van 'n spraakhandeling as die verskil tussen die oorspronklike konteks en die nuwe konteks wat deur die uiting van die sin geskep word (Gazdar, 1979:5). In teenstelling hiermee beskou Taaldinamika die interafhanklikheid van bedoeling en uiting en laasgenoemde word deur 'n spesifieke konteks of werklikheid gestimuleer. In hierdie studie word werklikheid bo konteks verkies, aangesien konteks bestaande inhoude veronderstel en werklikheid totaal ontledig kan wees van struktuur of betekenis.

Die pragmatiek word soms dan ook net beperk tot die studie van die taalgebruik in 'n spesifieke konteks. Dit bestudeer die verhouding tussen taal en konteks wat gereflekteer word in die strukture van die taal self en in deiktiese terme ten opsigte van persoon, tyd, plek, diskoers en die sosiale (Levinson, 1987:54). Behalwe bogenoemde is dit deur die dekonstruksie van die mondelinge aanbiedinge in die taaldinamika-laboratorium bemark dat aksent en spreektempo tydens perlokusionêre handeling aangepas is om oorredend te beklemtoon; byvoorbeeld onvervángbaar word uitgespreek as ón/vervangbaar.

Taaldinamika werk binne die breëre beginsels van die pragmatiek, alhoewel verskille met die pragmatiek reeds aangedui is. Verder veronderstel dit ook die invloede van die sprekersre-

ferent, 'n spesifieke deiktiese sentrum met deiktiese projeksies; proksemiese verhoudinge tussen die deelnemers in 'n taalhandeling en die kronemiese aspekte ten opsigte van 'n bepaalde spraakhandeling. Taaldinamika is ook pragmaties in aanbiedingswyses, aangesien dit taal as verhandelbare produk beskou.

Taaldinamika werk op die dialektiese model van teorie en praksis. Laasgenoemde impliseer die taalbehoefte van die praktyk en die taalhandelinge van die individu, groep en gemeenskap, terwyl die teorie, die taalteorie en wetenskaplike uitsprake oor die taal vervat. In Taaldinamika word die praksis beklemtoon en dan die teorie, deurdat die teorie bepaal word deur die situasie. Dit veronderstel dus 'n ewoluerende dinamiek aangesien die veranderende praktyk die taalhandelinge beïnvloed wat deur die beskrywing daarvan weer by die teorie aanpas. Uit hierdie konflikontmoeting van onbeskrewe realiteit en beskrywende instrument ontstaan 'n nuwe taalwerklikheid.

Die taal kan soos ander sosiale handelingswetenskappe die sosiale beheers en meehelp tot die daarstel van 'n sosiale betekenis, behalwe dat die taal ook kollektiewe betekenisse benoem. Taaldinamika is verder eklekties aangesien dit alle teorieë en metodes na gelang van die situasieomstandigheid gebruik.

Taaldinamika beskou die mens in sy totaliteit en het 'n makrosiening ten opsigte van die linguistiek. Die vermoë tot taalverwerwing is ingebore en die moeder is die eerste informant in die linguistiese aanleerproses. Die verdere uitbouing van die

taal is driedimensioneel. Eers word die leefwêreld konkreet benoem deur onderwerpe en veral werkwoorde, daarna die pragmatiese vlak waardeur die spreker die taal manipuleer tot die bereiking van doelwitte en die derde vlak is die dieper gewaardwordinge van tekens en betekenisse.

Swak taalonderrig, gedistansieer van die totale mens oor 'n lang periode, veroorsaak 'n filter om taalvaardigheid te verbeter en daarom is taal terapie belangrik. Die spreker moet bevry word van teoretiese taaleise en moet die taal eerder gebruik as instrument om doelwitte te bereik. Volgens die taaldinamiese metode moet taal aangeleer deur die volgende fases: benoeming van die konkrete, die aanpas van woord by hoorders, tydruimtelike aspekte en konteks en die doelbewuste ontwikkeling van 'n eie idiolek. Bedoeling, woord, spraakhandeling, gebaar en appèl is die optelsom vir 'n boodskap of eksistensiële waarheid. Vervolgens het die spreker die manipulerende mag en nie die ontvanger nie. Die kleingroep, sinvolle aktiwiteit, kontemporêre boodskappe en eietydse persepsies en positiewe respons, is belangrik vir leer. Deur eie beeld en boodskap in die video- en taallaboratorium te dekonstrueer word taalvaardigheid verder geremedieer en verbeter.

Daar is dus nie universele strukture nie, maar kommunikatiewe strukture, want die sukses van die taalstruktuur word nie gemeet aan sy linguistiese orde nie, maar aan sy kommunikatiewe en effektiewe impak op die hoorder. Dit gaan in Taaldinamika eerstens om die woord en dan om die sintaktiese struktuur. Die taaldinamiese beginsel word gebruik om die taalvermoë en -vaardigheid te verbeter tot die absolute - daarom is

hierdie proses nooit afgehandel nie. Vervolgens moet Taaldinamika in die eerste taal aangebied word, want die stimulus tot bemeestering kan slegs hier plaasvind.

2.5 OPSOMMING

Die aanbieding van Taaldinamika is geïnspireer deur die eise vanuit die praktyk wat suksesvol beantwoord moes word. Taaldinamika is as taalaanbod ekonomies en beroepsgerig aan die bedryf bemark (vergelyk Hoofstuk 3). Deur eksperimentele aanbieding, sonder inagneming van enige ander model of teoretiese benadering, is hierdie metodiek ontwikkel en word dit nog steeds uitgebou om aan te pas by die spesifieke taalaanvraag van 'n betrokke spreker.

Taaldinamika aanvaar dat die mens oor 'n aangebore taalvermoë beskik. Hierdie latente vermoë tot taal word geaktiveer deur die blootstelling aan nuwe werklikhede en kommunikatiewe handeling. In taaldinamikakursusse is aangedui dat die pragmatiese en toepaslike inkleding van 'n werklikheid die gebruiker rig om 'n spesifieke rol met behulp van die taal te vervul. Die aanpassing van die taalgebruik van die spreker om aan te pas by gedefinieerde hoorders en werksituasie, het noodwendig 'n invloed op die taalstruktuur self.

SITUASIEANALISE EN GEVALLESTUDIES OP MIKROVLAK

3.1 INLEIDING

Hierdie studie veronderstel dat taal 'n verhandelbare produk is en dat taaldinamika as probleemoplossingsmodel die teorie en praksis kan versoen. Die voortdurende, veranderende praktyk wat veral die sakewêreld veronderstel, gaan veranderinge ten opsigte van die taalaanbod rig. As geesteswetenskap kan die taalaanbod nie pragmaties en willekeurig verander word nie, maar kan ook nie sonder aanpassings by gereguleerde reëls volstaan nie. Die skriftelike kode dien as notule van die gebeure en kan daarom meer streng by reëls aangepas word. In teenstelling met die skriftelike kommunikasie egter moet die mondelinge kommunikasie die veranderinge benoem. Soos in Hoofstuk 1 aangedui, word 'n hoë premie op die gesproke woord geplaas, want die media verhef die spreektaal nou tot notule.

3.2 TEORETIESE AANBOD AS GEGEWENE

3.2.1 AANBOD VAN DIE SKOOL

Die strukturele taalbeskouing het steeds 'n belangrike invloed op Afrikaanse onderrigmetodes en -inhoude. Die besondere doelstellings van die TOD se Afrikaanse kurrikulum (soos amptelik uiteengesit in sillabusse) is luistervaardigheid, praatvaardigheid, skryfvaardigheid en leesvaardigheid en nie noodwendig in dié volgorde nie. Taal word "gedifferensieerd" aangebied en die benadering in die klassituasie is eers die taalgebruiksvaardigheid en dan die studie van die taalstruktuur. "'n Studie van die taalstrukture en letterkunde behoort allereers te

lei tot die verbetering van die leerling se algemene taalgebruik, en daarna tot die uitbreiding van die taalwetenskaplike insig in Afrikaans as sodanig." (TOD-sillabus vir Afrikaans eerste taal.) Selfwerkzaamheid, differensiasie in aanbiedingswyse en die ontwikkeling van konvergente denkhandelinge word sterk beklemtoon. Tegnieke soos vertelling, dialoog, klasgesprek, groepwerk, eksemplariese en demonstrasietegnieke word bepleit. Die induktiewe en deduktiewe metodes moet gevolg word. Die kontekstuele benadering is vanaf 1982 gepropageer wat impliseer dat uit 'n gegewe teks alle taalaspekte geleer word.

Mondelinge werk word sterk aanbeveel ook by stelwerk, leesonderrig en letterkunde, maar 'n spesifieke tyd wat daaraan bestee moet word, word nie voorgeskryf nie.

Gematrikuleerdes se mondelinge vaardigheid (taalgebruik, inhoud, aanbieding) word jaarliks in die taaldinamika-laboratorium geëvalueer. Dit blyk dat die mondelinge vaardigheid en kennisgeletterdheid van die Afrikaanse student in vergelyking met die Engelse student nie na wense is nie. Toesprake is ideologies, godsdienstig en sosiaal-maatskaplik ingeklee en is duplikate van mekaar ten opsigte van siening, geykte taal en liggaamsprojeksie. Deur bloot lesings in openbare redevoering aan te bied, het die mondelinge vaardigheid nie drasties verbeter nie. Die volgende aanduidings bestaan en kan verder nagevors word:

- * tegnieke om mondelinge vaardigheid te verbeter het nie noodwendig in die skool geslaag nie;

- * die hou van formele toesprake is nie effektief vir die verbetering van taalgebruik nie;
- * inhoud, aanbieding en taalgebruik is verwant;
- * aanbiedinge is baie stereotiep en ideologies, by 'n gebrek aan 'n eie verwysingsraamwerk.

3.2.2 AANBOD VAN DIE UNIVERSITEIT

Aan universiteite word baie aandag aan die strukturele eienskappe van taal, soos die fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale aspekte gegee. Die sosiale impak van die taal word veral deur die variasietaalkunde bestudeer. Die universiteit is veral gerig op die taalteoretiese insigte, aangesien die behoefte van taalstudente aan 'n universiteit meer taalwetenskaplik van aard is en daar 'n duidelike behoefte aan spesialisasie en belangstelling in verdieping bestaan. Dit is egter so dat baie studente verpligte taalkursusse aan die universiteit moet bywoon om algemene taalvaardigheid te verbeter. Die doelwitte van hierdie studente is meer van praktiese aard.

3.2.3 AANBOD VAN DIE TECHNIKON

Die taalaanbod van die technikon sluit ten nouste aan by laasgenoemde. Taalopleiding aan die technikon veronderstel 'n mondelinge en skriftelike vaardigheid wat toepaslik is vir die bedryf. Die inhoud van 'n taalkursus impliseer die kommunikasie-teorie, taalteorie, veral die taalreëls, korrespondensie, verslagskrywing, terminologie, vergaderingprosedure en 'n mondelinge periode. Dit is egter so dat die aksent op skriftelike kommunikasie en veral op die formele grammatika geplaas word. Bisschoff (1988) bewys in 'n ongepubliseerde verslag dat die volgende resultate na een jaar opleiding behaal is:

Afdeling	Kontrole Jan. '87 (standaard)	Kontrole Okt. '87 (standaard)	Pres- tasie
Spelling	54,0%	62,4%	+8,4%
Teoretiese aspekte	10,2%	30,2%	+20%
Woordeskat	65,7%	65,5%	-0,2%
Stelwerk	54,3%	56,4%	+2,1%

Januarie 1987 slaag 33,3% studente die kontroletoeets met 'n gemiddeld van 47,1%. Oktober 1987 slaag 75% dieselfde toets met 'n gemiddeld van 56,9%.

In aansluiting by bogenoemde is die volgende gegewens ook aangedui in die taaldinamika-laboratorium. Navorsing word gedoen oor die vraag of taalvaardigheid as 'n basiese tegniek aangeleer kan word. Studente kan taalreëls, skriftelike vorme, soos die verslag, korrespondensie, vergaderingprosedure en kort kernagtige kommunikasie aanleer. Die verbetering van die stelwerk en woordeskat berus egter op 'n verbetering van inhoude, met ander woorde kennisgeletterdheid. 'n Voorlopige aanname kan gemaak word dat studente terme en skryfwyses aanleer as dit gekoppel word aan werklike situasies en aksies. By die beantwoording van die begripstoets kan die vraag- en antwoordtegnieke verbeter word, maar die bekwaamheid van 'n student om insigvrae te beantwoord, bly konstant.

3.3 TAALSITUASIE AAN 'N TERSIÊRE INRIGTING SOOS DIE TECHNIKON

Die taalonderrig aan die technikon moet teen die volgende agtergrond beskou word:

- die tale is diensdepartemente van bedryfskole;
- hierdie skole bepaal die aantal studente, periodetal, periodetyd en leerruimte;
- die betrokke skole het die outonomieit om te eniger tyd leerplanne te hersien en die taal se standaard te verlaag of die taal as verpligte vak uit te skryf;
- die taal word oorwegend in die eerste jaar aangebied en die sukses van die taalonderrig word in die derde en vierde jaar tydens die student se indiensopleidingsjaar in die bedryf en beroep getoets;
- die bedryf het dus ook eise wat dit aan die taalonderrig vir 'n sekere beroepsgroep stel;
- in 'n veranderende Suid-Afrika, sosiaal-ekonomies en tegnologies besien, is geen behoefte permanent en geen leerplan vir langer as twee termyne doeltreffend nie;
- soos alle ander tersiêre instansies is die technikon ook vasgevang in gereglementeerde strukture en reëls en is akademiese besture nie altyd by magte of bevoeg om taal-teorie met die eise vanuit die praktyk te versoen nie;
- personeel wat slegs geskool is in die teoretiese is soms nie bereid en kan nie praktykskakeling en marknavorsing suksesvol doen nie. Soos reeds in Hoofstuk 2 bespreek (vergelyk Bolinger, 1980:1-9), is daar by taaldosente ook die bewuswording van mislukking ten opsigte van die leer van taalvaardighede aan studente, en dit word deur 'n al groter premie op grammatika te plaas, besweer;
- die vak Afrikaans word ook in 'n multikulturele land nie net aan blanke eerste- en tweedetaalsprekers aangebied nie, maar aan alle bevolkingsgroepe;

- as studente in gebreke bly om tegniese kursusse te slaag vanweë die taalkursusse, word vanweë te min geskoolde mannekrag in die bedryf, oorweging gegee aan die uitskakeling van taalkursusse;
- die subsidiestelsel kan ook die verlaging van akademiese standaarde teweegbring as gevolg van die strewe na groter studentegetalle;
- hierdie studente word verplig tot taalkursusse en die gemiddelde simbool vir Afrikaans in matriek vir technikonstudente 1987 was 'n D;
- die taalhouding van die studente is aanvanklik negatief. Afrikaanssprekendes voel dat Afrikaans reeds op skool goed geleer is en dat hulle nie die taal, veral taalteorie ooit weer gaan gebruik nie. Slegs 41,1% van die ESSA's (blanke Engelssprekende Suid-Afrikaners) voel dat Afrikaans belangrik is en slegs 22,7% tussen die ouderdom 18 - 24 jaar wend 'n poging aan om hul Afrikaans te verbeter (Webb, 1979:47). ESSA's is ook geneig om Afrikaans teenoor hul minderes te gebruik en Afrikaans het blykbaar slegs 'n funksionele waarde vir ESSA's en nie juis 'n prestige-waarde nie (Webb, 1979:47). By ander bevolkingsgroepe is daar ook nog politiese en ideologiese belemmeringe;
- teknikondosente probeer die situasie intern beantwoord en dit veroorsaak in baie gevalle 'n groter verwydering van die aanvrae uit die bedryf.

3.4 PRAKTIESE AANVRAE AS 'N GEGEWENE

Uit gestruktureerde onderhoude, navorsing, taalseminaar en marknavorsing is die volgende behoeftes gedokumenteer:

- die bedryf eis taalvaardigheid en definieer taalvaardigheid as die vermoë om situasies te omskryf, konflikte te ontloot, nuwe doelwitte te verwoord en nuwe ideologieë te kodeer;
- skriftelike en mondelinge vaardigheid word vereis ten opsigte van verslagskrywing en -lewing, kort boodskappe, persverklarings en bemarking en oorreding ten opsigte van teikengroepe;
- indiensopleiding vra dat taalprogramme so opgestel moet word dat taal in 'n kort bestek verbeter kan word;
- kommunikasievaardighede en die daarstel en gebruik van media moet in bogenoemde kursusse geïnkorporeer word;
- dit gaan om die stryd om die meer funksionele teken; hetsy Afrikaans, of Engels.

3.5 TAALSITUASIE IN DIE BEDRYF - GEVALLESTUDIES

3.5.1 KURSUSSE IN DIE BEDRYF

Die technikon het 'n verdere taak deur gereeld beroepsgerigte kursusse in die praktyk te gee. As barometer vir die tegnologiese en tegnologiese gemeenskappe moet die technikon ook ten opsigte van die taalonderrig met kreatiwiteit probleemareas definieer en beantwoord. Die taalonderrig moet praktykgerig, sonder kulturele differensiasie, met gemeenskaplike bedryfs- en nasionale doelwitte vir 'n multiplekse samelewing aangebied word. Hoë produktiwiteit en doeltreffende tydsbenutting is essensieel.

Topbestuur, middelbestuurgroepe en werkers word gestuur vir kort kursusse vir so kort as agt uur om taalvaardighede en kommunikasievaardighede te verbeter. Onder taalvaardighede ver-

staan baie banke, firmas en institute dat persone die volgende moet kan doen:-

Topbestuur - die gesproke woord is dominant. Mondelinge vaardigheid word as essensieel beskou vir beeldbou van die firma, intern en ekstern. Doelwitte kan duideliker uitgespel word en motivering van personeel is doeltreffender. Dit gaan nie hier om kommunikasievaardighede nie, maar om taalinhoude. Tydens 'n onderhoud oor die radio of televisie is liggaamstaal sekondêr, maar die woord is primêr en permanent.

Middelbestuur - die middelbestuurder moet vertikale, horisontale en diagonale kommunikasie in die firma verbeter. In die kleingroep moet hy/sy beleid formuleer, opdragte gee, motiveer en konflikte ontloot. Die klem is nog steeds op mondelinge taalgebruik, maar hierdie persoon moet ook duidelik notuleer, verslae skryf en memorandums opstel.

Junior personeel en werkers - hier word tweeledige vereistes gestel. Junior personeel moet opgelei word vir middelbestuursposte, ten opsigte van terminologie, korrekte register en basiese skriftelike kommunikasie. Die gewone werker moet leer om opdragte reg te begryp en duidelik probleme te definieer. Taalwellewendheid en die bewus wees van taalgebruik as die verknikker van sosiale stand is in hierdie kursusse belangrik.

Probleme wat met hierdie kursusse ondervind word ten opsigte van Afrikaans is soos volg:

- personeel het rigiede gedagtes dat taalvaardigheid net vir taalkundiges beskore is;

- taal is vir hierdie persone moeilike sinskonstruksies en vreemde woorde ;
- topbestuur bevraagteken die relevansie van Afrikaans en beskou Engels as die betroubare medium. Ses uit die ses direkteure van 'n toonaangewende staatsinstelling met 'n groot impak op die bedryf wou hulle taalvaardigheid en kommunikasievaardigheid in Engels verbeter, al was hulle graad van tweetaligheid uitstekend;
- veral topbestuurslede ervaar verwarring, aangesien 'n verskeidenheid kommunikasietegnieke en oorredingstrategieë geensins help om hul boodskap in eenvoudige logiese taal oor te dra nie;
- goeie taalgebruik is die deurslaggewende faktor wat verdere bevordering gaan bepaal, tog is daar geen vertroue in eie konstruksies nie, en soek bedryfsleiers geskrewe taalmodelle om aan te leer en te memoriseer.

3.5.2 INDIVIDUELE PERSONE

'n Afdelingshoof van 'n groot instansie moet byvoorbeeld 'n nuwe patent aan die mynboubedryf bekend stel. Die persoon se vakkennis is uitstekend, hy is perfek tweetalig, die skriftelike voorlegging is puik, strategieë is uitgewerk en audiovisuele tegnieke is skitterend en hy kom redelik selfversekerd voor. Die voorlegging word skriftelik aanvaar, maar by mondelinge voorlegging daarvan word dit verwerp, omdat die persoon ongeloofwaardig blyk voor te kom en onsekerheid by die hoorders ontstaan het. Hierdie persoon word individueel gestuur om 'n voorlegging voor te berei in 'n kwessie van vier ure om dit te gaan herhaal. Hierdie persoon is gemotiveerd, want nie alleenlik hang die patent, maar ook sy toekomstige bevordering van sy


prestasie af. Die taaldosent moet nou die probleem definieer en remedieer.

3.6 AANVRAAG EN AANBOD BY TAALPROGRAMME

By 'n ontleding van 'n aanbod- en-aanvraagsituasie is dit maklik om raakvlakke, verskille in behoeftes en doelwitte van deelnemers, of 'n kreatiewe interaksie te bepaal. Om laasgenoemde interaksie te bewerkstellig is dit belangrik dat daar skakeling tussen tersiêre inrigting, student en bedryf moet wees. Hierdie spanningsveld tussen inrigting, bedryf en student genereer eksperimentele navorsing en is bevrugterend vir die teoretiese fundering en die praktiese toepassing.

Die individu wat die taalvaardigheid besit om duidelik te verwoord, skakel onproduktiewe tyd uit tussen die persepsie van 'n idee en die realisering daarvan in die praktyk en bekom geloofwaardigheid in die werksituasie. Daar bestaan 'n relasie tussen 'n persoon se kommunikasievermoë, sy selfvertroue en selfdissipline en die spoed waarmee hy werk verrig, praktiese ondervinding verwerf en die volwasse benadering van probleme (Rankin, 1980:15). Dit is dus belangrik om ter wille van die student pragmatiese eise en akademiese aanbiedinge te versoen. Daar moet gereeld marknavorsing in die bedryf gedoen word om op hoogte te bly met nuwe tegnologiese veranderinge, bemarkingsstrategieë, aanvrae en terminologie. Terselfdertyd moet die bedryf aanvaar dat verlaging van standaarde of 'n te ongedefinieerde kurrikulum die akademiese geloofwaardigheid van die tersiêre inrigting skaad. Gereelde seminare om aanvraag en aanbod in harmonie te bring, kan produktiwiteit verhoog. Dit word deur Rankin (1980:7) skematies as volg voorgestel.

ILLUSTRATING THE TRIPARTITE NATURE OF CO-OP/SANDWICH EDUCATION PROGRAMMES TOGETHER WITH THE RECIPROCAL ADVANTAGES THAT ARISE.



CO-OP./SANDWICH EDUCATION IS NORMALLY UNDERSTOOD TO MEAN THE INTEGRATION OF ACADEMIC THEORY WITH PRACTICAL EXPERIENCE. IT IS ACHIEVED THROUGH STUDENTS UNDERTAKING SPECIFIC PERIODS OF PLANNED AND RELEVANT EMPLOYMENT INTERSPERSED WITH SPECIFIC PERIODS OF ATTENDANCE IN THEIR UNIVERSITY/COLLEGE LECTURE THEATRES. SUCCESS COMES ONLY FROM THE CLOSE AND CONTINUOUS COLLABORATION OF ACADEMIC AND INDUSTRIAL PERSONNEL.

Dit is belangrik om gereeld die sinvolheid of praktykgerigtheid van veral praktiese taalkursusse en kursusse aan die bedryf te herevalueer. Die volgende is 'n produktiwiteitsmodel wat vir die doeleindes van 'n taaldinamikakursus gebruik word.

INSET

Omskeppingsproses
kwalitatief &
kwantitatief

UITSET

Insette :

Mannekragbenutting

tyd bestee

geld bestee

fasiliteite daargestel

navorsingstyd

administrasie

oudiovisuele hulpmiddels

Resultate :

Hoër vlak

teoretiese insigte

in taal en taal-

strukture

Standaardvlak

bedrewenheid in

skriftelike kom-

munikasie

Standaarduitspraak

Woordkeuses (korrekte)

Logiese denke en for-
mulering

Appèl

Kommunikasievaardigheid

Vermoë om taal oorredend
te gebruik

Ontwikkeling van eie styl


Praattaal en lyftaal in

korrelasie

Produktiwiteit veronderstel dat daar 'n positiewe verhouding tussen insette en uitsette sal wees. 'n Taalaanbod moet die doelwitte wat dit veronderstel in werklike aanbiedinge of resultate realiseer. Hierdie aanbiedinge moet egter in verhouding wees met die behoeftes van die bedryf en/of taalkliënte. Die sukses van 'n taalkursus kan deur sy verkoopwaarde, met ander woorde aan sy aanvraag deur die praktyk gemeet word.


Dit is belangrik om die wisselwerking tussen aanvraag en aanbod te verduidelik. Gewoonlik is daar 'n behoefte of aanvraag wat dan die daargestelling van 'n nuwe aanbod/produk stimuleer. Afrikaans as taalaanbod aan die praktyk kan egter so positief bemark word, dat die sukses van die aanbod latente behoeftes in die praktyk kan stimuleer.

Taalkommunikasie by die individu kan volgens Van Els et al. (1984:15) skematies so voorgestel word:



	Language production	Language comprehension
Oral language behaviour	speaking	listening
Written language behaviour	writing	reading

Variante van taalgedrag (Van Els et al., 1984:15)



Hierargiese beskrywing van taalgedrag (Van Els et al., 1984:18)


Die toetsing van taalvaardigheid kan geskied deur die diskrete benadering wat elke komponent toets of deur die geïntegreerde benadering wat veronderstel dat taaluitnemendheid in die algemeen getoets word (vergelyk Oller, 1977:275-296). Stubbs (1986) leer en toets deur diskoersanalises. In die taaldinamika-laboratorium is bevind dat kursusgangers se taalvaardigheid nie net deur die geïntegreerde gebruik van audiovisuele hulpmiddels verbeter kan word nie, maar ook getoets kan word. Deur 'n video-opname (beeld en klank) tydens 'n besprekingklas te monitor, kan die volledige kommunikasieprosesse gedekonstrueer word. 'n Personeelbestuurder se korrespondensie om personeel te motiveer kan skriftelik voorberei word. Die werklike oordingsprosedure kan visueel gedekonstrueer word. Die dikteer van briewe in die taallaboratorium kan foute veral ten opsigte van die sintaksis uitskakel (vergelyk Green, 1975:66-104 en Lonergan, 1984:11).

In 'n pragmaties-georiënteerde mark moet toetsing krities geëvalueer word en in verhouding met die terugvoering vanuit die praktyk beskou word. Vanweë duur insette moet die uitsette verhandelbaar aan die praktyk wees. In 'n marksituasie word standarde nie verlaag nie, maar weliswaar in pariteit met ander ontwikkelende prosesse gebring.

3.7 DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE TYDENS TAALSITUASIES


In 'n opvoedkundige milieu bestaan daar egter 'n driehoeksverhouding tussen taalstudent, taaldosent en taalsituasie (vergelyk die volgende model van Tucker, 1978:205).

TUCKER/Implementation of Language Teaching Programs



In 'n samelewing waar die status quo ekonomies en polities gehandhaaf word, is so 'n model eietyds. In Suid-Afrika egter moet addisionele doelwitte by die implementering van taalprogramme ingebou word. Hierdie doelwitte impliseer die verhouding tussen die behoeftes van die taalkliënt en hoe dit met die doelwitte van die samelewing in verband gebring kan word. Die taalinstrukteur is tydens hierdie proses die kreatiewe reguleerder van die proses. Hoe korter die tyd van opleiding, hoe minder geleentheid vir ander inhoude as taalinhoude.

Raakvlakke en verskille kan as volg voorgestel word:



(Vergelyk Strevens, 1978:183 vir 'n ander vertolking van bogenoemde.)

Die enigste ooreenkoms wat 'n raakvlak kan wees, is dat beide in dieselfde groter samelewing of fisiese werklikheid leef. Die taalinstrukteur kan poog om deur die taalterapeutiese fase die taalbeskouing van die taalkliënt te suiwer vir taalopleiding. Vervolgens kan die taalinstrukteur hom weer laat lei deur te reageer op doelwitte wat die kliënt belangrik ag. Die enigste maatstaf by toetsing is of die doelwit bereik is en is dit sinvol vir die werklikheid waarin dit toegepas moet word.

3.8 VOORVEREISTES VIR LEER

Die taaldinamikamodel stel die volgende voorvereistes vir leer:

- 'n beroepsanalise van studente/kursusgangers en individuele persone is noodsaaklik;
- die taalstudent moet in sy menswees holisties gesien word;
- elke student ontvang 'n vorderingskaart veral by kursus-groepe en individuele gevalle;
- die groep bepaal die leerdoelwitte;
- die leeromgewing moet so eenvoudig moontlik opgestel wees, want die mens is sentraal en nie die oudiovisuele hulpmiddels nie;
- kleingroepe is die doeltreffendste;
- die persoonlikheid, taalvaardigheid en kommunikasievaardigheid van die taaldosent is deurslaggewend, want as daar met die taaltegnieke van die dosent geïdentifiseer kan word, is sukses gewaarborg;
- geen handboeke, opsommings, ensovoorts is nodig nie;
- 'n vraag-en-aanbodsituasie moet deurgaans gehandhaaf word;

- taallaboratorium, videolaboratorium en teoretiese kennis word natuurlik geïntegreer;
- die geloofwaardigheid, verskeidenheid, bruikbaarheid van die medium Afrikaans word deurgaans gesuggereer;
- die student gaan niks byleer nie, maar die taal wat hy onbewustelik reeds verwerf het, gaan ontgin word.

TAALDINAMIKA AS PROBLEEMOPLOSSINGSMODEL

4.1 INLEIDING

Nadat bemarking afgehandel is, of 'n aanvraag uit die praktyk ontvang is, sluit 'n taalinstrukteur met taalkliënte 'n transaksie ten opsigte van 'n taalvaardigheidskursus. Taalkliënte is selfgemotiveerd of verplig tot 'n kursus, terwyl die taalinstrukteur verplig is tot resultaatlewering en nie net tot dienslewering nie. Aan die begin van 'n kursus stel die taalkliënte doelwitte op wat tydens so 'n kursus bereik moet word. Elke kursus sal anders daar uitsien, aangesien doelwitte wissel. Hoofstuk 2 is 'n teoretiese begronding van so 'n kursus en in hierdie hoofstuk sal net raakvlakke met die teorie aangedui word. Dit gaan dus in hierdie hoofstuk om die inhoud van sodanige kursusse en is ook daarom meer populêr geskryf. Ter wille van die duidelikheid is dit belangrik om aan te dui dat alle inligting in die taaldinamika-laboratorium deur die opsteller van hierdie studie self versamel is en wel deur eksperimentele aanbiedinge en evaluering van kursusse in die praktyk.

4.2 TAALTERAPIE

4.2.1 INLEIDING

Slegs die mens is gestruktureer om taal te besit en te gebruik en deur middel van die taal bou die mens vir hom 'n arsenaal van terme op, benoem hy wat hy leer en is dit 'n instrument om sy gedagtes mee oor te dra aan ander.

Dit is interessant dat 'n sesjarige kind wel 'n verslag van gebeure kan gee, maar dat 'n tiener wat reeds geskool is in moei-

like sinskonstruksies op 'n dag nie logies en gemaklik iets kan vertel nie. In die taaldinamika-laboratorium is opgemerk dat studente wat totaal introvert is en weier om aan enige mondelinge kommunikasie deel te neem wel 'n kindersprokie aan 'n kleingroep kan vertel as die hoorders hulle voordoen as 'n kleutergroep. Dieselfde student kan egter nie logies iets meer as 'n enkele sin oor sy/haar huis, instansie, vakkeuse, ensovoorts vertel, as dit nie eers deeglik skriftelik voorberei is nie.

Daar is twee redes hiervoor:

1. Die student het nie nuwere terminologie haar/sy eie gemaak nie en woorde en sinsnedes ontbreek eenvoudig. Die verwysingsraamwerk van so 'n student is beperk, of belewing en ervaring is nie oorgedra in woord(e) nie.

2. Die student het in gebreke gebly om deur skoling byvoorbeeld moeilike sinskonstruksies en fonetiek te begryp en ervaar mislukking, òf hy/sy wil volgens te perfekte sinsmodelle kommunikeer. Dit gaan vir so 'n student om vorme en nie om inhoud nie. Volwasse kursusgangers sal byvoorbeeld vra of hulle telkens moet "sorg" dat die werkwoorde aan die einde van die sin "staan". Krashen (1978:179-182) onderskei tussen oordrewe gebruikers van reëls as gevolg van selfbewustheid, en ekstroverte wat argeloos met grammatikale reëls omgaan. Aan die begin van 'n kursus is dit dus belangrik om taal terapie toe te pas, maar nie ten opsigte van taalfoute nie, maar ten opsigte van die instelling teenoor die taal.

4.2.2 GESINDHEID, LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING EN WERKLIKHEID

Die taalkursus begin by die taalgebruiker. Dit is belangrik dat die student aan die begin van leer met homself gekonfronteer word en nie met ander persone of met die taalteoretiese wat hom verskrik nie. Hy moet besef dat sy taalgebruik die allerindividueelste ekspressie van homself is (Hudson, 1987:12) ter wille van insig, probleemanalise en motivering.

Die volgende vrae word sonder verduideliking aan studente gestel wat dan weer op hulle beurt die vrae so eerlik as moontlik skriftelik beantwoord. Studente word aan die begin gerus gestel dat slegs hulleself die antwoorde evalueer. Geen bespreking word tussen vrae toegelaat nie.

A.

Wie is ek?

Wat is die kwaliteit van my huidige situasie?

Hoe lyk my firma/bank/universiteit?

Hoe lyk my toekoms?

Hoe lyk my firma/bank/universiteit/land se toekoms?

B.

Wat is die belangrikste? Spanwerk of individuele erkenning.

My grootste persoonlike prestasie.

My grootste mislukking.

Hoe kan ander my gelukkig maak?

Watter twee dinge moet eendag van jou gesê word by jou begrafnis?


Die idee in sommige van die vrae vervat, is uit personeelvraelyste geneem, maar totaal in 'n ander konteks aangepas. Die eerste afdeling konfronteer die spreker met die ek. Afdeling B

stel die behoeftes van die ek sentraal. Hierdie vrae is geen-
sins 'n sielkundige toets nie, maar slegs 'n inleiding tot die
derde fase wat belangik is vir taaltherapie.

C.

Elke student moet nou homself kom voorstel in 'n paar sinne aan
die res van die groep in ongeveer 1 tot 2 minute. Die groep
moet hierdie persoon skriftelik etiketteer. Die dosent maak 'n
video-opname met die medewete van die student. Hierdie bloot-
stelling van die spreker deur onderwerp en videokonfrontasie is
essensieel. 'n Ander onderwerp bied die spreker 'n te groot
verskeidenheid jargon, idiomatiese uitdrukkings en aangeleerde
gebare om werklik eerlik te wees.

Die fases van die taalkommunikasieproses is as volg:



Bogenoemde proses word voor die evaluering van die antwoorde aan studente verduidelik. Die suksesvolle kodering van 'n boodskap is belangrik vir die bemaking van die spreker se doelwitte en vir die sinvolle terugvoering van die hoorder. Belangrik vir die spreker is dat die terugvoering moet korreleer met sy aanvanklike bedoeling. Na die verduideliking van die kommunikasieproses word die video teruggespeel en etikettering gedoen. In baie gevalle ontdek studente by die evaluering van die verskillende afdelings dat drie verskillende boodskappe /idees/projektsies bestaan.

Voorbeeld: twee direkteure is geneem.

Persoon 1

- A. Wie is ek? Ambisieus
- B. Hoe wil ek wees? Otoritêre bestuurder
- C. Etikettering Introvert, stil, sag

Persoon 2

- A. Wie is ek? Skaam
- B. Hoe wil ek wees? 'n Suksesvolle hoofbestuurder
- C. Etikettering Gee nie veel om nie (argeloos)

Hoe word die laaste beeld dan geskep? By persoon 1 korreleer A en B wel, maar die etiket nie. Toe die gehoor otoritêre lyftaal moes verduidelik, was die verwagtinge van 'n bulderende stem, lang en groot postuur, vuus op die tafel baie duidelik. Persoon 1 daarenteen was koel en bedaard. Die begrip otoritêr is met 'n fisiese, aanvallende houding verbind en nie met psigiese gestrengheid nie. Persoon 1 het wel suksesvol gekommunikeer omdat daar balans en ooreenkomste tussen afdelings was.

Persoon 2 is oënskynlik taalvaardig en met liggaamshandelinge onbedrewe. Die etikettering van argeloosheid was korrek, want swak taalgebruik (onkonvensionele taal), ongedefinieerde lyf-taal (heen en weer trap) en inligting oor sy swak gewoontes het 'n radikale ander beeld as sy doelwitte gestel. Die persoon se verskansing van homself, of foutiewe idee van gewildheid, het sy boodskap laat misluk.

Voorbeeld 1

Jargon en wellewendheidsinne wat die taalgebruiker aangeleer het, rig ook sy lyftaal en gee aanleiding tot stereotiepes.

Verbaal: Dit is vir my 'n genoeë om hier te wees.

Nie-verbaal: Hande onder die maag, kop hoog, speel met duime.

Voorbeeld 2

Verbaal: Ek voel tuis hier by julle.

Nie-verbaal: Trek das reg, rek nek uit, bloos.

skets 2



(Uit: Van Schalkwyk, 1982:30)

In bogenoemde geval word lyftaal 'n verklikker, want die werklike bedoeling is:

Ek is bang, onseker en skaam hier voor julle.

Voorbeeld 3

Verbaal: Ek voel klein om voor julle te staan.

Nie-verbaal: Persoon wieg op sy tone, om meerderwaardigheid aan te toon.

Sekere gebare word net soos jargon aangeleer, byvoorbeeld frons, oëspel, ensovoorts.

Studente ontleed eerstens die aanbieding op video en bespreek woordkeuses, plasing van woorde, sintaksis en aksent wat aanleiding gegee het tot 'n spesifieke beeld of etiket. Hierdeur vind remediëring reeds plaas maar die kursusgangers word terselfdertyd gedefinieer en aanvaar in die groep, wat belangrik is vir taalontwikkeling (vergelyk ook navorsing deur Curran, 1983:163). Vervolgens ontleed elke persoon sy eie sinne en ontleed veral sy woordkeuses. Die korrelasie tussen praattaal en lyftaal word ook aangedui. As die werklike bedoeling verwoord word, is die lyftaal 'n verlengstuk, uitbouing of versterking van die betrokke boodskap. Sodra pretensietaal of aangeleerde jargon gebruik word, is praattaal en lyftaal nie in harmonie nie. As 'n persoon nie die waarheid praat nie, is lyftaal onnatuurlik aangesien daar tussen die bedoeling en verwoording teenstrydighede is. Hierdie "fiktiewe waarhede" kan tydens die dekonstruksie van die video-opname aangedui word. Die spreektaal rig die lyftaal.

4.2.3 DIE GEHEIM VAN GOEIE TAALKOMMUNIKASIE

In 'n gespesialiseerde wêreld waar tyd geweldig beperk is, het die mens sekere sinsnedes aangeleer om tydbesparend te werk te gaan. Hierdie sinsnedes is leeg (aangeleerde rituele en jargon) omdat dit nie die bedoeling/intensie agter die woord uit spel nie. Byvoorbeeld:

Sin: Hulle het rondom die saak gedebatteer.

Werklike betekenis: Hulle het nie by die kernsaak uitgekom nie.

Sin: Die besprekings was vrugbaar.

Werklike betekenis: Daar is niks besluit nie.

Die student moet weer leer om presies te sê wat hy bedoel, al sou hy die bedoeling/doelwit strategies verwoord. Die student moet begin by die eerste vereiste naamlik by die wat ek wil sê en nie by die aanbieding nie.

4.2.4 DIE BEMARKING VAN DIE SPREKER

Reeds aan die begin van 'n kursus moet die student besef dat taal belangrik is vir die bemarking van die self en persoonlike doelwitte. Die taalgebruiker red nie die taal nie, maar die taal red die gebruiker in die wêreld waar die vervreemding van die individu voor op staan. Baie kommunikasietegnieke, oorradingstrategieë en truuks kan aangeleer word, maar die taal is die voertuig van die truuk.

Uit eksperimentele groepwerk in die taaldinamika-laboratorium is bevind dat as die suiwere bedoeling in taalinhoude ingebed

is, is lyftaal meer onder die spreker se kontrole. Lyftaal aksentueer dan slegs die feite en paralinguistiese afwykings is die enigste verklikkers. Wanneer inhoud en woorde die taalgebruiker in die steek laat, praat die lyf binne 40 sekondes onbeheerbaar as druk byvoorbeeld deur videokonfrontasie aanhoudend toegepas word. Veral by Afrikaanse studente is daar 'n leemte aan die regte woord (vergelyk par. 3.2.1 en par. 3.2.3).

4.2.5 OPSOMMEND

Tydens kursusse is bevind dat 'n onbevangendheid ten opsigte van taalkonstruksies, studente makliker inhoude laat definieer. Jargon en sinsnedes is belemmerend. In baie gevalle word die boodskap verdraai ter wille van taalsuiwerheid. Taalterapie is van die uiterste belang om die student die taal as instrument en nie as 'n bedreiging te laat sien nie. Die ontwikkeling van selfvertroue en 'n eie idiolek gaan hand aan hand (vergelyk Hoofstuk 3). Nie alle taalgebruikers het dieselfde konsepte van veral ideologiese woorde nie en baie semantiese steuringe ontstaan. Veral volwassenes beleef Afrikaans as 'n kulturele las en nie as bruikbare kontemporêre instrument nie.


4.3 TAALGEBRUIK EN DOELTREFFENDE KOMMUNIKASIE

4.3.1 INLEIDING

Nadat taalterapie toegepas is, is dit belangrik dat die student nie in 'n stereotiepiese taalklas moet verval nie. Die balans tussen taalteorie en individuele taalpraktyk moet gehandhaaf word. Gedurende die kursus moet die taalstudent taalvaardig groei, mondelinge vaardigheid veral verbeter, maar deurentyd toegespits bly op die beroepsituasie. Geen linguistiese afdelings word as eenhede behandel nie; geen kontekstuele benade-

ring word gevolg nie, maar 'n oopklasmetode. Dit is nie net taal-in-gebruik nie, maar taal-in-beweging. Dit is 'n evoluerende verloop van 'n ontelbare aantal taalsituasies met ontelbare moontlike taalhandelinge en ontelbare ooreenkomste en verskille. Die student se reeds verworwe taalkennis word ontsluit en natuurlike bewuswording van die taal in al sy moontlikhede word aanvanklik onbewustelik ontgin. Die benoeming van die werklikheid (alhoewel 'n fiktiewe werklikheid) skep ook die ruimte vir groter belewing, wat dan weer nuwe taalhandelinge inisieer. Volgens Chomsky (1979:113) skep ervaring die moontlikhede om nuwe sinne te genereer, terwyl Stubbs die daarstel van onvoorbereide diskoers wat by elke gebeurte pas, as taalvaardigheid beskou (Stubbs, 1984:36). Die uitstekende student sal die sprong kan maak om werklik aan die einde van die kursus sy eie modelle vir die oordra van sy eie inhoude in 'n unieke idiolek te maak.

Belangrik is om miskien 'n klemverskuiwing te maak terug na die spreker. Die strukturalisme stel die teken sentraal en die resepsieteorie ooraksentueer die belangrikheid van die hoorder. In Taaldinamika word in die taalterapeutiese fase reeds die manipulerende krag van die spreker beklemtoon. Tydens die taalhandeling wissel die taalgebruiker se rol van spreker na hoorder; die situasies is vloeibaar en die strategieë baie. Die spreker het die manipulerende voordeel en moet in gedagte hou dat die hoorder ook 'n "taalgestremde" kan wees, wie se terugvoering nie altyd relevant is nie. Die volgende model verduidelik die taalkommunikasieproses tydens die oordra van 'n spesifieke doelwit of idee.



(Ross, 1984:18, vertaal en aangepas by die spesifieke terminologie van hierdie hoofstuk.)

Die vaslegging van die persepsie en die aanvaarde idee is die voorreg van die spreker wat dit die beste kodeer.

Verskeie kommunikasiedeskundiges, openbare redevoerders, bemakingskonsultante en opvoeders het faktore of elemente wat hulle in gedagte hou voordat hulle 'n persoon of teikengroep mondeling of skriftelik nader (vergelyk Fourie, 1982). Hierdie modelle of metodes is gewysig, aangepas en uitgebrei en in direkte verhouding met die taalgebruik van die spreker in verband gebring. In die taaldinamika-laboratorium is aangedui dat hierdie faktore wat doeltreffende kommunikasie verseker en sukses bepaal, afhanklik is van die korrekte taalgebruik, maar selfs van die woordorde en paralinguistiese vaardighede van die spreker. Die faktore wat doeltreffende kommunikasie verseker, is dus afhanklik van die spesifieke taalgebruik van die spreker.

Bogenoemde faktore kan vir elke student/kursusganger by sy beroepsmilieu aangepas word.

4.3.2 WAT? DIE VERKOOP VAN DOELWITTE

Hier het ons te make met die bepaling van direkte en indirekte doelwitte ter wille van inligting, oorrëding en wellewendheid. Voor enige mondelinge of skriftelike kommunikasie moet die spreker homself afvra wat wil hy bereik, met ander woorde wat is sy direkte doelwit. Is dit inligtend/instrukties, oorrëdend, of bloot wellewende kommunikasie. Die aksente word nie deur die hoorder se liggaamstaal gelê nie, maar deur woordkeuses en woordorde, wat dan die nie-verbale rig.

4.3.2.1 INLIGTENDE TAALGEBRUIK

Inligtende taal is gedistansieerd, saaklik, beskrywend en alternatiewe word uitgeskakel.

Dames en Here model x301 is effektief.

Let op die koppelwerkwoord is ('n feit) en liever die gebruik van die vreemde woord effektief as doeltreffend as adjektiwiese kopulapredikaat. Laasgenoemde impliseer "slegs genoeg" in plaas van 'n totale genoegsaamheid. Hierdie taalgebruiker konstateer 'n feit en is emosioneel weinig betrokke. Taalstudente kan bewus gemaak word van anglisismes, ontlëning en neologismes (vergelyk Eksteen, 1978 & 1984). Sou 'n adjunk soos werklik bygevoeg word, is daar 'n alternatief van dit is nie so nie, ingebou. Dit is 'n inligtende aankondiging, daarom is geen voornaamwoorde gebruik nie.

4.3.2.2 OORREDENDE TAALGEBRUIK

Oorredende taalgebruik word gebruik waar die taalgebruiker wil bemark of motiveer. Oorredende taalgebruik kan in baie gevalle met 'n natuurlike gesprek vergelyk word en daarom is deiktiese aanduidings baie belangrik vir 'n volledige boodskap. Tydens die oorredingsboodskap is die direkte doelwit verweef met die persoonlike verwagting van die taalgebruiker en word daar 'n aksie/reaksie van die hoorder geëis. Bemarkingstudente kan 'n fiktiewe model by 'n skou aankondig.

Dames en Here model x301 is 'n elektroniese wonderwerk.

In baie gevalle sal ons Here met 'n hoofletter skryf in kopië ter wille van beklemtoning en om belangstellendes te laat kyk na die elektroniese wonderwerk. Die woord elektronies beskryf 'n eietydse ontwikkeling met 'n eietydse woord en die onbepaalde lidwoord 'n skaal die wonderwerk effens af met die implikasie dit is net nog 'n masjien. Wonderwerk is die oorbeskrywende gebruik van advertensietaal wat in die volgende sin verander word.

Model x301 die elektroniese wonder wat ons nie kan misloop nie.

Nou word model x301 as belangrikste komponent, eerste geplaas ter wille van die nadruk. Dit is nie 'n wonderwerk nie, maar 'n feitelike wonder; wat ons (kollektiewe betrokkenheid) nie kan misloop nie. As ons gelukkig is, kan ons model x301 kry.

Vir jou - model x301

Sou die spreker daarenteen die vervreemding wil deurbreek, begin hy by die voornaamwoord en stel dit gelyk aan die model x301 as onafskeibare eenheid. Die indirekte doelwit wat bereik

wil word, is verweef met die behoefte van die spreker - van ek wil gehoor word, verstaan word en aanvaar word. Hierdie indirekte doelwit en graad van geloofwaardigheid van die spreker word verklik veral deur die aard van die voornaamwoord en adjektief. In hierdie voorafgaande sinne is die persoon onsigbaar, 'n universele verteller of selfs vierde persoon (vergelyk Forchheimer, 1953:22) is aan die woord.

Ek wil graag die volgende model aan u wat so vriendelik was om u tyd op te offer bekend stel.

Hier is die spreker minderwaardig teenoor die hoorder en sal oorreding moeiliker geskied. Let op die voornaamwoorde ek en u wat 'n gedistansieerde relasie veronderstel (vergelyk sosiale deiksis in Levinson, 1987:89-94), wil graag impliseer ek wag op toestemming en die volgende model verwys na maar net nog 'n model. Die betreklike nabepalingsin wat so vriendelik was rig 'n hoopvolle versoek na aanvaarding en die strategie van die kliënt is altyd die belangrikste slaag nie; as gevolg van die ongeloofwaardigheid van die taalgebruiker se taalkeuses.

Al weet ek nou al dat niemand die masjien sal koop nie, verduidelik ek vir julle hoe dit werk.

Hierdie bemarker neem alle motivering van sy gehoor weg al sou sy aanvanklike strategie wees om die idee van geen verkope is nodig oor te dra. Model word masjien; niemand klink baie vaag en verlore en julle word sonder respek benader. In baie gevalle is die bemarker hier self gekniehalter deur minderwaardigheid.

Ek is bly/opgewonde dat ons vandag na die model kon kyk omdat hierdie spesifieke model binne die volgende weke met 40% gaan styg.

Ek en ons skep die gevoel van samehorigheid en die bywoord bly/opgewonde is motiverend. Positiewe woorde is tans goeie verkoopstegniek. Hierdie spesifieke model verminder die besonderse van die apparaat en binne die volgende weke is motiverend vir verkope. Die tydsaanduiding binne die volgende weke is onkontroleerbaar en gaan styg is 'n dubbele versekering dat prysstygings gaan plaasvind.

Geen huishouding kan sonder model x301 funksioneer nie en omdat u omgee lief is vir u gesin wil ontwikkel almal gretig is om te leer is u hier.

Die eerste gedeelte is 'n instruktiewe gedeelte sonder addisionele keuses of ruimtes vir debattering deur die veralgemening. Geen huishouding kan sonder model x301 funksioneer nie en omdat

...


Die voegwoord en koppel hierdie instruktiewe sekerheid met die oorredende gedeelte en die volgende stelling is u hier. Die universele sekerheid word gedra deur die enkele woord u, want gy/jou bring dit tot op prosaïese vlak. Oorredende taalgebruik veral in die advertensietaal is essensieel vir die bemarkingsboodskap. (Vergelyk in die verband Cronje, 1982.)

4.3.2.3 WELLEWENDE TAALGEBRUIK

Waar die doelwit wellewend is, is jargon, afgesaagde idiomatiese taal, volksgrappies, plat taal en vaste uitdrukkings deel van die sosiale etiket.

Voorbeeld:

Dit is vir my 'n besondere genoeë om vanaand, waar ons as familie en vriende so saam is, vir Piet die Heer se seën toe te bid en vir hom en sy gesin die allerbeste toe te wens vir 'n lang en gelukkige lewe. Ek kan nie help om aan die grappie te dink




(Van Schalkwyk, 1982:131)

Die lyftaal pas by die rigiede toespraak en dit is nie noodwendig die woorde se betekenis nie, maar die sekuriteit van woorde en gebare wat hier die sosiale bande sterk. 'n Fris en vars aanbieding is soms ontstellend vir die hoorders en veroorsaak steuringe tydens die taalhandeling. Mense hoor baiekeer nie omdat die nuwere woorde by ou rites ontstellend is. Bejaardes hoor nie dialektiese prediking nie, maar vul wel ou preekstyl en woordkeuses self aan.


Deur die formulering van doelwitte, opstel van definisies, sosiale toesprake en opstel van logo's ervaar die onervare taalgebruiker die manipulerende krag van die woord, die belangrikheid van woordkeuses en reeds op die stadium die beperkinge wat 'n te klein verwysingsraamwerk veroorsaak.

4.3.3 WAAR? HANtering VAN RUIMTE EN DIE AANPASSINGS VAN TAAL- GEBRUIK, STEM EN INHOUDE

Onder nie-verbale kommunikasie is die studie van ruimtehantering (proksemities) ingesluit. Die mens beweeg in verskillende sones soos deur die diagram verduidelik en die taalhandeling en liggaamstaal pas daarby aan. Ruimtehantering kan skematies as volg voorgestel word:




Hoe die volume van die stem daarmee gepaard gaan, is reeds nagevors. (Ross, 1984:78-79, model vertaal en aangepas)



In die taaldinamika-laboratorium, is aangedui dat die hantering van verskillende sones deur 'n taalgebruiker voor 'n gehoor ook veranderinge in die woordeskat en veral spraakhandeling teweegbring. Die volume van die stem is ook 'n aanduiding van die werklike bedoeling van die boodskap soos deur die skets aangedui.

Voorbeeld: 'n Klaskamersituasie met 20 persone as hoorders en die spreker. 'n Groot konferensietafel is in die middel van die vertrek geplaas.

As 'n spreker/dosent verwyderd voel van sy gehoor, neem hy plek in in die verste hoek van die kamer en feitlik altyd in die linkerkantse hoek.




= publieke sone

= luide stemtoon

= formele taalgebruik

Hierdie spreker rig hom in die algemeen tot 'n ongeïdentifiseerde u en konstateer slegs feite. Sy taalgebruik is eksak, formeel en hoog akademies. Nuwere terminologie word veral vanaf hierdie posisie oorgedra en die spreker is nie emosioneel betrokke om om te gee of sy hoorder noodwendig begryp nie. Die lydende vorm is hier gewild. Die deiktiese sentrum word hier deur die spreker beheers (vergelyk Levinson, 1987:64).




= sosiale sone

= gewone stemtoon

= sosiaal-gedistansieerd

Sodra spreker/dosent tot voorbeelde oorgaan, beweeg hy na 'n meer sentrale posisie in die sosiale sone. Dit is ook die sone waarop ons sake doen. Sy taalgebruik is steeds saaklik, maar terugvoering van die hoorder(s) word geïmpliseer. Voornaamwoorde soos ek en ons word gebruik, byvoorbeeld ons behoort die saak wetenskaplik te bekyk. Die spreker is sosiaal betrokke by die hoorder, al het die spreker nog 'n beherende aandeel in die gesprek. Werkwoorde soos meen, veronderstel, beklemtoon word in die sosiale sone gebruik waar werkwoorde soos voel, glo, weet in die persoonlike sone domineer. Hierdie saaklike verskansing deur veral werkwoorde plaas die saak sosiaal aan die orde en daar is 'n deiktiese verskuiwing na die hoorders (Levinson, 1987:64). Goeie terugvoering van 'n gehoor laat in meeste gevalle die spreker vanuit die neutrale hoek na die sosiale ruimte beweeg.



'n Spreker beweeg selde na die persoonlike sone tydens 'n klas-kamersituasie, behalwe waar hy intimideer, soos bv. Meneer, waarmee is u besig? Wanneer 'n persoon 'n hoorder met die sarkastiese woord wil afkraak, beweeg hy nader in die persoonlike ruimte, vermy oogkontak met sy slagoffer en gebruik algemene

aanspreekvorme, byvoorbeeld mense; iemand; persone wat so redeneer is onintelligent.

Simpatie, empatie, aanmoediging en betrokkenheid word in hierdie ruimte oorgedra (vergelyk deiktiese empatie, Levinson, 1987:81). Aanraking vind ook in hierdie ruimte plaas. Ek is jammer; my innige meegevoel; hou so aan; ons is hier.

'n Storieverteller beweeg ook oorwegend in die persoonlike ruimte en die byvoeglike naamwoord en bywoord is hier aan die orde. Verkleinwoorde sal slegs in hierdie en intieme sone gebruik word en dit rig weer die liggaamshouding om na vore te buig, byvoorbeeld:

Kinders, vandag gaan ek julle van 'n klein kaboutertjie in 'n groot bos in 'n ou hol boomstam vertel.

Hierdie sin kan nie suksesvol van 'n ander sone oorgedra word nie en dit rig die oordrewe oëspel en handgebare.


Sou almal plaasneem om 'n tafel, dwing dít die taal tot groter formaliteit, al is die plasing naby aan mekaar. Samewerkende plasing sluit oogkontak in sodat geen misverstande kan ontstaan nie. Die verkeerde woorde word gekorrigeer deur die gesigsuitdrukking en ander nie-verbale handeling wat die werklike bedoeling oordra. Mededingende plasing is waar twee persone ver van mekaar verwyderd is en slegs woordkeuse en stem ter sake is.

Die "waar" impliseer ook die ruimte waar die kommunikasieproses plaasvind, hetsy kamer - saal; stad - platteland; bekende - onbekende omgewing. Net soos geografiese variëteit verklikkend

is van geografiese herkoms en blyplek, so kies die spreker uit die woordarsenaal woorde en woordinhoude wat pas by sy ruimte van aanbieding en die konteks waarin dit afspeel. Die groet van goeiemore, hallo, haai is hiervan 'n goeie voorbeeld, ook die gebruik van aanspreekvorme soos dames en here, u, julle, waar staan jy? Die taal moet aangeleer word ook ten opsigte van die beroepsruimte in die bedryf. Die taal, veral uitspraak en woordkeuses, is ook 'n verklikker van sosiale stand (verge- lyk Du Plessis, 1983:43-62).

Die onderstaande model stel die taalgebruik in verskillende ruimtes diagrammaties voor.

Taal en sonering.



Dit vereis totale selfversekerdheid om 'n verhaal logies te vertel en terselfdertyd rond te beweeg. Sodra 'n student in

bogenoemde oefening geslaag het, is die terapeutiese fase afgehandel. Woordsoorte kan ook so aangeleer word. Die plek, hetsy geografies of sosiaal, beïnvloed die taalhandeling en taalkeuses (vergelyk Schegloff, 1975:130).

4.3.4 WANNEER? TYDSGEWRIG EN TYDSBEREKENING

Die studie van tyd (kronemiek) sluit ook aan by die taalgebruik. Elke dekade, groep en struktuur het sy modewoorde. 'n Modewoord is 'n verklikker van 'n spreker se ouderdom, groep, maar ook van sy ingeligtheid. Modewoorde soos hoogkonjunktuur, entrepreneur, produktiwiteit, kommunikasie, dinamiek, geloofwaardigheid, konsensus, magsdeling, eie sake, motiveer op 'n sekere tyd die hoorder, maar skaad die geloofwaardigheid van die spreker as dit nie eietyds is, òf as daar nie dieselfde persepsie van die term is nie.

Die Afrikaanssprekende is geneig om in sy voorbeelde voor 'n gehoor of oor die media baie van anachronismes en jargon gebruik te maak.

Jannie sê nou konsuis dit gaan klopdisseboom.

Ek kan u verseker dat u vertroue nie misplaas is nie.

Die natuur, godsdienstige, kulturele en nasionale dinge word in eg-Afrikaanse woorde uitgespel terwyl die talle nuutskeppinge en goeie leenvertalinge deur omskrywings vervang word. Dit gee die idee dat die taal nie dinamies beweeg het nie; terwyl die eietydse woorde wel bestaan. Die vraag ontstaan nou: is die Afrikaanssprekende passief in sy belewing en taalgebruik, òf is hy nie bewus van die terminologie en sy taalrepertoire nie? Afrikaans leen hom tot kreatiewe beskrywing. Nuwe betekenisse

kan deur samestelling, jukstapenering, verbuiging en die vrye gebruik van woorde as enige woordsoort oorgedra word.

dit woel in die strate tot laat
daar is beweging en lawaai in die strate
snags kriewel dit in die strate
dit krioel van mense in die strate

Die sin kan ook verskillende tydruimtes veronderstel deurdat die spreker na die verlede, hede en toekoms kan verwys (Levinson, 1987:64).

Afrikaanssprekendes verval ook in denkende stilswyes of praat langsaam in afgemete sinsdele en herhalinge, byvoorbeeld:

Ek glo // dat die toekoms // hier // in hierdie tyd // en in hierdie ruimte // beslis // sal word

in plaas van om aan te sluit by die ritmiese en musikale patroon van die taal.

Ek glo / dat die toekoms hier / in hierdie tyd / en hierdie ruimte / beslis sal word.

↘afgaande stem

↗opgaande stem

— beklemtoon

/ 1 pouse

// 2 pouses

/// 3 + meer.

— neutraal

Die taal verander van lykdig na dinamiek; deur 'n kennis van uitspraak en aksent. Afrikaans hoort nie op 'n sekere wyse ge-

praat te word nie, maar die woord bepaal die spraakhandeling en die tempo skep die sensasie. Die volgende sin moes so uitgesê word dat dit opgewondenheid, angs, ontsteltenis, ensovoorts impliseer.

Die seuns loop teen die hange.

Uit ses topbestuurders kon slegs een persoon die sin verskillende semantiese waardes gee deur bloot sy spraakhandeling te wysig.

4.3.5 WIE? DIE AANPASSING VAN SPRAAKHANDELING EN REGISTER BY DIE PERSOOONLIKHEID VAN DIE ONTVANGER

Die persoon of teikengroep met wie gekommunikeer word, bepaal die taalgebruik van die sensitiewe spreker. Die geloofwaardigheid van die spreker moet bo verdenking wees, maar aangesien hy nie sy hoorders se individualiteit kan verander na willekeur nie, moet hy leer om hulle te aanvaar en 'n natuurlike modus operandus uit te werk as hy wil oorreed.

Heymans (Nel et al., 1970:167) verdeel mense in verskillende temperamentstipes. Hierdie indeling word bloot gebruik as pragmatiese model vir taalgebruiksoefeninge.

emosioneles

- | | | |
|---------------------|---|------------|
| (1) hartstogtelikes | } | aktief |
| (2) heftiges | | |
| (3) sentimenteles | } | nie-aktief |
| (4) senuweeagtiges | | |

nie-emosioneles

- | | | |
|---|---|------------|
| (5) flegmatici | } | aktief |
| (6) kinderlikes | | |
| (7) apate (sleurmense) | } | nie-aktief |
| (8) vormloses (produk van omstandighede) | | |

'n Klas bestaande uit toergidse, toerkonsultante en pesoneel van reisagentskappe kan die volgende taalgebruiksoefening in groepsverband doen. Die volgende standaardsin moet by verskillende temperamentstipes aangepas word.

Daar is 'n bootreis om 19h00

Dit is 'n onbepaalde stelsin en alle keuses berus by die hoorder.

Hartstogtelikes:

Die bootreis om 19h00 is 'n unieke geleentheid.

Heftiges:

'n Onvergeetlike geleentheid nou of nooit - 'n bootreis om 19h00.

Sentimenteles:

Vanaand om 19h00 'n droomvaart op die meer.

Senuagtiges:

Vir alle belangstellendes, 'n veilige bootreis 19h00.

Flegmatici:

Die bootreis om 19h00 is 'n rustige afsluiting van die dag.

Kinderlikes:

'n Opwindende fantasiereis op die meer 19h00.

Vormloses:

'n Kort minmoeitereis om 19h00 vir almal - geen verskonings.

Apate:

Die laaste item op vandag se agenda is 'n bootreis om 19h00.

Sou 'n mens kyk na Spranger se waardetipes (Nel et al., 1965: 171) sou instruksies, motivering en doelstellings telkens in 'n ander register wees en terminologie uit 'n ander vakwetenskap insluit.


<u>Kultuurwaardes</u>	<u>Lewensvorm</u>	<u>Karakteristieke</u>	<u>Terminologie</u>
		<u>eienskappe</u>	
ekonomie	ekonomiese mens	werk	- geld, wins, verlies
politiek	magsmens	heers	- heers, mag
gemeenskap	sosiale mens	dien	- maatskaplik, versorging
wetenskap	teoretiese mens	dink	- besin, ont-leed, data
kuns	estetiese mens	geniet	- ervaar, verwoord
godsdienst	religieuse mens	aanbid	- gawes, hart siel

Skriftelike en mondelinge taalkommunikasie moet altyd die volgende gegewenes in ag neem:

doelwitte;
sosiale milieu (demografiese gegewens);
sielkundige instelling van groepe en individue;
en eers daarna word woordkeuses en stylaanpassings gemaak. Op
die stadium het studente bevels, motivering en oorrading mondel-
ing beoefen en goeie oefening ten opsigte van sinsbou gehad.

4.3.6 HOE?

By 'n mondelinge aanbieding gaan dit nie om 'n kennis van die
kommunikasieteorie nie, maar die taalhandeling bepaal die suk-
ses of mislukking daarvan. Dit is egter so dat die doelwitte,
plek waar aanbieding plaasvind, tyd of konteks en die hoorder
wat betrokke is, alles faktore is wat die spreker moet inte-
greer. Om byvoorbeeld boodskap A oor te dra is die enigste
konstante weergawe die woord. 'n Goedgestruktureerde boodskap
se aanbieding is die optelsom van woord, stem, lyf en appèl.



Deur middel van woorde, stemgebruik en lyftaal word idees en simbole oorgedra en persepsies ingeburger. Waar die boodskap inliggend is, word gemotiveerde stellings, definisies, voorbeelde, analogie en vergelykings gebruik. Waar 'n boodskap verhelderend of verduidelikend wil wees, word gevallestudies, statistiek, verskillende kriteria, soorte verduidelikings en oplossings aangebied. Tydens oorredende boodskappe word parallelle getrek, oorsaak en gevolg word aangedui, veralgemenings word gemaak en standpuntstellings word opgesom. Waar ou persepsies bevestig word, word begrippe gelegitimeer en 'n nuwe aanvaarding veronderstel.


Waar 'n spreker die instelling van sy hoorders wil verander, kan hy verskillende aanbiedingswyses gebruik, byvoorbeeld eensydige beskrywings, verhalende styl, appèl en opsweping, verskuiwing van waardes, herhaling van logo's en leuses. Identifisering met kollektiewe persepsies kan by 'n gehoor aangemoedig word. Waar die massa aangehits word, word dringendheid, konflik, verskille en nuwere kodes gebruik. Tydens argumentering word bewyse, statistiek en vergelykings gegee. Wanneer aangeval word, word teenargumente gedefinieer en valshede aangedui en dan word gemanipuleer tot 'n nuwe respons. As iemand sosiaal vereer moet word of sosiale rites afgehandel moet word, word geykte frases, historiese verwysings en metaforiese taal aangewend (vergelyk Gronbeck, 1983:174-191).

Hierdie metodes word egter in die taal toegepas. Sou die spreker 'n wellewendheidstoespraak lewer en 'n humoristiese aanvang wou hê, sou sy woorde meer beweeglik wees (werkwoorde) en sou daar groter gelaatspel, beweeglikheid van liggaam, harder en

vinniger tempo van stem wees. Die gebruik van die werkwoord wat ook 'n beweging beskryf, aksentueer dinamiek en beweeglikheid en word as oorredend deur die hoorder beleef.

'n Intellektuele aanslag veronderstel 'n meer formele taalgebruik, stadiger en laer plasing van die stem, meer letteruitspraak, rustiger lyftaal en duidelike gedefinieerde gebare.

Oorredende taalgebruik sluit meer die beskrywende woordsoorte in en voornaamwoorde. Die appèl, en naderbeweeg deur die taal, maak die gebare oper en die oorreders beweeg in verskillende ruimtes. Sodra die werklike bedoeling van die boodskap verskil, sou een of meer elemente wegval en verklikkend wees.



Op hierdie stadium, as baie mondelinge werk in groepsverband gedoen is ter wille van die taaltherapeutiese waarde, kan die taallaboratorium vir individuele oefeninge aangesny word. Stemtegnieke; dekonstruksie van mondelinge boodskappe en diktering; taalhandelinge op persoonlike en interpersoonlike vlak en 'n verskeidenheid taalsituasies in die praktyk kan geoefen word. Navorsing het getoon dat die fiktiewe situasie die woordkeuse, stemtempo, toonhoogte, toon, volume en gesigsuitdrukking rig.

Taalgebruik, stemtoon, volume en tempo van stem en gesigsuitdrukking is dus geïntegreerd. Studente ontdek nou ook verbale foute en onvermoë.

4.3.7 BASIS VAN ONTMOETING

Dit is die kontaksin wat die middelgrond tussen die spreker en die hoorder bewerkstellig.

Vraag: Wat is u mening oor genadedood?

- Antwoord 1:
- (1) Na my mening ...
 - (2) Volgens my ...
 - (3) Ek voel ...
 - (4) Dit is sonde ...

Bogenoemde aanvangsin is verkeerd, want die beredenering begin en bly by die spreker (1) formele standpunt (2) subjektiewe gesindheid (3) aanvallende stelling. Hierdie sin gee net ruimte vir konflik, sou die hoorder verskil.

Antwoord 2: (1) Jy is seker ook daarteen?

(2) U sal waarskynlik nie saamstem nie.

(3) Jy kan glo wat jy wil.

Hierdie antwoord eis 'n reaksie van die hoorder en antisipeer sy terugvoering - (1) manipulerende vraag (2) vooropgestelde verwagting (3) konfliktsituasie.

Antwoord 3: (1) Die dood is 'n onomstootlike feit.

(2) Seker almal vrees die dood.

(3) Die saak het velerlei aspekte.

Hierdie antwoord stel die probleem sentraal en die probleem is tussen die spreker en hoorder - (1) almal gaan dood (2) die dood is 'n verskrikking (3) genadedood bied velerlei aspekte om oor te gesels.

Dit is 'n baie moeilike tegniek om te bemeester met die voordeel dat dit die geleentheid gee om 'n gebalanseerde en feitelike boodskap daarna te formuleer.

Sin 1: Die dood is 'n onomstootlike feit. Dié sinskonstruksie gee hier die geleentheid vir 'n saaklike verskansing van die spreker en terselfdertyd gee dit groter geleentheid vir konsensus.

Die dood	- bepaalde lidwoord as voorbepaling en 'n
	abstrakte s.nw. as kern van die NS
is	- 'n realiteit (koppelwerkwoord)

onomstootlike - hierdie b.n.w. as kopulapredikaat suggereer dat spreker of hoorder dit nie kan wysig nie.


Sin 2: Seker almal vrees die dood.

Seker almal gee solidariteit met alle mense, maar die betekenis van seker verhoed dat dit nie as veralgemening gesien word nie.


Sin 3: Dié saak het velerlei aspekte.

Dié saak is sentraal en nie die spreker nie. Die onderwerp word glad nie self benoem nie en word geobjektiveer.

gemeenskaplike begrip.



(Vergelyk Marais, 1979:15-17.) 'n Basis van ontmoeting word bewerkstellig as taalgebruikers dieselfde konnotatiewe waarde aan woorde heg.



(Ross, 1984:188)

Gehore se betrokkenheid kan volgens die bogenoemde model geklassifiseer word en elke gehoor het sekere verwagtings van die spreker. Die basis van ontmoeting (die kontaksin) bepaal die deelname van die gehoor al dan nie.

Toeskouers (gemiddelde gehoor)	-	aandag
Passiewe groep	-	belangstelling
Uitgesoekte gehoor	-	oorreding
Gemotiveerde gehoor	-	oortuiging
Georganiseerde groep	-	rigtinggewend

Om kontaksinne oor kontensieuse sake vir onbetrokke groepe te formuleer, is 'n goeie oefening vir Afrikaanse taalgebruikers. Dit deurbreek die stereotiepiese en ideologiese denke wat ten opsigte van die Afrikaanse taalgebruik en taalinhoud bestaan. Politieke, godsdienstige, kulturele en normatiewe kwessies word in vaste aangeleerde uitdrukkings ingebed vir stereotiepiese hoorders. Veralgemening en subjektiewe redenasies bederf die skep van 'n middelgrond. Sodra die eietydse, die manipulerende mag van die woord en die vraag-aanbodsituasie begryp word, voel die Afrikaanse taalgebruiker ontredde en gebruik hy "slang" of die tweede taal. Afrikaans is 'n lewenskragtige taal, maar sy taalgebruiker is in baie opsigte te psigies gestrem in die taal om intellektueel daarmee om te gaan.

Voorbeelde van sinne, woordeskat en taalinhoud wat gebruik is in radiopraatjies, referate en handboeke is ontleed en deurgaans is voorbeelde en woorde van twee en drie dekades gelede gebruik. Die plaas en die land word verabsoluteer en stad en robot en klawerpad staan as nuwe terminologie aangeteken. Om

'n basis van ontmoeting te bewerkstellig, moet die taalkliënt 'n persoon in die hede in moderne terme oor 'n bestaande feit konfronteer.

4.3.8 DIE BOODSKAP

Daar is verskillende tegnieke by die opstel van boodskappe en idees kan op verskillende maniere georganiseer en ontwikkel word. 'n Verskeidenheid taalaspekte kan by die mondelinge en skriftelike formulering van boodskappe aangeleer word.

Logiese formuleringe kan volgens verskillende modelle gedoen word. Die volgende modelle vir die sistematisering van kort boodskappe kan gebruik word om die student basiese tegnieke te leer. Aanvanklik word die student eers ingelei in basiese vaardighede.

Aristoteles	Hollingworth	Monroe
Inleiding	aandag	aandag en belangstelling van hoorder
Stelling	belangstelling	behoeftepeiling by hoorder
Argumentering	indruk	behoeftebevrediging by hoorder
Konklusie	oortuiging	verbale visualisering van oplossing
	rigting	aksie en betrokkenheid van hoorder

(Ross, 1984 : 223 - 225)

Taaldinamikamodel vir 'n kort boodskap

(Die volgende model is ontwerp en suksesvol in die taaldinamika-laboratorium deur die navorser gebruik.)

1. Inleiding

Vind 'n basis van ontmoeting

Oorreding vir luister

2. Boodskap

1. Spreker evalueer die sin van die boodskap vir homself.

2. Objektiewe rangskikking van feite volgens teenpole.

Doelwit	Voordele	Tese	Positief	Teorie
Metodes	Nadele	Antitese	Negatief	Praksis
Resultaat	Slotsom	Sintese	Gematig	Oplossing

3. Slot

'n Laaste woord of gevolgtrekking wat weer 'n ontmoeting met die hoorder bewerkstellig.

Die boodskapgedeelte, met ander woorde die feite, kan chronologies, volgens subonderwerpe, oorsaak en gevolg, moeilikheidsgraad, ruimtelikheid, ensovoorts gerangskik word.

Studente kan ook leer om sinne te skakel en ook om deur die verskuiwinge van sinsaksente en gewone pouseringe betekenisnuanses te bewerkstellig. Die saak wat beklemtoon moet word, kan in allitererende woorde gedra word. Deur stylaspekte, stemtegnieke en lyftaal is dit ook moontlik om die sentimente van die hoorder aan te spreek. Deur die uitspraak van woorde


kan ironiese betekenisse uitgebou word, byvoorbeeld werklik kan so uitgespreek word dat die teenoorgestelde as die oorspronklike betekenis gesuggereer word. Verdere uitbouings word by styl, register en appèl behandel.

By die strukturering van diskoers is daar 'n hiërargiese struktuur en 'n lokale of eerder sosiale struktuur (Clark & Clark, 1977 : 236). Die hiërargiese struktuur ontstaan as gevolg van die direkte doelwit van die spreker, terwyl die sosiale struktuur aangepas moet word by die terugvoering van die hoorder.

4.3.9 TERUGVOERING

Taal word deur die leek as praat en skryf verstaan, maar die meeste taal wat ons bereik, is deur luister en inligting wat ons kry deur gesprekke. Werklik luister is om feite te hoor en ook die nuanses van woordkeuses en stemproduksie om sodoende die werklike bedoeling en intensie te begryp. Die bedoeling ja kan deur intonasie die idee van bevestiging, huiwering, opwind- ing, sentimentaliteit of woede oordra. Daar is drie fases van luister en dit word verder met behulp van die onderstaande model toegelig.

Tydens luister hoor die taalgebruiker die stem. Dit is belang- rik om hier die gevoel wat die spreker met die woord wil oor- dra, te verstaan. By die fisiese hoor van boodskappe is daar baie fisiese en fisiologiese steuringe soos lawaai, moegheid en onbelangstelling. Modernismes, beweeglike taal (werkwoorde) en nuwe woorde dwing die hoorder tot luister.



(Ross, 1984:90)

Tydens die interpretasiefase verstaan ons die betekenis van woorde. By die bestudering van die model wat steuringe op hierdie vlak aandui, besef die Afrikaanse taalgebruiker dat hy die klem moet verskuif van die persoon na die boodskap. Stereotiepiese leë aanspreekvorme kan nie gebruik word waar die taalhouding van byvoorbeeld die tweedetaalspreker deur 'n stereotiepiese beeld van die Afrikaner beïnvloed word nie.

Die derde fase van luister sluit begrip in. Ralph Nichols (soos aangehaal en aangepas deur Ross, 1984:94-96) het etlike aspekte aangedui wat tydens hierdie fase meewerk tot verstaan, persepsie en evaluering, byvoorbeeld:

intelligensie

lees- en begripsvermoë

taalgebruik

woordeskat

vermoë om analogieë te trek

strukture van sinne en om boodskappe te begryp

logies feite te rekonstrueer

belangstelling

emosionele betrokkenheid

duidelikheid van stem van die spreker

spreker se doeltreffendheid

bewondering vir spreker

wellewendheid


eie onderrig in grammatika, spraakopleiding

(Vergelyk Alho, 1987; Hasling, 1982:132-138.)

Tydens taaldinamikakursusse was daar aanduidings dat 'n persoon wat 'n boodskap self goed kan konstrueer, ook 'n ander boodskap deur luister kan dekonstrueer. Deur hierdie aktiewe dekonstruksie of metakommunikasie (Stubbs, 1984:48) word geweldig baie taalremediëring gedoen. Hoe groter die woordeskat en verwysingsraamwerk, hoe effektiewer die luisteraksie.

Die vierde fase, naamlik respondering kan verbaal en nie-verbaal geskied. In die taaldinamika-laboratorium is ook bemerk dat 'n persoon wat verbale terugvoering gee veral deur vokaltiese geluide, as 'n beter luisteraar bevind word. Terselfdertyd kan die luisteraar nou die tempo van die boodskap bepaal en deur 'n [ja:] dit wil sê slegs die verlenging van die vokaal, die spreker sy boodskap laat herhaal.

Die volgende diagram vergelyk die kodering van die spreker se boodskap met die luisteraksie van die hoorder. Om 'n basis van ontmoeting te bewerkstellig en steuringe uit te skakel moet beide dieselfde persepsie van die spreker se bedoeling hê.



4.3.10 EVALUERING

As 'n boodskap versend is en terugvoering ontvang word, is die hantering van sukses verbaal moeilik. Gewoonlik is studente geneig om 'n negatiewe stelling te maak, byvoorbeeld:

dit is nie so erg nie;

vergeet dit

waar bloot die wellewende aanname die proses voltooi. In hierdie geval moet die woord die lyf balanseer en temper.

Waar 'n boodskap glad nie slaag nie (mondeling of skriftelik) moet gekyk word na steuringe wat ontstaan tydens die kommunikasieproses.

Fisiese steuringe - Dit sluit in werklike steuringe veral die akoestiese en paralinguistiese aspekte tydens verbale kommunikasie. Die volgende aspekte kan gekontroleer word. Gaan laaste fone nie dalk verlore deur swak volume nie, óf is die stemtegniek net swak? Is die stem tydens 'n vriendelike versoek nie te hoog geplaas en die toon te koud nie, want dan sal dit kontraproduktief op die vertolking inwerk. Is die taal se ritme nie deur stereotiepiese aannames ondinamies en die tempo te stadig vir die verbuiginge nie? (Vergelyk Stubbs, 1984:49.)

Sosiale steuringe - Demografiese verskille waarmee die taalgebruiker nie rekening hou nie, byvoorbeeld beroepsveld, ouderdom, streek, klas, ras, politieke groep, kan semantiese steuringe laat ontstaan, byvoorbeeld verkeerde uitspraak, woorde wat aanstoot gee en wat vreemd en onverstaanbaar is. 'n Spreker kan ook te bewus wees van die sosiale milieu (vergelyk Du Plessis, 1987:88). Belangrik hier is ook perseptuele steuringe. Is rykdom vir die fabriekswerker en fabrieksbaas dieselfde? Middelbestuur moet hier die vaardigheid aanleer dat goeie taalgebruik die regte woord vir die regte persoon veronderstel. Die taalgebruik van die middelbestuurder sal aangepas

moet word by die besturende direkteur en die grondpersoneel om doelwitte te bereik. Wat verstaan almal onder produktiwiteit, gelyke besoldiging, vryheid, motivering? Slegs 18% van 175 studente aan die Technikon Pretoria kon 'n eietydse woord soos produktiwiteit korrek definieer. 8,3% het produktiwiteit met die volk in verband gebring.

Psigiese steuringe - Die angste, vrese, intelligensievlak en belewing van 'n taalgebruiker kan sy taalkommunikasie strem. Dit is noodsaaklik vir die bedryf om aan 'n werker te leer om duidelik en eenvoudig sy behoeftes te formuleer. Dit gaan hier om die begryp van 'n boodskap en nie oor 'n ingewikkelde sinskonstruksie om die werkwoord aan die einde te plaas nie. Belangrik hier is ook die besinning of 'n taal wat vrees vir oorlewing wel bruikbaar is.

Tydens hierdie stadium kan die remediërende fase intree. Waarom het u as taalgebruiker nie met u boodskap geslaag nie? Die dekonstruksie van video-opnames en diskoersanalises is hier belangrik.

Die volgende taaltegniek kan nou aan werkers met gebrekkige taalvaardigheid geleer word.


Fase 1

Aanspreekvorm + objek + werkwoord

Begin Meneer + Plan A + slaag nie. Einde

Begin Dit slaag nie, want die werkers is te min. Einde

Begin Die werkers is te min, want die werk word onderskat.
Einde



Fase 2 Instruktief en saaklik

Meneer Plan A werk nie, want die werkers is te min en die werk word onderskat.

(Vermy slegs herhalinge en leer voegwoorde.)

Fase 3 Instruktief, saaklik, oorredend, wellewend

(Taalmanipulasie word nou aangeleer.)

Meneer Plan A is blykbaar nie so suksesvol nie. Die werkers probeer hulle bes, maar die projek is groter as wat aanvanklik gedink is.

Dit is hier waar beide die semantiek en pragmatiek na vore kom. Die gebruik van blykbaar en so impliseer sosiale deiksis en selfs empatie. Ter wille van die inisieerder van die plan, word die mislukking afgeskaal. Die -er in groter en veral die premorfeem ge- in gedink distansieer die onderwerp totaal van die persoon. Die rede vir mislukking is dus die groter projek waaroor 'n ongeïdentifiseerde vierde persoon gedink het. Studente word geleer dat bywoorde verskans en die lydende vorm objektiveer. Gedeeltes kan ook gedekonstrueer word om by die aanvanklike boodskap uit te kom.

By topbestuur is vooroordeel, subjektiewe betrokkenheid en te bewus wees van die hoorder/media se meerder- en minderwaardigheid so oorweldigend dat die doelstelling verlore gaan. Taalgebruikers op hierdie vlak moet leer om feitelik te redeneer en nooit voorskriftelik te wees nie.

Sin 1: Suid-Afrikaners moet meer positief wees en harder werk.
Bevelsin - voorskriftelik.

Sin 2: 'n Positiewe Suid-Afrika is produktiewer.
Stelsin - feitelik.

Sin 3: Kan Suid-Afrika méér produktief wees?
Hoorders is betrokke.

In die tweede sin is meer produktief beter, want dit beklemtoon en suggereer die feit van verbeter meer as die -er in produktiewer. Die strukturele element dra pragmatiese betekenis; met ander woorde die strukturele element word ter wille van sy bruikbaarheid in die benoeming van 'n werklikheid kommunikatief gebruik.

4.3.11 HERHALING VAN BOODSKAPPE

Boodskappe wat te veel herhaal word na aanvanklike positiewe terugvoering is destruktief vir die boodskap. Indien 'n boodskap nie verstaan word nie, kan die boodskap in 'n ander register, toon (sleutel) of strategie oorgedra word.

Daar is 'n aantal foute tydens beredenering volgens Copi (1978:86-101) wat die aanname van standpunte deur die objek-

tiewe luisteraar verhinder. Hierdie foute en taalgebruik is baie na aan mekaar, byvoorbeeld forserende en beledigende aanslag; redenering vanuit omstandighede; die geringskatting en ignorering van die onbewysbare; die appèl om simpatie; outoritêre goedkeuring en aanname deur die massa; veralgemening; manipulerende en komplekse vrae; die afdwing van 'n geldende reël op alle situasies en die maak van irrelevante konklusies na ongeldige bewyse.

4.4 DIE TAAL AS ENIGSTE INSTRUMENT

4.4.1 TAALDINAMIESE UITGANGSPUNT TEN OPSIGTE VAN DIE WOORD

Dit gaan in Taaldinamika om die mens as die anderse geplaas in verskillende rolle, en verskillende werklikhede en die enigste waardeur hy homself kan vergestalt is deur woord en gebaar (vergelyk ook Halliday, 1978:61). In die bedryf by verslaggewing word egter net die woord (gesproke of skriftelik) as wetenskaplike feit aanvaar. Die bedoeling word in woorde gekodeer en tydens mondelinge kommunikasie word deur die uitspraak addisionele referente bygehaal. Die mens beleef die werklikheid, kodeer sy ervarings in algemene simbole en moet dan sy deurleefde realiteit deur foneem en morfeem in sintaktiese strukture aan 'n hoorder uitspel (vergelyk Halliday, 1978:220-235).

Gedurende hierdie interaksie met ander plaas moeilike sinskonstruksies stres op swak taalgebruikers. Die taalgebruiker moet egter die terminologie hê om sy vakmanskap te definieer. Die benoeming van die konkrete vereis woordeskat, maar om die abstrakte in onderhandelinge te benoem, is ook 'n meerdere kennis van werksomgewing, arbeidsbeskouing en 'n begrip vir die hoor-

der se persepsies ter sake. Taalvaardigheid is nou verbonde aan die insigte ten opsigte van leefwêreld, kollektiewe begrippe, gemeenskapsleer en die elementêre denkstrominge van ons tyd. Die konteks of werklikheid waarin die taal gebruik word, bepaal die soort taal wat gebruik word. Hoe gou die intensie in 'n woord gekodeer word, hang ten nouste saam met die vermoë om uit 'n verskeidenheid woorde te kies.

Die belangrikheid van die woord moet nie onderskat word nie. In die videolaboratorium is aangedui dat tydens konfliktsituasies die persoonlikheid en geloofwaardigheid van die spreker nie in so 'n groot mate deur lyftaal benadeel word nie, maar wel deur swak taalgebruik. Hoe groter die woordeskat en wyer die verwysingsraamwerk, hoe langer duur dit om persoonlike fassades te laat verkrummel. Die voorwetenskaplike gegewene van algemene gesindheid en wêreldbeskoulike speel hier ook 'n rol. Die positiewe persoon se taalgebruik, lyftaal en oorreding bly langer aanvaarbaar as die negatiewe of egosentriese taalgebruiker. Taalterapie en selfontwikkeling is dus geïntegreer en die keuse van woorde is 'n verklikker van die mens self (vergeelyk Hoofstuk 3).

Die vereistes aan die taalgebruiker gestel om begrippe duidelik, spesifiek, konkreet en korrek in taal te kodeer, word 'n al groter eis in 'n komplekse wêreld. Die dilemma nou is dat alhoewel nuutskeppinge toegeneem het en teoretiese taalverdieping hoë aansien geniet, die spreker woordeloser raak.

"An entire generation has grown up that distrusts language's ability to express a true picture of reality and that relies

upon the empty intercalations of like, you know, I mean. The world has grown inarticulate at the very time that an unprecedented number of words flood the media. The output has burgeoned, but speakers have retreated into worn paths and stock phrases." (Farb, 1978:119.)

'n Rede vir bogenoemde kan wees dat die jong taalgebruiker direk na taalverwerwing ingelei word in die taalteoretiese. Die klem het reeds op primêre vlak verskuif van die Taalgebruikskunde en die aanleer van woordeskat na die meer teoretiese aspekte van taal. Die taal is nie die benoemer van sy verdere ontwikkeling nie. Daar is gevoelserveraring, beeldvisualisering, maar nie benoeming nie. Hy leer ook nooit werklik om die taal funksioneel tot sy voordeel aan te wend nie. Die taalgebruiker moet pragmaties met die taal omgaan. Dit gaan nie in die taal net om die korrekte formulerings nie, maar die enigste toetsing of maatstaf wat aangelê kan word, is die doeltreffendheid en geslaagdheid van die boodskap. (Vergelyk soos bespreek in Hoofstuk 2 na aanleiding van Hymes & Fillmore et al.) Het ek die hoorder bereik en kan ek hom manipuleer tot aksie? Hierdie vermoë kan uitgebou word, deur 'n verskeidenheid fiktiewe werklikhede te benoem.

Die bedryf ervaar die taal as 'n las in plaas daarvan om die taal te sien as die optimale instrument om te bemark. Op hierdie stadium van 'n taaldinamikakursus moet die student bewus wees daarvan dat die mites van die tyd en die self gedra word deur eiesoortige metafore en 'n idiolek. "Korrekte" taalgebruik is taalbemeestering deurdat denke in foneem, morfeem en woord vasgegryp is tot ontmoetingsbegrip met die hoorder.

4.4.2 ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN TAALGEBRUIK

4.4.2.1 SOSIOLINGUISTIESE ASPEKTE

- woord en geleentheid moet pas
- taal is kommunikatief en informatief, daarom is 'n kennis van sosiolekte en 'n luister na ideolekte ter sake (vergelyk Du Plessis, 1987 en Hudson, 1987)
- spraakhandeling en benaderingswyse ondersteun betekenis
- taalmanipulasie vind plaas deur emotiewe woorde te gebruik om sekere aspekte te beklemtoon
- stereotiepiese antwoorde en jargon is leeg, en bied slegs verskansing en sekuriteit
- woorde moet in konteks verstaan word (vergelyk Halliday, 1978)
- daar lê ook baie in dit wat ongesê is (vergelyk Halliday, 1978:60)
- dit is belangrik om formele en informele, konvensionele en onkonvensionele taal af te wissel
- populêre taal is motiverend
- woorde het verskillende lae van betekenis (Halliday, 1975:242)
- taal word aangepas by hoorders
- woorde is draers van gevarieerde en geskakeerde konsepte en sentimente
- die betekenis van woorde lê in mense
- daar is te min woorde/tekens vir alle betekenis en daarom is woorde arbitrêr
- nuwe werklikhede roep nuwe woorde op

4.4.2.2 LINGUISTIESE EN SEMANTIESE ASPEKTE

Vereistes aan dinamiese taalgebruik is helderheid, duidelikheid en geskiktheid. Woorde wat verhelderend is, is oorspronklike woorde, sintuiglike woorde en woorde wat aksie teweegbring. Afrikaans is baie gelukkig deurdat sy nuutskeppinge baie beskrywend is. Dit vervat die tegnologie van die eerste wêreld, maar dra die aardsheid, speelsheid, mensheid en tromklanke, soos in die vokale, van 'n derde wêreld, byvoorbeeld, klawerpad, rekenaar, boetebessie, potjiekos, skottelpot, boerpot (vergelyk Eksteen, 1984 vir nog voorbeelde). Behalwe die oorspronklikheid is die sintuiglikheid beleefbaar deur die hoorder byvoorbeeld in woorde soos lyftaal, sis, dor, geruis, ryk en lekker. Afrikaans is 'n dinamiese taal aangesien die werkwoorde maklik deur afleiding, samestelling en samestellende afleiding 'n verskeidenheid aksies weergee; byvoorbeeld, geberg, verberg, handel, onderhandel. Die gewildheid van die koppelwerkwoord is gee baie beskrywingsgeleentheid deur die bywoorde.

Die logos moet deur die presiese woord gekonkretiseer word (vergelyk Labuschagne, 1965:103-105). Die beeldende krag van Afrikaans maak dit maklik om die hoorder te bereik deurdat woorde dieselfde semantiese domeine vir verskillende taalgebruikers oproep. Afrikaans is vanaf die begin beskrywend gerig op werklikhede. Baie abstrakte begrippe veral ten opsigte van die kultuur roep identiese verwysings op. Dit is wel in Afrikaans waar dat kollektiewe beelde en konsepte gemeenskapsbesit is/was, veral ten opsigte van nasionaliteit, godsdiens en kultuur. In die afgelope dekade het die kollektiewe denke versplinter en vir die eerste keer is daar te min woorde vir

variante van persepsies soos vir geregtigheid en Afrikaner. Vir die eerste maal moet die Afrikaanse spreker "oënskynlik" nie veralgemeen in sy perseptuele aanname nie.

Dit bring die toepaslike taal na vore. Alle woorde is toepaslik, maar sekere woorde is nou taboe en algemene woorde het skeldtaal geword, byvoorbeeld kaffer, verlig, verkramp. Aanvanklik was slang totaal onaanvaarbaar. Taalvariante soos Johannesburgse Afrikaans van die westelike en suidelike gebiede, Kaapse Afrikaans en Flaaitaal, was nie beskaafd genoeg nie. (Vergelyk Claassen & Van Rensburg, 1983; Labov se uitsprake soos beredeneer in Hoofstuk 2.) Die vrees vir die groot sterf van Afrikaans stel nou die verwagtinge in op die nuwere kombuistaal wat die taal sal red. Die aanvanklike diskriminasie teen taalvariante (vergelyk Esterhuyse, 1986) het oënskynlik verdwyn, asook die subjektiewe beoordeling daarvan (vergelyk Du Plessis, 1987:14). Daar is 'n groter akkommodering vir taalvariasie en die Afrikaanssprekende word totaal bevry (?) ten opsigte van sy mondelinge kommunikasie. Dit is egter so dat profane taal, slang en jargon identifikasies van onself is. Gevallestudies en gestruktureerde onderhoude, soos reeds in die studie aangedui, wys daarop dat sprekers 'n geloofwaardige teken soek om boodskappe in te kodeer, andersins word die taal slegs vir die minderwaardige, funksioneel aangewend.

'n Vereiste vir interessante spreek- en skryftaal is die afwisseling van soorte sinne, sinslengtes en konstruksies. Die stelsin kan afgewissel word met die vraagsin om deelname te bewerkstellig. Begin slagsinne met werkwoorde vir groter tref-

krag en gebruik byvoeglike naamwoorde vir die gesproke taal en bywoorde vir skriftelike kommunikasie vir omskrywing. Saaklike verskansing word verkry deur hulpwerkwoorde en die lydende vorm te gebruik. (Vergelyk Levinson, 1987:41 se aanname dat die passief gebruik word vir voor- en agtergrondinformasie.)

Hy kan dit gedoen het.

Die saak is besleg.

Vervolgens word statiese gedagtes lewend deur sinsritmes en dinamiese woordordes.

Die idee word gestruktureer deur die taal, byvoorbeeld deur die eenvoudige beelding van die situasie, maar ook deur herhaling van strukturele elemente soos alliterasie en sinonieme wat die boodskap intensiveer vanweë hulle plasing. Die intensiteit word gedra deur die sensasie wat die woord skep. Woorde en metafore uit die kontekste van die sport, die seksuele en die dood gryp die verbeelding aan. Interessant is dat die motiveerende geskrif of praatjie baie werkwoorde aan die begin van sinne het en dat dit die tempo van lees verhaas.

Etsuko Kaburaki en Kuno (1975:1-73) het navorsing gedoen oor sintaksis en empatie in Engels en Japannees. In Afrikaans kan 'n verskeidenheid belewinge van 'n saak deur bloot woordvervanging opgeroep word.

Jan is 'n getroue werker - argaïes

Jan is onmisbaar - persoonlik

Jan is fluks - gradueel moeilik onderskeibaar

Jan is onvervangbaar - hy laat 'n ruimte

As Jan wil weggaan vanweë te min erkenning is die keuse van die laaste woord met die dralende aksent op vang die doeltreffendste. Die woord en woordklank skep atmosfeer. Sou Afrikaans nie nog meer semantiese moontlikhede kon skep met minder oordrewe reëls ten opsigte van aksent nie? Verkeerde aksentlegging op byvoorbeeld monument (monument in plaas van monument) is onafrikaans, maar omvangryk in plaas van omvangryk gee slegs 'n graduele betekenisverskil. Kuno (1975:40) wys ook daarop dat die spreker meer empatie betoon met 'n objek as met 'n persoon. Empatie en tema is ook in noue verband (Kuno, 1975:46) en sentimente van sprekers kan deur diskoersanalise bepaal word. "Empathy is the speaker's identification in various degrees, with the referent of a participant in an event." (Kuno, 1975:49). Dit dui ook die verskil tussen die impak van visuele geletterdheid en taalgeletterdheid aan. Visuele beelde is een-dimensioneel, terwyl die woord meerdimensioneel is. Die visuele beeld moet in die woord benoem word.

Die moontlikhede wat die klank van die Afrikaanse vokaal bied, is onuitputlik ten opsigte van atmosfeerskepping en betekenis-oordraging tydens mondelinge kommunikasie wat, indirek weer die gelaat spel rig.

babbel [babəɪ] - kort en lig

gesels [xəseɪls] - plat

vertolk [fərtɔlk] - verhewe

Nasalering gee gedraendheid terwyl die [ə] en [ɛ] as vokale saam met die [b] as stemhebbende eksplosief baie lig maar tog konkreet ervaar word :

bitterbessie dagbreek

bitterbessie son

'n Vers uit 'n nuwere Afrikaanse liedjie wys by die aanpassing van woordorde, sinsaksent en mindere verbuiging hoe atmosfeer opgewek word (vergelyk Clark & Clark, 1977:10-35 vir proposisionele en tematiese inhoude van sinne).

Hulle seil by die wind verby - dinamies

Seil hulle by die wind verby? - vraend

By die wind seil hulle verby - spraak wissel dit van opwind-
ding tot teleurstelling

Die wind seil by hulle verby - verlate

Winde seil by hulle verby - vergete

Verby seil die wind - magteloos

Ver by hulle verby seil die wind - afgesonder

4.4.3 IDIOLEK EN STYL

In kursusse wil baie taalgebruikers 'n emblematiese taal vir hulleself ontwikkel. Die vraag word gevra: Watter beeld moet die taal van jou verkoop? Dit is vanselfsprekend dat taal, kleredrag, gebaar, objekte wat gedra word 'n geheelprent moet vorm. Taalgebruik en bestuurstyl is gewoonlik geïntegreer.

Die outoritêre bestuurder:

Hierdie persoon se beredenering sal geen ruimte laat vir subjektiewe interpretasies nie. Premisse volg presies op mekaar en geen voornaamwoorde word gebruik nie. Formele taalgebruik, gelykmatige tempo, luide stem en oënskynlike objektiewe en direkte benoeming van feite, voltooi die geheelbeeld.

Produksie is die hoogste prioriteit

nie

Ons moet meer produktief wees nie

Universele stelsinne met weinig byvoeglike en bywoordelike bysinne is belangrik.

Die dogmatiese bestuurder:

Die kollektiewe verlangens van die groep word in jargon en afgesaagde cliché's wat sekuriteit bied, benoem. Woorde soos miskien en probeer word nie gebruik nie. Daar is geen grysgebiede wat deur die taal ontplooi moet word nie. 'n Gedraestem, stadige tempo, afgaande stem op uitgerekte vokale pas by geykte gebare, byvoorbeeld ek glo. Dit gaan hier om 'n verhewe ek en 'n gesigslose u. Baie instansies, veral banke, soek bogenoemde persoonlikheidstipe wat stereotiepiese taal en uitspraak het, om advertensiekopië wat vol kollektiewe begrippe is, oor te dra.

Die charismatiese bestuurder:

Hy benoem die wêreld in konkrete, sintuiglike en dinamiese woorde. Die werkwoord en beskrywende bywoord skep die dinamiek van hier en nou. Die beelding is flambojant - groen is lentegroen; begeertes is brandend; ideale is groots. Die metaforiese gebruik van die taal is 'n bonus, byvoorbeeld kwiksilwerdae. Die volume van die stem is hard, die toon is wisselend en die tempo vinnig. Lyftaal is net so vars soos die woord en beeld. Dit gaan om ek en jy en die aanwysing van dinge.

Die demokratiese bestuurder:

Hier is die saaklike verskansing van die spreker nodig, want dit gaan om 'n organisasie en die ons wat gemotiveer moet word om insette te lewer. Geen bevelsinne word gebruik nie, maar suggesties word gemaak en die lydende vorm is gewild.

Tydens taaldinamikakursusse word instruksies en verslae geskryf en voorstelle op vergaderings geoefen met bogenoemde style in gedagte. Die klasse wat in die kleingroep eers alles mondeling doen en dan bespreek en weer herhaal in werkwinkelverband gee 'n unieke geleentheid om taalkennis uit te ruil. Deur hierdie diskoersanalise, word taal aangeleer (vergelyk Stubbs, 1984). Die taalgebruiker ontwikkel selfvertroue in die groep deur die erkenning wat hy vir geslaagde kommunikasie ontvang. Dit gaan aanvanklik nie om die linguistiese en sintaktiese strukture nie, maar om die gesprek en die idee van taal-in-beweging. Deur die herhaling word sekere modelle, terminologie en sin-snedes onbewustelik deel van die taalgebruiker. Hierdie verworwe kennis is uniek aan homself en geskik vir sy besondere behoeftes in die werksituasie. (Vergelyk die direkte metode, oudiolinguale metode, pragmatiek.)

By die evaluering van instruksies en verslae, kan op sekere taalfasette gewys word, byvoorbeeld:

- die teenstrydighede in die taal soos die gebruik van ironie, hiperbole, eufimismes, metonimia
- uitspraak, byvoorbeeld nasalering en vokalisering

- die moontlikhede van morfeme ten opsigte van betekenisveranderinge (pre- en postmorfeme)
- woordsoorte en impak
- samestelling, afleiding en samestellende afleiding en spelreëls
- paradigmas, teenoorgesteldes en sinonieme
- meerduidigheid van woorde soos polisemie en homonimie
- sintaksis en die herdistribusie van woorde
- taal in konteks
- deiktiese verwysings

Soos bemark kan word, is al hierdie aspekte reeds mondeling en skriftelik gedoen. In taaldinamikakursusse word strukturelemente nooit teoreties uitgespel nie, aangesien dit gaan om mondelinge vaardighede, behalwe waar die student gevorderde kursusse wil volg in taalteorie. Die taal moet eers natuurlik beheers word voordat die student teoretiese verdieping soek en nie vice versa nie.

4.4.4 DIE METAFOOR

Die metafoor is die kulmineringspunt van goeie taalgebruik. Voordat die metafoor nuut gebruik word, moet die taalgebruiker deur die taal bevry wees. Studente word aangemoedig om beeldend en beskrywend met die taal om te gaan en die gevarieerde gebruik van die metafoor ontstaan op natuurlike wyse by verskillende studente. Studente konstrueer ook spontaan metafore op verskillende modelle.

In die taaldinamika-laboratorium word onderskryf wat Degenaar (1970:297-298) beweer: "Hier word geensins gewerk met die idee

van 'n vasstaande korrekte gebruik van die taal waarteenoor 'n vasstaande foutiewe gebruik van die taal staan nie. Ek beweer dat die metafoor beskryf kan word in terme van bepaalde kategoriale grense wat doelbewus omskryf word ten einde iets nuuts te sê. Ek gebruik hierdie (metaforiese) wyse van spreke oor die metafoor juis om die kreatiwiteit van die taal binne metaforiese spreke aan te dui." Verder skep metafore nuwe betekenisvelde en 'n openheid vir verdere kreatiewe uitbreiding.

Brooke-Rose (1958) onderskei in haar A grammar of metaphor 'n klassifikasie van sintaktiese patrone wat Degenaar (1970:299) met Afrikaanse voorbeelde aanvul.

1. Substantiwiese metafore:

(a) eenvoudige vervanging:

"Wees vir jou kind: vuurtoring ... klokboei ... mishoring ..." (Opperman)

(b) aanduidende formules:

"die dood, 'n see wat aan die hart bly klots" (Opperman)

(c) kombinasie met die werkwoord "is"

"die dae is gipsafgietsels van mekaar" (Ernst van Heerden)

Laasgenoemde model met is, is die eerste metafore wat suksesvol gebruik word.

(d) kombinasie met die werkwoord "maak" (of verwante werkwoorde):

"trek seesterpunte tot 'n roosblom saam" (Ernst van Heerden)

(e) genitiewe verbindings:

"taai knoop van sy gedagtes" (N.P. van Wyk Louw)

Bogenoemde metafoor is maklik en gewild vir taalkliënte om te bemeester.

2. Werkwoord-metafore:

(a) die onoorganklike werkwoord:

"atome stoel uit die atol" (Opperman)

(b) die oorganklike werkwoord:

"die sterre vreet aan die heelal" (Opperman)

3. Die adjektiewiese metafore:

"die tranerige kers" (Opperman)

4. Die adverbiale metafore:

"dat jy vol bier oophart gesels" (Opperman)

Hoe meer die taalgebruiker se taalvermoë ontwikkel hoe groter word die vermoë om metaforiese taal te gebruik. Dit is asof die een beeld in 'n sekere situasie onbewustelik die ander beeld in die ander konteks oproep. Daar bestaan baie metafore in die religieuse, wetenskaplike, fisiese, biochemiese, fonetiese, linguistiese en staatkundige betekenisvelde (Degenaar, 1970:308-311). Die uitdaging vir die moderne taalgebruiker lê daarin dat hy metafore moet skep vir die mites van sy tyd, maar ook ten opsigte van sy beroep. Die doelwitte moet verwoord word vir die situasie en hoorder.

Bolinger (1980:140-141) bespreek ook mededingende metafore. Vanweë 'n subjektiewe instelling benoem ons persone en objekte met positiewe of negatiewe woorde. Die wêreld is 'n uitgewerkte metafoor en die mens is toegerus om ooreenkomste en verskille raak te sien.

4.4.5 KONSEPTUALISERING

Afrikaans staan ook in hierdie verband voor 'n groot uitdaging. Die taal wat die veranderende tye prismaties gaan vasvang in metaforiese beelde gaan ter sake wees vir 'n nuwe bestel. Die woord en die metafoor dra die persepsies van die gebruiker en hoorder. Elke tyd het sy eie woorde wat die sosiale bestaan definieer (vergelyk Halliday, 1978).

4.4.6 DIE SOSIALE IMPLIKASIES VAN TAAL

Die doelwitte van taalkommunikasie is om verstaan en aanvaar te word, te vermaak, sieninge te beïnvloed, aktiwiteit te bewerkstellig en om op te sweep en aan te hits. Taal is die basis van die gemeenskap en vorm 'n integrale deel van die sosialiseringsproses. Dit benoem die veranderende omstandighede en koördineer gesamentlike doelstellings deur die korrekte woord(e). Nuwe werklikhede stimuleer nuwe woorde en brei die leksikale kapasiteit uit. Woorde word ook emosioneel hanteer en kan positiewe en negatiewe konnotasies oproep. Die volgende woorde veronderstel 'n wye verwysingsraamwerk:

trek en republiek; eie identiteit en apartheid; samewerking en ontwikkeling; eie sake en algemene sake; swart tuislande en blanke republiek, ensovoorts.

Die enigste wyse waarop 'n kind sy omwêreld kan leer ken, is deur die taal en dit is ook die taal wat hom hierdie kulturele proses laat ontworstel (Hockett, 1981:113). Taal integreer, pas aan, verander en kontroleer saam met die sosiale prosesse in die gemeenskap.

Isolasie vind plaas vanweë geografiese en semantiese steuringe, maar die vervreemding van die individu in 'n oorbevolkte wêreld en sielkundige afstande as gevolg van vooroordeel en diskriminasië kan slegs deur die empatiese woord herstel word. Dit is die enigste medium wat ekspressief, permanent, dinamies en vloeibaar is. Geweld skei en bind nie groepe nie, maar wel die gemeenskaplike woord, wat dieselfde inhoud vir almal het.

Die taalgebruiker met Afrikaans as medium moet veral bewus wees daarvan dat goeie taalgebruik, duidelike doelwitte en goeie rapport met die hoorder geïntegreer moet wees en dat woorde spesifieke betekenisse vir die gemeenskap dra.

Dit is dus belangrik om woorde te kies wat aanpas by die sentimente van die hoorder. Begrippe uit die Bybel kan dus appèl hê op die hoorder of hom verder vervreem. Die woord is dus ook draer van die lewens- en wêreldbeskoulike. Sekere kollektiewe begrippe is aangeleerde kultuur en onbewustelike oerbeelde deur die aanvanklike taalverwerwingsfase van die moeder geleer. Woorde is egter ook die definiëring van subkulture en groepe, terwyl sekere woorde selfs tiperend van sekere fasette van elke mens se persoonlike geskiedenis kan wees.

In die taaldinamikaklasse word boodskappe aangepas by verskillende groepe en kulture en daardeur word dialektiese verskille en die taalverskeidenheid beklemtoon.


4.4.7 DIE SIELKUNDIGE IMPLIKASIES VAN TAAL

Die individu en die gemeenskap het sekere motiewe, behoeftes en doelwitte. By oorreding is byvoorbeeld die persoonlikheids-

tipe, agtergrondkennis, leefwêreld en die situasie van die ontvanger belangrik. Kommunikasie het dus ook gedragdimensies. So kan sekere woorde, die kommunikasieproses ophef omdat dit iets van die instelling van die spreker verklap, byvoorbeeld: almal haat my; ek is ongelukkig; dit sal nie werk nie; alles is super; moenie my deurmekaar maak nie.

Jung (1970:70) verdeel mense in introverte en ekstroverte. Vir laasgenoemde is selfverwesenliking veral deur spraak, maar die persoon luister min en praat te vinnig. Daarteenoor kan die introvert 'n goeie luisteraar en deurdagte spreker word, deurdat hy diskoerse volg en nie meemaak nie. Die introvert het egter 'n agterstand ten opsigte van die kommunikatiewe aspek.


Die vermoë tot abstrakte denke is moeilik om te bepaal. Kreatiewe denke en taalvaardigheid is egter nou verbonde en kan skematies so voorgestel word:



4.4.8 SEMANTIESE IMPLIKASIES VAN TAAL

Ons lewe in 'n wêreld van dinge (die konkrete) maar ook in 'n wêreld van woorde. Deur die woord kan ons die realiteit verander òf die mens in pariteit met die realiteit rig. Die taal kan dus velerlei vermag, byvoorbeeld slagsinne kan gebruik word vir motivering en etikettering om sosiale indelings te maak. Taalmanipulasie deur die intensionele gebruik van woorde kan mense deur naamgewing (links / regs / liberaal / konserwatief) tipeer. Deur die onrealistiese tekening van gebeure kan die aandag verskuif word en die negatiewe sinspelinge op sekere sieninge kan dit onpopulêr maak. Die woord kan dus die situasie ophef.

4.5 PRAATTAAL EN LYFTAAL



(Peace, 1985:124)

Persoonlikheid, bestuurstyl en gesindheid sal vanselfsprekend deur die kinestiek geaksentueer word. Liggaamshouding, woordkeuse en spraakhandeling is gewoonlik in harmonie. Die taalgebruik (performance) van die persone sal aanpas by die algehele beeld wat hulle skep.

In 'n taaldinamikakursus word die taal sentraal gestel. Na die terapeutiese fase waarin taalhouding en taalgesindheid gepositiviseer is; die begrip taal-in-beweging deur die bemeestering van taaltegnieke tydens die kommunikasieproses begryp is, word die woord in al sy bruikbaarhede voorgehou. Hierna kan die video-laboratorium met groot sukses bygehaal word.

Dit is so dat vandat die taalgebruikskunde baie ondergeskik geraak het aan die teoretiese en linguistiese; die mondelinge taalvaardigheid en taaloptrede deur ander vak- en deeldisiplines beklemtoon is. Dit gebeur dus dat taalgebruiker en vakwetenskaplikes die woord afskaal en selfs irrelevant wil bewys teenoor lyftaal en beeld. Hierdie situasie het die taal gekniehalter en beperk. Die taalgebruiker het die taal nie meer prakties ervaar nie; maar terselfdertyd die kommunikasietegnieke verabsoluteer om boodskappe oor te dra. Die groot kulturele en sosiale differensiasie in die land maak hierdie tegnieke en ingestudeerde gebare futiel en bly die woord die enigste permanente vir die strukturering van onderhandelinge.

In die videolaboratorium is eksperimentele navorsing ten opsigte van lyftaal versus taalhandelinge gedoen. Tydens hierdie praktikaklasse kan die student op sy beurt mondelinge en kommunikasievaardighede verbeter.

Studente is in 'n praktyksituasie geplaas. Geen klankopnames is gemaak nie en slegs 'n video-opname van die beeld van die spreker/rolspeler is gemaak. Praattaal en lyftaal word dus geskei. Die student word in 'n beroepsrol geplaas en daar is interaksie met die gehoor. Die student kan alle tegnieke gebruik na eie keuse. Voorbeelde: 'n Privaatsekretaresse gee 'n instruksie van die afdelingshoof aan 'n groep tiksters; 'n toergids bespreek die dag se reëlings; 'n siviele ingenieur bespoedig 'n projek. Medestudente maak aantekeninge van taalgebruik en strategie. Slegs die verbale taalhandelinge en diskoers word beoordeel behalwe waar stem en liggaamstaal verklikkers is en die teendeel oordra.

Na ses tot agt sulke beroepsituasies word die video-weergawes teruggespeel sonder klank. Slegs die nie-verbale kommunikasie word nou beoordeel. In meeste van die gevalle het die swak keuse van die woord, taalfoute en plat taal die lyftaal beïnvloed.


Tydens so 'n lesing kan proksemitiek, kronemiek, aanraking en objektiek verduidelik word. Ook oogkontak, waaronder saaklike oogkontak, persoonlike oogkontak en intieme oogkontak, word behandel en taalaanpassings word daarby gegee. Ellis & Beattie (1986:144) het deur navorsing ook korrelate tussen taal en oogkontak gevind. Lyftaal word op 'n terloopse wyse aangeleer en daar word gewys op taalooreenkomste. Gebaar en woord is die optelsom van die waarheid. Net soos die taal, dui lyftaal ook op die ware rapport met die gehoor.

Voorbeelde van die korrelasie tussen praattaal en lyftaal:

Ek en julle:

Julle is vir my belangrik.

Ek dink, ek wonder.



Daar is groot opwinding.




Dit is piekfyn.




Hande op die heupe:



Ek is neutraal.




Verduidelik asseblief.



Hoe lyk ek?

Toringblokke:



Toringblokke en die regule-
ring van gesprek

(Alle voorafgaande sketse uit Peace, 1985.)

Die woord is dominant en nie die gebaar nie, byvoorbeeld die hand sal naby die lyf van die spreker wees as hy iets belangrik

ten opsigte van homself verduidelik. Hoe belangriker, hoe meer vou die hand nader aan die lyf toe. Die moontlike verwysing deur gebare is ook baie beperk terwyl daar veel meer woorde bestaan om mee te kommunikeer, bv. 600 000 woorde vir 'n gemiddelde Engelssprekende spreker. Clark & Clark (1978:231-257) beredeneer die ontwikkeling van die kommunikasieproses van aksie, gebaar tot klank (simbool) met 'n duidelike interafhanklikheid. Die handeling kan egter net gerig word deur 'n aanvanklike stimulus van behoefte / logos / bedoeling.

Terselfdertyd kan die manipulerende mag van die stem nooit onderskat word nie.

'n onvriendelike kritikaster	-	hees/skril kwaliteit
'n geïnhibeerde	-	monotone stem
lustelose mens	-	binnensmonds
vrees en senuweeagtigheid	-	hoë, skril stem
laer en warm stem	-	empatie

Vergelyk die grammofoonplaat wat uit 2 woorde bestaan het "John" en "Marsha". Dit het 3 minute gedraai en is verban; bloot vanweë die uitspraak, toonhoogte, intensiteit en tempo (Roelofse, 1982:34).

4.6 TAAL EN DOELWITBEREIKING

Die formulering van doelwitte kan mondeling en skriftelik gedoen word. Sodra 'n persoon wel oorreë, bemark en motiveer, is appèl in die boodskap ingebed.

4.6.1 LOGIESE APPÈL

4.6.1.1 INLEIDING

Dit is baie duidelik uit kontroletake dat studente nie logies van 'n beginpunt tot by 'n eindpunt gebeur, feite, ensovoorts kan rangskik nie. Wat kan dan verder ook onder logika verstaan word? Copi definieer dit as volg: "Logic is the study of the methods and principles used to distinguish good (correct) from bad (incorrect) reasoning (Copi, 1978:3.)

Denke en taal is interafhanklik. 'n Argument is 'n stel bewerings in taal wat lei tot 'n gevolgtrekking, byvoorbeeld:

Die uitstuur van die agenda is die verantwoordelikheid van die voorsitter of sekretaresse. (Premisse)

Die voorsitter doen geen administratiewe werk nie. (Premisse)

Dus is dit die taak van die sekretaresse. (Konklusie)

'n Reeks premisse lei tot 'n konklusie en deur eliminerings word die gevolgtrekking duidelik. By die rig van versoeke of tydens oorreding moet die een premisse logies op die ander volg en daar moet nie te ver afgewyk word van die doelwit nie. (Vergelyk Du Toit & Orr, 1987:125-139.)

Voorbeeld: Vra vir 'n verhoging

Model 1

1.1 Goeiemore Meneer - dankie dat ek 'n salarisaanpassing met u kan bespreek.

1.2 Ek is reeds drie jaar aan u firma verbonde en ontvang nog dieselfde salaris.

1.3 My kwalifikasies het verbeter.

1.4 Ek het 'n rekenaargeletterdheidskursus geneem om groter produktiwiteit te help verseker.

1.5 In plaas van vyf persone werk nou net twee persone aan die projek.

1.6 Daarom neem ek die vrymoedigheid om u oor 'n salarisverhoging te kom spreek.

Model 2

2.1 More Meneer - baie dankie vir u bereidwilligheid om my te woord te staan.

2.2 Ek is al vir drie jare aan u firma verbonde en ontvang nog steeds dieselfde salaris.

2.3 Ek het vir my 'n motortjie aangeskaf en versorg my bejaarde moeder.

2.4 Ek het my kwalifikasies onder moeilike omstandighede verbeter.

2.5 Ek het 'n rekenaarkursus gevolg en het geen erkenning gekry nie.

2.6 In plaas van vyf persone werk net ek en Jan aan die projek.

2.7 Sal u nie asseblief 'n verhoging oorweeg nie.

Volgens Du Toit & Orr (1987:46) is die volgende belangrik:

"Words, phrases and sentences have very specific uses and the choice of a word, phrase or sentence will determine what others will understand. The choice of a wrong word may change, alter or distort what you really wanted to express. Many of the uses of words, phrases and sentences overlap; it is thus essential that you should be able to pick the right one for the right occasion."

Model 1 en 2 se doelwitstelling is identies. Die persoon in model 1 slaag egter, want die premisse lei tot 'n logiese slot-

som waarop die hoorder net ja of nee kan antwoord. Die stel van feite is objektief en gedistansieerd. Geen guns word byvoorbeeld in 1.1 en 1.6 gevra nie en 1.5 verwys na twee ongeïdentifiseerde persone. Geen woord dra 'n verwyd of probeer empatie opwek nie. Daarenteen gee die persoon in Model 2 in 2.1 en 2.7 die idee weer dat die hoorder wel vry geleentheid het om die saak te ignoreer. Verwyd word deur die volgende woorde geïnsinueer: steeds (2.2) moeilike omstandighede (2.4) geen erkenning (2.5) die gebruik van ek en Jan (2.6). Daar is ook veel geleenthede en ruimtes gebied waarop die hoorder kan uitbrei en die aandag kan verskuif, byvoorbeeld nuwe subjekte: uitgawes en moeder (2.3). Deur gevoelswoorde soos motortjie, bejaarde het 'n ander dimensie van emosionaliteit bygekom.

4.6.1.2 DIE FORMULERING EN AANBIEDING VAN FEITE

Die geloofwaardigheid van die hoorder en die verifiëring van feite is belangrik vir die aanvaarding van 'n boodskap. Om feite vir die hoorder te bewys, is voorbeelde deur vergelykings, kontraste, aanhalings van geloofwaardige persone en oorredingstrategieë belangrik.

Die induktiewe en deduktiewe metodes kan gebruik word om feite oorredend aan te bied. (Vergelyk ook die abduktiewe metode van Peirce soos aangehaal deur Chomsky, 1979:71.) Onder die deduktiewe metode word ook verstaan die gebruik van die sillogisme in al sy fasette en simboliese logika. Die induktiewe metode sluit weer in analogieë, oorsaak en gevolge en die evaluering van veronderstellings.

Belangrik bly steeds dat die feite wat lei tot 'n vanselfsprekende gevolgtrekking nie deur verkeerde woordkeuses en sintak-

sis ondermyn moet word nie. Denke en taal is interafhanklik en by 'n definisie is die taalvorm waarin die inhoud vergestalt is net so belangrik vir betekenis as die gedagte self. (Vergelyk die beredenering van vorm en inhoud as gelyktydige proses byvoorbeeld Chomsky, soos in hoofstuk 2 uiteengesit.)

4.6.2 SIELKUNDIGE APPÈL


4.6.2.1 INLEIDING

Soos reeds bespreek moet die volgende ten opsigte van 'n gehoor verstaan word: -

1. Begrip vir hulle agtergrond, kennis, hul instelling teenoor die oorreder en doelwitte en hulle intellektuele, emosionele en sosiale vermoëns.
2. 'n Basis van ontmoeting moet geskep word.
3. Alle doelwitte moet in verhouding met hulle behoeftes en verwagtings gestel word.
4. Die aandag moet behou word deur die konkrete benoeming van sake en 'n "Wir-Gefühl" moet geskep word deur ideologie en filosofie in te bed in kollektiewe begrippe.
5. Die belangstelling moet ook gehou word deur die afwisseling van stem, aanbieding en die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels, ensovoorts.
6. Die gehoor moet gelei word tot respondering. Die suggestie moet bestaan dat hulleself tot die slotsom en oortuiging gekom het.
7. Belangrik is die feit dat die inboet van oortuiging nie die inboet van persoonlikheid is nie. Die doelwit of onderwerp moet dus geaksentueer word.

4.6.2.2 MASLOW SE TEORIE EN TAALKEUSES

Dit gaan hier om die hiërargie van menslike behoeftes. Die een behoefte moet eers aan voldoen wees, voordat die volgende belangrik is (Maslow, 1943:370-396). Enige teorie slaag slegs wanneer dit in die regte register ingebed word. As 'n bestuurder voor 'n gehoor van werkers, middelbestuur en topbestuur staan en hy sou aanneem dat hierdie behoeftes volgens enige verspreiding by enige groep aanwesig is, is daar twee alternatiewes wat die taal vir hom aanbied. Hy kan òf die organisasie as onderwerp sentraal stel en kollektiewe begrippe aksentueer en jargon aanhaal ter wille van sekuriteit, òf hy kan motive-rend die taal die behoeftes van elke teikengroep laat dra.



Voorbeeld

1. Boodskap: Hierdie organisasie het nie honger mense nie ...
Hulle kinders het 'n dak oor hulle kop.

Implikasie : Die organisasie gee konkrete dinge soos kos en huisvesting.

Taalgebruik: Basiese taal vir die werker.

2. Boodskap: Hierdie organisasie help sy mense in tye van voorspoed en nood, en laat nie toe dat ander hulle intimideer nie.

Implikasie: Die organisasie help altyd.

Taalgebruik: Jargon skep sekuriteit.

3. Boodskap: 'n Mens hoef nie skaam te wees om hier te werk nie, want die organisasie het hoë ideale en die werksomstandighede is puik.

Implikasie: Die kollektiewe word vereer en beklemtoon.

Taalgebruik: Vriendelike plat taal. Sosiale aanslag. Die woord puik is meer verhewe taal wat die handhawing van die status quo beklemtoon.

4. Boodskap: 'n Harde werker word raakgesien en sal sy beloning en erkenning kry op die regte tyd en plek.

Implikasie: Juniors word ook raakgesien en die aktiewe kyk van bestuur na die produktiwiteit en vergoeding van die werknemer is altyd aanwesig. Die beloning word vaag gestel, maar geld is die aanname.

Taalgebruik: Woorde belowe, maar stel ook vereistes, byvoorbeeld 'n harde werker sal beloning kry.

5. Boodskap: In hierdie organisasie word geleenthede tot innoovering en die uitbou van ideale en doelwitte gebied.

Implikasie: Veranderinge ten opsigte van ideale en emosionele doelwitte is pragmaties.

Taalgebruik: In as voorsetsel suggereer orals en binne.

4.6.3 PERSOONLIKE APPÈL

Logiese en sielkundige appèl kan aangeleer word, maar die persoonlike appèl of charisma is uniek aan die persoonlikheid. Dit is egter so dat geloofwaardigheid, die korrekte hantering van taal, spraak en wellewendheidseise uitgebou kan word. Gesindheid en respek vir en identifikasie met persone, is ingebed in taal en styl. Die taalvaardige persoon se kommunikasievaardigheid en tegnieke verbeter daarmee saam.

Die sistematisering van stof, kreatiewe taalvermoë en die verrassingselemente in woordgebruik ingebou, dra by tot persoonlike appèl. Helderheid, diversiteit, moderne en aanvaarbare taal ondersteun persoonlike appèl. Die taal is draer van die doelwit, maar ook die bemarker van die taalgebruiker self.

4.7 OORREDING

4.7.1 INTERPERSOONLIKE OORREDING

Die uitgangspunt van Taaldinamika dat die hoorder belangrik is, maar dat dit die spreker is wat die manipulerende mag van die woord as voertuig het, word deur alle taal oefeninge gebruik. 'n Oorreder besef dat strategie en woord verweef is. Die oorreder kan openlik en bewustelik, òf bedek en onbewustelik strategieë en woorde ter wille van taalmanipulasie gebruik. Die taalgebruiker kan sy doelwitte en sentimente duidelik uitspel, byvoorbeeld:

Ek is 'n aanhanger van die humanisme

òf die persoon kan vanweë agtergrond en skoling in 'n spesifieke ideologie onbewus dogmatiese sieninge verwoord, soos:

Die vrou hoort in die kombuis.

Dale Spender (1984:194-205) het veral die situasie en status van die vrou soos deur die taal gedra, nagevors. Woordgebruik is weliswaar diskriminerend teen vroue. By die weergawe van gebeure word sekere feite beklemtoon en ander weggelaat of verklein deur veral die gebruik van die onbepaalde telwoorde. Die spreker is beskermend of aanvallend; die status quo word deur die woord gehandhaaf òf daar is agitاسie. Rasionele en emosionele beredenering word gedra deur die verkose register, byvoorbeeld:

kom ons beredeneer die betrokke saak

naas

hierdie saak lê my na aan die hart kom ons gesels man tot man daaroor.

4.7.2 OORREDINGSTRATEGIEË EN TAALGEBRUIK

Daar is verskillende wyses waarop feite oorredend aangebied kan word. In die gewone spreektaal en in plaaslike advertensies word daar egter van algemeen-menslike aspekte in eenvoudige en soms stereotiepiese taal gebruik gemaak om te oorreed. (Vergelyk Finn et al., 1983.) Die volgende is enkele voorbeelde daarvan:

1. Vrees: Nou is die tyd vir beslissing - dit is 5 voor twaalf.

Dit gaan om die huidige. Die koppelwerkwoorde is maak dit nou ter sake. Selfstandige naamwoorde wat 'n werkwoordelike ekwivalent het, byvoorbeeld beslis + ing, gee dit universele waarde.

2. Aktiewe deelname: Dink saam - doen saam

Werkwoorde spoor aan tot aksie. Saam bevestig dit die onsgevoel.

3. Sosialisering:

Soos die vadere so die seuns.

Alle vroue gebruik Omo.

Soos is hier die skakel tussen verskillende sake. Die veralgemening is baie belangrik - alle, almal.

4. Beklemtuning van sentimente:

Ons firma begryp en verstaan u drome.

Die persoon wat aangespreek word se empatie moet opgewek word deur te sinspeel op temas wat vir hom belangrik is (vergelyk Levinson, 1987:81; Kuno, 1975:49).

5. Duidelike doelwitte:

In 'n wêreld van onsekerheid en verandering is dit goed om duidelike doelwitte in stelsinne uit te spel. Woorde soos mis-
kien, straks, dalk, probeer, iewat, moet hier weggelaat word. Veral versekeringmaatskappye en banke maak van hierdie onwankelbare leuses gebruik.

6. Naamgewing:

Deur persone te etiketteer word hulle geliasseer. Veral die onsekere persoon word gemanipuleer deur vriendelike dreigemente soos:

As jy dit doen is jy liberaal, oningelig, oudmodies.

Die voegwoord as aan die begin van die sin is 'n dreigende manipulasie. Verkeerde woorde en konnotasies wat gesuggereer word in verband met 'n persoon, is woordgeweld.

7. Verskuiwing van aandag:

Ja, dit is so - maar onthou ...

Vergelyk dit met, dit is net soos ...

8. Die onrealistiese tekening van gebeure:

Die land brand, maar vrede sal hier seëvier en 'n vreedsame land vir almal bied.

Net soos daar kollektiewe begrippe in die taalgemeenskap leef, so leef daar ook kollektiewe mites/oerbeelde van gewoonmenslike dinge. Die mens word geontmitologiseer van sy pienk wêreld deur die woord. (Vergelyk die idee van die vernietiging van die werklikheid deur die woord soos beskryf deur Todorov, 1967:117, aangehaal deur Wybenga, 1987:101.)

9. Die skep van twyfel en daarmee saam die versekering:

Sien u lig in hierdie duistere situasie - my party het die antwoord.

Die idee van die helpende hand wat altyd aanwesig is na vrae wat twyfel verwek:

Is jy seker? Glo jy dit?

10. Sinspelinge op beskouinge en suggestie:

Iemand wat so dink - vae spreker

Ek wil liever niks sê nie - die bestaande werklikheid word uitgebrei deur suggestie.

11. Red die sinkende skip:

Dit is nou of nooit

Ons moet nou red wat te redde is.

12. Die oproep van skuldgevoelens:

Moenie u later verwyt dat u nie aan u kinders die beste gebied
het nie.

13. Fantasie en romanse:

sondeurdrenkte strande - byvoeglike naamwoorde
die meesters van die heelal - 'n wêreld groter as die werklik-
heid.

Oorreding word ook bewerkstellig deur die nie-verbale vermoëns van die spreker, byvoorbeeld hantering van ruimte, stemtegnieke, aanraking en lyftaal. Om strategieë in taal te kodeer, gee onbeperkte geleenthede aan die student om die taal meer en meer presies te laat sê wat die spreker wil.

4.7.3 VERANDERLIKES BY OORREDING

Taalkommunikasie, veral die gesproke woord, is oorredende kommunikasie. Die boodskap van die spreker kan egter nie staties bly nie en word gedurig dinamies aangepas by:


- die persoonlikheid van die hoorder en sy instelling op 'n gegewe moment
- tydsgees en konteks
- situasie

Taal, aksie, kennis en situasie is onafskeidbaar (vergelyk Stubbs, 1984).

4.7.4 OORREDING IN DIE BEDRYF

Belangrik in 'n taaldinamikakursus is om op hierdie stadium die persoon te plaas op die hiërargiese lyn waar hy hom bevind. In

'n organisasie gaan dit om die stuur van boodskappe en daar is verskillende rigtings van kommunikasie wat die soort boodskap beïnvloed. Die verskillende rigtings van kommunikasie in 'n firma kan as volg voorgestel word:



Op die laer bestuursvlakke kan gewone werkers op vergaderings mondelinge voorstelle maak; 'n artikel skryf in die huispublikasie; met 'n persoon met hoër status gaan praat; 'n riemtelegram versprei of as daar 'n briewebus is wat direk 'n skakel met topbestuur bied, kan hy 'n brief skryf. Dit is egter so dat op alle vlakke van bestuur die gesproke woord en skriftelike kommunikasie al is waarmee samehorigheid, motivering, produktiwiteit gestimuleer kan word.

Soos reeds elders vermeld moet ons in 'n snelveranderende tegnologiese era ons kommunikasie tot die uiterste verbeter. In kontradiksie met bogenoemde eise, het vergaderings staties deur afgesaagde en stereotiepiese herhalings geword en memorandums, korrespondensie, en dies meer bloot 'n vorm met 'n geykte boodskap. Kreatiewe bestuur sluit ook in die verwoording van nuwe betekenisse. Manning (1987) praat van The Management of Meaning.

Die bestuurder moet produksieresultate verbeter, maar ook die persepsie van die werker jeens sy arbeid verbeter. Kommunikasie is die skakel wat alles koördineer in 'n firma en in Suid-Afrika het hierdie kommunikasie veral tussen bestuur en werker 'n hoë premie. "In our quest for mutuality we must begin with the management of meaning. New realities must be created in the minds of everyone in all our organisations." (Manning, 1987 : 58.)

Om interne en eksterne kommunikasie te verbeter kan van drie soorte media gebruik gemaak word, naamlik:

Persoonlike kontak - spontane interaksie, formele vergaderings en gesagsvergaderings, nuuskonferensies, werksessies, forums en die oop-huis-gedagte. Die sukses van die werker berus hier veral op sy mondelinge vaardigheid.

Gekontroleerde media - kennisgewings, briewe, memorandums, nuusbriewe, inligtingsrakkies, verkooppunte, pamflette, brosjures, handleidings, huispublikasies, jaarverslae, foto's, persvystellings, skyfies, telefoon en bandopnames. Behalwe die laasgenoemde twee metodes is dit hoofsaaklik skriftelike kommunikasie.

Die massamedia en massakommunikasie

koerante

tydskrifte

radio

televisie

films

plakkate, strooibiljette, ensovoorts

Die meeste effek word verkry deur innoverende denke en die inkleding daarvan in kreatiewe taal (Finn et al., 1983:31-47).

4.7.5 GEÏNTENSIVEERDE OORREDING IN DIE GEMEENSAP

Propaganda, indoktrinasie, breinspoeling en opvoeding word deur die beklemtoning van sekere persepsies wat gedra word in sekere woorde, "gepleeg". Propaganda is op groepe gerig en die doelwit is om só 'n groep te lei tot die aanvaarding van 'n idee oor kontroversiële sake; byvoorbeeld vryheid deur rewolusie. Indoktrinasie is die eensydige aanbieding van 'n saak / ideologie / ideaal wat nie kan bevraagteken word nie, byvoorbeeld kapitalisme, demokrasie, is die enigste oplossing. Goeie opvoeding leer 'n persoon om te onderskei tussen waarheid en valsheid. Breinspoeling ontnem 'n persoon van sy sekerhede en maak hom gewillig om nuwe idees te aanvaar (vergelyk Finn et al., 1983:6-7).

Marais (1979:115-121) verduidelik die proses van beïnvloeding en pas sy idees aan na aanleiding van Bennis et al., (1968) se drie fases, te wete ontvriesing, verandering en herbevestiging.

Ontvriesing vind plaas deur gebrek aan bevestiging met ander woorde hy ervaar vervreemding deurdat hy voel dat niemand sy sentimente deel nie. 'n Mens sou hier wou byvoeg dat jy sy sekerheid kan aantast deur sy ideologiese woorde te laat verval of hulle hul geloofwaardigheid te laat verloor. In samehang met die teorie word toepaslike woorde vir verduideliking verstrekk. Woorde soos identiteit, volkseie, Afrikanerskap, laer

trek, apartheid en dominansie word gedegradeer. Tydens hierdie fase word ook 'n skuld-angs-psigose geskep, byvoorbeeld onderdrukking, minderhede, massa, halsnoermoorde. Terselfdertyd word daar 'n psigologiese veiligheid deur die afskaal van bedreiging gekweek, byvoorbeeld gematigdes, noodtoestand, geïntimideerdes, konsensus.

Interessant dat gedurende so 'n ontvriesingsfase, verhoog kommunikasie en volgens Marais se hipotese (1979:115-118) is hierdie behoefte aan veral taalkommunikasie oor 'n houdingsonderwerp 'n voorwaarde vir die verandering van sienswyse. Verder verhewig ang in groepsverband.

Verandering

Verandering vereis 'n nuwe werklikheid, nuwe inligting en 'n nuwe groep om mee te identifiseer - ook nuwe woorde, byvoorbeeld ingeligtes, beswaardes, eie sake, algemene sake, weg beweeg van diskriminerende wetgewing, hervorming, menseregte.

Herbevriesing

Dit gaan hier om die integrasie van die verandering in die persoonlikheid en dit eis 'n versterkingsfase. Die versterkingsfase lê nuwe sentimente vas. Die persoon moet nuwe sentimente kan kommunikeer en gekompromitteer raak, byvoorbeeld die nuwe-Afrikaner, koersverandering, nuwe bestel, mense met waagmoed.

4.7.6 OORREDING, REKLAME EN DIE WOORD

Deur verskeie seminare van bemarkers by te woon, kopië te bestudeer en logo's te ontleed het dit duidelik geword dat die taal net so hard verkoop soos die produk. Kort woorde het ge-

weldig baie trefkrag veral as hulle staccato opgestapel word in eenvoudige sinne. Werkwoorde wat beweeglikheid en aksie suggereer, is byvoorbeeld snel, vervlug, stol, verwaai. Om selfstandige naamwoorde of ander woordsoorte tot werkwoorde te omvorm gee 'n dubbele advertensie aan die produk, byvoorbeeld kaas dit en geniet dit. Sintuiglike woorde en lyflike woorde is goeie verkopers, byvoorbeeld hoor, ruik, proe, kyk. Positiewe woorde soos liefde, huis, kind veral as dit soos die laaste twee konkreet is, is goeie bemarkers. Die neurolinguistiek, perseptologie en suggestologie, veral dit wat ongesê is, gryp die verbeelding aan (vergelyk Nel, 1987). Taal moet met groot subtiliteit en kreatiwiteit tot verrassende helderheid aangewend word. Woorde moet aanklank vind by die leefwêreld van die hoorder en daarby saam moet geloofwaardigheid in positiewe stelling ingebed lê. Die teenwoordige tyd, bywoorde soos nou, hier, verhoog die dinamiek van die aanbod. Nuwe woorde moet nuwe produkte, denke en belewinge teken. Die woord moet empatie oordra aan die hoorder, maar 'n uitdaging vir verdere inkleding bied. Die woord skep 'n nuwe werklikheid en stimuleer die handeling. Linguistiese effekte word verkry deur suggesties, klimakse en antiklimakse, paradokse, metafore, personifikasies, alliterasie, assonansie, ritme, rym, sarkasme en ironie.

4.8 TAALDINAMIKA EN DIE GROEP

4.8.1 INLEIDING

In taaldinamikakursusse word die student van taaltherapie, deur 'n holistiese benadering van mens en wêreld gebring tot die aanvaarding van die woord as "gebruiksartikel". Deur taal-in-beweging leer hy onbewustelik taalkennis aan en verbeter sy

kommunikasietegnieke. Die taal word instrument van werk- en leefwêreld en word kreatief benut ter wille van oorrëding en bemarking. Terapie, taalgëding en selfvertroue groei in die kleingroep. Groepsdinamika word nou op twee maniere gebruik. Studente leer om taalgebruik in groepsverband te gebruik, maar terselfdertyd word die eerste werklike toetsing nou deur mondelinge groepwerk ten opsigte van taalvaardigheid aangelê.

Feite ten opsigte van leierskap, soorte groepe, groepsmodelle, fases van groepskommunikasie, konflikthantering en soorte groeplede word genoem, maar terselfdertyd speel die studente dit in taal uit. Studente moet verdeel in groepe, 'n groepsmodel en leier kies en terugvoering van gesprekvoering gee. Deur hierdie gebeure te dekonstrueer kan die bestuurstyl van die leier gedefinieer word, die deelname van groeplede en die aanbieding van hulle boodskappe geëvalueer word. Hierdie definiëring en evaluering geskied na aanleiding van die taalgebruik van die spreker.

4.8.2 DIE INDIVIDU EN DIE GROEP

Persone word as verskillende groeplede getipeer vanweë taalgebruik soos reeds verwys onder sielkundige implikasies van taal, byvoorbeeld die grapjas deur woordspëlinge, die sinikus deur negatiewe opmerkings, die besluitelose lid deur vaagheid, die aggressor deur aanvallende woorde, ensovoorts. Die taakfunksie van elke lid en die groep word deur amp of aksie beskrywe en die aksie is oorwegend taalhandelëing. Terselfdertyd is daar die wisselwerking van idiolek en die taalgebruik in die groep. Elke groep het sy eie voorkeure vir woorde, interessante skepëinge wat saam gaan met sekere historiese gebeurtenisse en gra-

dule verskille ten opsigte van formaliteit en fatsoenlikheid. Die leuse/motto van 'n groep word ook in 'n woord of sinsnede vervat wat weer karakteriserend van die groep is.

4.8.3 GROEPSGEDRAG, GROEPSDINK EN GROEPSKOMMUNIKASIE

Die individu beweeg gedurig in verskillende groepe mense en tydens hierdie ontmoetingsituasies word register en modus operandi aangepas. Kodewisseling vind plaas in samehang met hoorder en omstandighede (vergelyk Du Plessis, 1987:22-23; Hudson, 1987:56; Halliday, 1978:62). Die persoonlike identiteit word versterk tydens die interaksie met ander. Deur die hoorder se terugvoering te evalueer selekteer die spreker die beste gedragspatrone en vervolmaak dit (vergelyk Barrett, 1981:236). Dieselfde gebeur met taalgebruik. Deur die probeer-en-fouteer-metode word korrekte taalpatrone aangeleer wat die beste slaag tydens die oorredingsproses. Dit is nie bloot 'n herhaling van sinsmodelle nie, maar die herhaling van 'n taalhandeling in 'n spesifieke werklikheid.

Een van die belangrikste interpersoonlike vaardighede waaroor 'n mens kan beskik in groepsverband is akkurate en ondubbelsinnige kommunikasie. Negatiewe en positiewe groepsgedrag geskied hoofsaaklik deur die taal self:

Groepe met groot solidariteit openbaar sekere eienskappe van groepsdink en kodeer laasgenoemde in kollektiewe taalgedrag. Marais (1979:146-147) verwys na die illusie van onkwesbaarheid, eensgesindheid, die onderdrukking van persoonlike twyfel, sensurering van afwykers, seleksie van informasie, kollektiewe rasionalisering, geloof in 'n groep se moraliteit en stereotipe.

pering van die buite-groep. In groepe leef uitsprake na aanleiding van bogenoemde onderskeidelik in : eendrag maak mag; een vir almal en almal vir een, en ons is reg; glo en vertrou net; hy hoort nie; slegs die volgende is vir ons belangrik; in daardie tyd het dit so gehoor of ons moes ons eers self bewys; ons groep is superieur / gelowiges / die beste; hulle is minderwaardig / onbetroubaar / minder goed.

4.8.4 KONFLIK- EN TAALHANTERING

Daar is baie wyses om konflik te hanteer, byvoorbeeld deur onttrekking, forsering; paaiend te wees, 'n kompromie aan te gaan of te konfronteer. Konflik word egter hoofsaaklik deur woordkeuse en spraakhandeling aangehits of ontlont. Konflik kan omseil word deur altyd die saak sentraal te stel en nie die persoon nie. Voornaamwoorde word vermy en onderwerpe moet benoem word, sonder om dit deur die byvoeglike naamwoorde te beskryf. 'n Saaklike verskansing kan deur die gebruik van die lydende vorm bewerkstellig word. Veral klagtes, instruksies en ontevredenheid kan neutraal gestel word.

4.8.5 TAALDINAMIKA IN DIE GROEP

Tydens groepskommunikasie is boodskappe selde langer as 1 - 2 minute. 'n Boodskap lyk skematies so:


- (1) inleidende sin - aansluiting by vorige saak of persoon
- (2) voorstel by wyse van 'n vraag
- (3) voorbeelde ter wille van motivering
- (4) samevattende gevolgtrekking

Die taal is kripties, daar is betwisbare uitsprake, standpunte is nie-proposisioneel opgebou en die aanbieding is nie altyd vloeiend nie (vergelyk Marais, 1979:63-72). Die nie-verbale

handelinge is nou 'n korrektief vir die taalgebruik. Boodskappe kom dus van 'n "ek" na 'n "jy". 'n Taaldinamiese metode is om nou 'n saak klinkklaar in die helder woord of metafoor te benoem en daarmee saam deur gemotiveerde aanbieding die aandag te behou. In 'n groep oorskadu die goeie boodskap in meeste gevalle selfs die aanvanklike persepsies.

4.9 TAALDINAMIKA IN DIE GEMEENSAP

Die individu kommunikeer op eiesoortige wyse deur woord en lyf. As gevolg van verskillende samelewingsverbande of groepe waarin hy beweeg, vereis sy rolfunksie ook 'n aanpassing. Soos sy rol en werklikheid verander, pas sy taal pragmaties aan en word hierdie veranderinge ook in strukturele aanpassings ervaar. 'n Groep samelewingsverbande vorm deel van 'n bestaande gemeenskap waarin kollektiewe beelde subjektief funksioneer. Die verskillende gemeenskappe word vervat in die groter samelewing waar ideale en aspirasies saaklik en objektief benoem word. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



Die taal word uitgebou en beskerm in die besondere taalgemeenskap, aangesien die oorlewing van die taal vir die gemeenskap

belangrik is as draer van alle kulturele goedere en as benoemer vir 'n eiesoortige werklikheid. (Vergelyk Steyn, 1980:386-394.) Terselfdertyd moet die taal in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika ook aan ander groepe bemark word (vergelijk Hoofstuk 1 in die verband).

Die digotomiese aard van die Suid-Afrikaanse samelewingsopset kan deur die taalfilosofie en linguistiek verder ondersoek word. Die eerste wêreld word getipeer deur oorfloed; massakonsumpsie; industrialisasie en tegnologie; verstedeliking; vrye tyd, maar prestasiedruk; rooibou en omgewingsbesoedeling. Daarenteen word die derde wêreldkomponent fisies gekenmerk deur armoede; broodgebrek en geen gesinsbeplanning. Psigies-sosiaal het hulle geen of min lewens- en toekomsvisie of vooruitbeplanning. Hulle is lokaalgebonde; het beperkte korttermyn tyd-oriëntasie; beperkte taalkode; primitiewe kommunikasievaardighede; swak of selfs ongeletterdheid en 'n gevolglike lae beroepstatus (vergelijk Engelbrecht, 1986).

As gevolg van bogenoemde feite is dit belangrik vir Afrikaans as amptelike taal om nie net sy aansprake tot die eerstetaal-spreker te rig nie. 'n Monokulturele taalbeskouing verval in etnosentrisme. 'n Multikulturele assimilasiëbeginsel is onproduktief. Afrikaans kan egter die nuwe kode word deur meer kultureel-pluralisties te wees in sy benadering. Taal kan wel nie gedepolitiseer word nie, vanweë die lewens- en wêreldbeskoulike, maar kan wel soos hy vroeër geleen het (kierie, aia, kaia) nou die uitbreidende en unieke lewensruimte en styl van die derde wêreld benoem. Strydom (1987:143-151) vra 'n bevryde Afrikaans na die eise van 'n interkulturele moraliteit. Daar-

enteen moet die taal die vermoë hê om die leefwêreld van die Afrikaan (blank en swart) te benoem. Volgens Dirven (1987:176-177) is die Afrikaanssprekende se leefwêreld en lewenstyl Engelsgeoriënteerd en daarom die gebruik van baie Engelse woorde in plaas van die bestaande Afrikaanse woord. In taaldinamiek kursusse word studente aangemoedig om die leefwerklikheid en die taalwerklikheid te versoen en nie die taal as slegs ideologiese sentiment te beskou nie.

Tydens taaldinamiek kursusse aan andertaliges en rasse groepe is die taal verbeter en taalhouding verander, aangesien die taalkliënte dit beleef het as die uitbouing van hulleself en nie die taal nie. Die taal word die verlengstuk van die self en is lewend en groeiend soos die leefwêreld uitbrei. Afrikaans as jong taal kan vanweë sy dinamiek 'n geloofwaardigheid bekom om eietydse en eiebodemlike objekte te benoem.

Daar moet 'n taalstrategie aangelê word om vir die al meer verstedeliktes, doelwitte in Afrikaans te benoem en al meer uitdrukkingsmiddele van 'n nuwe era en belewing in Afrikaans aan te bied. Verstedeliking gaan al hoe meer die Afrikaanse taal beïnvloed ten opsigte van uitspraak, woordeskat en sinskonstruksies as gevolg van kontak met ander tale. Dit is egter so dat die Afrikaanse taalgebruiker sosiaal Afrikaans goed gebruik maar huiwerig is om die Afrikaanse taal te gebruik om sakeinhoude mee uit te spel. Kursusgangers meen Engels het meer uitdrukkingsmoontlikhede. Dit het egter aan die lig gekom dat taalgebruikers nie bewus was van die woorde wat in Afrikaans bestaan om hulle spesifieke werklikheid nog beter te benoem nie. Sodra hulle egter oor prosaïse onderwerpe soos sport en

die plaas gesels het, het tot die andertaliges verkies om die plaas in Afrikaans te benoem. Die beeld van die Afrikaner en sy taal moet verskuif van die windverwaaide platteland na die veranderende en evoluerende stad met 'n nuwe visie en 'n nuwe mite vir alle Afrikaanse taalgebruikers.

Dit is goed om die ontwikkeling van die konsepte oor Afrikaans te bekyk. Hierdie indeling veronderstel die veranderende beeld van Afrikaans en wil die klemverskuiwings aantoon.

	<u>Werklikheid</u>	<u>Hantering van die werklikheid</u>
1700	Kaaps	Ongestruktureerd en sosiaal gebruik
1875	Kombuistaal	Spelling: Skryf soos jy praat
1948	Kultuurtaal	Afrikanertaal
1961	Volkstaal	Ideologiese taal
1970	Gefundeerde taal	Linguistiek
1980	Bedreigde taal	Pragmatiek en Dialektiek
19..	Oorlewingstaal	Tsotsitaal, en algemeen-beskaafde taal
19..	Dialek (?)	Kombuistaal (?)

Die geloofwaardigheid van die medium en wat die taal vir almal kan doen moet geaksentueer word. Dit moet gaan om die bemerking van 'n medium ter wille van sprekers, andersins bedreig dit kreatiewe denke en begrip.

Volgens Rive (1985:31-36) het die swart skrywers opgehou skryf. "In many cases the ideological change and the heightened political confrontation has meant that the aspirant Black writer has metaphorically substituted his pen for a stone." Aan die

ander kant word Afrikaans verwring in Kaaps, positief of negatief, as kulturele variant of as rassistiese truuk.

In 'n multiplekse samelewing is 'n eenvormige kode onvervangbaar. Die praktyk dui op tekorte aan mannekrag, opleidingspersoneel, bevolkingsverskuiwings, opkoms van die tegniek en diversifikasie van opleidingsbehoefte. Die taal moet hierdie leemtes en veranderinge met nuwe terminologie en verstaanbare konsepte vul.

4.10 TAALDINAMIKA EN DIE MEDIA

4.10.1 INLEIDING

Gevorderde studente in Taaldinamika moet baie boodskappe mondeling en skriftelik aan die media lewer. Dit is belangrik dat hierdie taalgebruikers oor die vermoë sal beskik om teikengroepe te bepaal en deur korrekte register, spraakhandeling en lyf-taal die verlangde effek te verkry. Die bewus wees van die konnotasies wat woorde het, is hier belangrik.

Inligting tydens onderhoude word hoofsaaklik deur die vraag- en antwoordmetode bekom. Dit is vir studente belangrik om verskillende tegnieke hier te bemeester. Enkele soorte vrae is:

eenvoudige vrae	- Is jy moeg? Ja/Nee
vrae wat gekontroleer kan word	- Reën dit?
vrae wat kennis veronderstel	- Wie is die skrywer?
manipulerende vrae	- Hoekom moet ek hom jammerkry?
universele vrae	- Wat is liefde?
aksievrae	- Sal ons massa?

(Vergelyk Du Toit & Orr, 1987:83-91.)

Verskillende soorte onderhoude soos inligtings- en oorredings- onderhoude is goeie praktikalessings, aangesien studente forseer word om feite, oplossings en selfs gevoelens te benoem. Die omseiling van konflikte deur die saaklike verskansing wat die taal bied, vereis taalbedrewendheid. Tydens die paneelbespreking wat gewoonlik volgens die Dewey-patroon gereël word, word ook die sistematiek van die verslag mondeling ingeoefen.

4.10.2 MEDEDELINGS EN DIE MEDIA

Tydens hierdie fase van Taaldinamika word boodskappe van die media, byvoorbeeld televisieprogramme, kopië vir advertensies, en radio-onderhoude gedekonstrueer. Watter nuwe begrippe is oorgedra? Watter woorde dra die nuwe logosse? Is daar konsensus tussen woord en beeld? By riskante onderwerpe word die aangewese kontrole wat hekwagters tydens die produksie moes toepas, bespreek. Is outoritêre, liberale of sosiale kontrole die aangewese? Terselfdertyd tydens hierdie evalueringsproses vergelyk die student sy eie persepsie tydens die intrapersoonale, interpersoonlike en groepsevaluering (vergelyk Dimpfl, 1981).

By die skryf van eie mededelings ervaar studente die verskillende opsigte van persoonlike ervaring, leefwêreld, verwysingsraamwerk, assosiasies en idees van nuuswaardigheid. Watter linguistiese en ouditiewe effekte kan ek gebruik by die keuse van woorde? Watter taal vir watter teikengroep? Watter metafoor vir watter mite?

4.10.3 TAAL EN BEELD

Daar is 'n dispuut oor die verskillende waardes van taal en beeld. Reynhardt (1987:18) beskou die woord as 'n suiwer teken wat begryp moet word. "As teken verteenwoordig dit iets wat self nie sigbaar is nie; 'n betekenis, 'n gedagte, 'n begrip. Die geskrewe woord kom altyd uit die denke." Hierdie onsigbare moet geïnterpreteer word en daarom die geweldige premie op teksverklarings in skool. Hy maak ook 'n verskil tussen die geestesbeeld wat die woord oproep en die werklike beeld deur waarneming. Die werklike beeld word egter ook in konteks deur die kyker geïnterpreteer - hierdie pikturale teks lewer minder probleme volgens hom op. Illustrasies, foto's in koerante en tydskrifte en geïllustreerde advertensies het 'n groot impak op die individu.

Die nuwe belangstelling in visuele geletterheid versus taalgeletterdheid is egter nie vir die taal bedreigend nie. Om kreatief te evalueer moet 'n individu die konsekwensies van taal begryp om eie konnotasies te maak. Beelde en prente kan weliswaar deur almal gesien en selfs verstaan word, maar die meerdimensionaliteit, belewing, geabstraheerde konsep moet gelogoseer word.

4.11 TOETSING

By evaluering en toetsing gaan dit om die volgende:

- Wat was die vraag?
- Wat is die aanbod?

Taalvaardigheid word nie gemeet aan die weergee van teoretiese definiëring en terminologie nie, maar in die bewys van dié vaardigheid in die praktyk. Doelwitte wat taalkliënte aan die

begin van 'n kursus geformuleer het, word nou gekontroleer. Dit is 'n onderhandelingsproses van behoefte en aanbieding en die taal is die verhandelbare produk.

Deurdat Taaldinamika aanvanklik op ekonomiese basis aangebied is, naamlik dit is die eise, dit is die prys en dit is die resultaat, was die toetsing in die praktyk. Die student moes in die beroepsituasie alle mondelinge en skriftelike kommunikasie wat ter sake is, goed doen. Daarom is die evaluering ook volgens beroep en posvlak.

As 'n student die vlak van taalvaardigheid besit waar hy homself deur woord en teken kan uitdruk, sou 'n teoretiese agtergrond in die taal 'n verdere verdieping van sy taal wees. Dit is egter belangrik dat die taal eers pragmaties gebruik word, voordat daaroor besin kan word.

TOEPASSING : TEORIE VERSUS PRAKSIS

5.1 TERREINONDESKENDINGE BY DIE VERSKILLENDE VAKWETENSKAPPE

Die term Afrikaans impliseer die taalsisteem gekenmerk deur fonologiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese en leksikale strukture en is ook die kultuurmedium van spesifieke volke (vergelyk Eksteen & Pretorius, 1982:6). In die afgelope dekade het die linguïste hulle aandag egter veral toegespits op die strukture en variante van die taal as objek self. Die taalwetenskap het die fokuspunt van skool- en tersiêre leerplanne geword en navorsing was gekwantifiseer. Die gewone taalgebruikskunde het op die agtergrond geskuif. In 'n era van statistiek en tegnologiese ontwikkeling wou die taalwetenskaplike die taal as wetenskap bewys.

Ander vakwetenskappe het die taal in sy omvang verken. Die Filosofie het oor die taal as verskynsel besin; die bedryfsielkundiges beredeneer konseptualisering en die Kommunikasiekunde het die interaksie tussen mededeler en ontvanger uitgebou. Die taal is oorwegend deur die taalwetenskap vasgepen bloot as die teken op papier.

Bogenoemde situasie stel die taal in 'n dilemma. Die taal, in besonder Afrikaans, is in 'n oorlewingstryd, want dit moet sy relevansie in die praktyk bewys. Die linguïst mag nie van selfgenoegsaamheid met sy objek verdink word nie, maar terselfdertyd moet die teoretiese nie in die bedryf agterweë gelaat word nie. Struktuuranalises en fonetiek is moeiliker bemerkbaar as

kommunikasietegnieke en die woord word minderwaardig gestel teenoor die beeld. Dit is dus vanselfsprekend dat die nuwe belangstelling van taalkundiges in die pragmatiek probleme ten opsigte van die terreinonderskeidinge met ander vakdissiplines soos die Kommunikasiekunde sal hê. Taaldinamika wil juis op hiêr die terrein aandui dat die taalhandeling 'n integrale deel van die kommunikasieproses is. Die taal is die inhoudsteken wat die ander komponente soos spraak en lyftaal rig. Taal is teken en draer van die aanvanklike betekenis en bedoeling, terwyl kommunikasietegnieke uiters die buitelyne van strategieë bied wat deur die woord ingevul moet word.

In 'n moderne tydvak waar die outonomieit van denkstroming en -isme nie ter sake is nie, maar wel die manifestasie van die objek, is so 'n deeglike afbakening nie ter sake nie. Om uitnemend taalvaardig te wees, vereis 'n verwysingsraamwerk, 'n insig in die sosiale, sielkundige en kommunikatiewe aspekte, 'n woordrepertoire, 'n logiese ordening en 'n beheersde spraakhandeling.

5.2 TERREINONDERSKEIDING TUSSEN SKOOL EN DIE VERSKILLEND TER- SIÊRE INRIGTINGS

5.2.1 AFRIKAANS AAN SKOLE

1. Na taalverwerwing, is die skool se taak om die kind tot benoeming van sy omwêreld te lei. Deur taalonderrig kan op indirekte wyse die mitologie, klassieke en wêreldkultuur aan die kind oorgedra word (vergelyk Hoofstuk 1).

2. Deur hierdie wyer wêreld te open, bekom die kind terminologie, formuleringsmodelle en kom hy tot metaforiese insigte (vergelyk Chomsky, 1979).
3. In die vak Afrikaans is die neiging egter tans om deur die strukturele en selfs die kontekstuele benadering die leefruimte van die kind te verklein tot die ruimte in die teks.

Vervolgens is dit belangrik dat die kind mondelinge vaardigheid bekom op informele en tog gestruktureerde wyse om sielkundige remminge te voorkom. Om soos die gebruik tans, aan 'n laerskoolkind publieke redevoering te leer, is om 'n "angstige tegniek" op te voed. Leerlinge moet eerder leer om uit 'n enkele woord 'n sin wat sintuiglikheid of empatie opwek, te formuleer. Die kind moet bewus raak van die funksionele en manipulerende waarde van woorde en sinsordes. Woordsoorte en hulle gebruik moet uit die sin aangeleer word in samehang, en nie individueel beskryf word nie. Verder is die taak van die skool die aanleer van nuutskeppinge, sinskonstruksies, spelling deur herhaling en toevallige wenke en om die kind te leer lees. As die waarde van woorde verstaan word, word die taalhouding positiewer. Die kind moet die woordeskat hê om in taal verskeie werklikhede te benoem. Tegnologiese benaminge moet nie deur woordelyste bekend gestel word nie, maar oor 'n lang periode natuurlik aangeleer word as gewone spreektaal, wat Afrikaans versterk in die samelewing. As terme gebruik word deur die koper moet die verkoper dit aanleer.

Eers in die senior klasse kan 'n inleiding tot die taalteorie aangebied word. Eers die praktiese vaardigheid en dan die teoretiese besinning. Die kind moet eers self die metafoor kan

verfyn voordat hy teksverklaring kan doen. Dit stel egter hoë eise aan die betrokke onderwyser se kreatiewe vermoë en in besonder aan sy vakkennis.

5.2.2 UNIVERSITEITE EN TECHNIKONS

Die universiteite stel 'n hoë premie op veral teoretiese verdieping, terwyl die teknikons veral op die praktiese uitvoerbaarheid van kennis gerig is. Afrikaans aan die universiteit veronderstel in baie gevalle taalwetenskap ter wille van taalwetenskap, terwyl die teknikon soms enkele taalreëls tot vaardigheid verhef vir die bedryf. Die evaluering van die taalwetenskap aan die universiteit is die hoeveelheid kennis verworwen en dié aan die teknikon is hoe goed die aangeleerde taaltegnieke in die beroep gebruik word. Dit is onrealisties om hierdie inrigtings enigszins te vergelyk, net soos wat 'n mens nie die akademiese teenoor die tegnologiese kan stel nie. Teorie en praksis is onafskeibaar en in bipoëlêre ewewig.

Dit is egter so dat geen professionele persoon sonder taalvaardigheid in die beroep suksesvol kan wees nie, veral nie in idealistiese beroepe of in bestuursposte in firmas waar kommunikasie die sentrifugale mag is nie. Eenjarige praktiese taalkursusse aan die universiteit vereis dus ook 'n pragmatiese benadering en 'n beroepsgerigte taalaanbieding. Die vereistes aan die kursus gestel, sal bepaal word deur die verwagtinge in die beroep. Die professionele persoon gebruik nie net 'n taal nie, maar moet ook daarmee mentale en psigiese stimuli kommunikeer en die reaksie van die ontvanger manipulerend rig. Die gewone tegnikus moet prosedures in taal verduidelik en die voorman in 'n fabriek kan net met taalhandeling kommunikasieprobleme ontloot.

5.3 VRAAG EN AANBOD

Die eise na taalvaardigheid (mondeling en skriftelik) op makro- en mikrovlak is in Hoofstukke 1 en 3 volledig uiteengesit. Die taalgebruiker moet beskik oor basiese mondelinge en skriftelike vaardighede, maar hy moet veral die taal so beheers dat hy sy boodskap by hoorders, leefwêreld en tydgees manipulerend kan aanpas. Taaldinamikakursusse kan hierdie aanvrae sinvol beantwoord.


5.4 DIE TAALDINAMIKAKURRIKULUM

5.4.1 AGTERGROND

Taaldinamika as onderrigdisipline in die Departement Afrikaans, veronderstel 'n beklemtoning van die praktiese taalkommunikasie, op so 'n wyse dat dit sal beantwoord aan die aard en karakter van die onderrigdoelstellings eie aan die betrokke tersiêre instansie. Die inhoudelike gerigtheid van die disipline moet die taalteorie en taalbeginsels waarin die student aan die universiteit, technikon, onderwyskollege, beroepsinstansie onderrig word, met die beroepsgerigte praktyk kan verbind.

Waar Taalkunde aan die universiteit aanvanklik slegs teoretiese verdieping gevind het in die Linguistiek as spesialiteitsrigting, word die Taalkunde aan die technikon andersyds pragmaties as spesialiteitsrigting praktykgerig aangebied.

Skematies gesien kan dit so voorgestel word:



Daarmee word die Departement Taalkommunikasie bipoëlêr onderverdeel in Taalkunde en Taaldinamika met die moontlikheid van uitbreiding en doelgerigte diens aan ander skole en departemente. Taaldinamika kan egter ook as metode vir alle afdelings van die taal aan die technikon gebruik word.

Universiteite het egter óók 'n probleem ten opsigte van die inkleding van praktiese taalkursusse wat strek oor een jaar. Die beperkte tydsduur verhinder teoretiese verdieping en verder moet die taalonderrig toepaslik gerig wees vir die beroep. Dit skep probleme vir die akademiese inkleding van die vak, maar terselfdertyd bring dit uitdaginge mee wat die universiteit moet beantwoord.

Sinvolle kurrikulering sal studente help om meer geletterd en taalvaardig te wees in die beroep en terselfdertyd ook die belangrikheid van die taal onderstreep. Indirek word Afrikaans ook as die aangewese taal in die Suid-Afrikaanse konteks bevestig, aangesien dit 'n taal is wat uit eie bodem toegerus is om uit teoretiese fundering die benoeming van tegnologiese en we-

tenskaplike kennis met die eise van 'n ontwikkelende land te versoen.

5.4.2. DIE BEHOEFTE VAN DIE ARBEIDSMARK

5.4.2.1 TAAL AS PERSOONLIKE INSTRUMENT

In die huidige samelewing wat gekenmerk word deur spesialisasie, kompetisie en die hoë premie op die pragmatiese is die enigste wyse waarop iemand homself kan vergestalt deur middel van die taal, wat as primêre instrument vir logiese ken en verstaan dien.

5.4.2.2 DIE GESPROKE WOORD EN DOELWITTE

Daar is dan ook 'n al groter belangstelling in kommunikasie en wel in die taalkommunikasie by die individu en firma om die interne, eksterne, horisontale en vertikale kommunikasie uit te bou. Leiers kan hulle alleen uitwys deur middel van logiese formulering en die suksesvolle verkoop van hulle doelwitte en doelstellings in hulle taalaanwending. Hierdie taal is gewoonlik die gesproke woord en aangesien die massamedia daarop gerig is, het die mondelinge kommunikasie 'n wyer trefkrag en word dit soos die skriftelike kommunikasie meer permanent.

5.4.2.3 TAAL EN DIE SOSIALE AANSPRAAK

Aangesien taalkommunikasie op makro- en mikrovlak binne 'n bepaalde sosiale milieu manifesteer, kan daar 'n al groter aksent op die groeiende behoefte aan 'n basiese sosiologiese oriëntering of gemeenskapsleer geplaas word en dit word op sosiolinguistiese vlak geëksploiteer.

5.4.2.4 TAALVAARDIGHEID IN DIE GROEP

Die beginsels van groepsdinamika kan situatief bestudeer en toegepas word, aangesien logiese formulering in die taallaboratorium en beroepsituasies deur videokonfrontering ingeoefen kan word.

5.4.2.5 AFRONDING EN DIE TAAL

Die praktyk vereis ook die persoonlike afronding van byvoorbeeld privaatsekretaresses / skakelbeamptes / demonstratrises, en ander. Geen afronding of kommunikasietegniek kan egter die taalkomponent vervang nie.

5.4.2.6 KREATIEWE TAALGEBRUIK

Baie beroepe vereis 'n meer kreatiewe beheersing van die taal, byvoorbeeld joernaliste, verkoopmanne, bemakingsamptenare, bedryfsingenieurs, en hulle sou dié vaardigheid deur die betrokke kursus kon aanleer.

5.4.2.7 TAALVAARDIGHEID IN ALLE VAKGEBIEDE

Aangesien die teknikons en universiteite nie op die terrein van die tegniese kollege kan beweeg deur Afrikaans of Engels as tweede of derde taal aan te leer nie, kan op indirekte wyse die algemene woordeskat en uitdrukkings van die moedertaal en tweede taal deur die situatiewe taalonderrigmetode uitgebou word. Hierdeur word op die behoefte van tweetaligheid in die praktyk geantwoord, maar ook terselfdertyd die taalvaardigheid in alle vakgebiede uitgebou.

5.4.3 LEERPLANNE

Die leerplanne vir jaarkursusse en semesterkursusse moet aangepas word by die verskillende spesialiteitsrigtings. Vervol-

gens dien die teoretiese agtergrond as fundering vir die beroepsgerigte praktikum. Derhalwe sal fiktiewe situasies deur die dosent daargestel moet word om so na as moontlik die praktyk na te boots. Individuele deelname van die studente en deurlopende evaluering is dus 'n voorvereiste om vordering te bepaal.

Vanuit hierdie perspektief word die taalaanbieding vir student en kursusganger verlewendig, eiesoortige tegnieke aangeleer en word inhoude in die bedryf doeltreffender uitgesê.

5.4.4 S I L L A B U S

A. TAALDINAMIKA

1. Doelstellings

Na voltooiing van die onderrigaanbieding behoort 'n student:

- 1.1 'n vaardigheid verkry het in die gesproke woord;
- 1.2 'n vaardigheid verkry het in die skryf van eenvoudige verslae en in die skryf van briewe; en
- 1.3 'n vaardigheid verkry het om as vakman 'n situasie te kan opsom, sy hoorder se sentimente in ag te neem en dan deur logiese formulering sy inhoude strategies uit te spel in die korrekte register deur die korrekte spraakhandeling en lyftaal.

2. Jaarkursusse

Taaldinamika

MODULE I Teorie: Metode en Beginsels

1. Taalterapie
2. Wat is taalkommunikasie?
3. Verbale kommunikasie
4. Taalgebruik en doeltreffende kommunikasie
5. Taal as enigste instrument ...
6. Fonologiese, linguistiese, semantiese en sintaktiese implementering
7. Logiese denke en formulering
8. Oorreding en oorredingstrategieë
9. Taal en doelwitbereiking
10. Suksesvolle boodskappe
11. Nie-verbale kommunikasie en die woord
12. Praattaal en lyftaal
13. Stereotipering
14. Hantering van kommunikatiewe situasies
15. Taaldinamika en die groep
16. Taal in die organisasie
17. Taal in die gemeenskap en samelewing
18. Taal en beeld
19. Diskoersanalise
20. Toetsing

MODULE II Taallaboratorium

1. Inleidende lesing en stemevaluering
2. Stemtegnieke en fonologie
3. Lees
4. Taalsituasies op persoonlike en interpersoonlike vlak
5. Taalsituasies in die praktyk
6. Taalsituasies ten opsigte van die radio en die pers

7. Diskoersanalise (ouditief)
8. Toetsing

MODULE III Videolaboratorium

1. Taal in konteks
2. Liggaamsprojeksie en die woord
3. Vraag en antwoord
4. Onderhoude (verskillende soorte) en taalstrategieë
5. Demonstrasies (woord en lyf)
6. Praktykgesprek
7. Taal en konflikthantering -
8. Analise van visuele diskoers
9. Toetsing

MODULE IV Praksis : implementering

1. Mikrofoonwerk, verhoog, kateder
2. Protokol en taal
3. Besprekingsgroepe, lesingforum, paneelbespreking
4. Konferensie, simposium, seminaar
5. Vergaderings en verslae
6. Gemeenskapsleer
7. Bemarking : kopië en taaltegnieke
8. Motivering en die implikasies van taal

Laasgenoemde afdeling word aangepas by die eise van die spesifieke beroep.

5.5 DIE TAALDOSENT

In 'n veranderende tydsgewrig waar taaleise met pragmatiese insette in 'n ekonomiese en meertalige marksituasie beantwoord

moet word, word 'n besondere vaardigheid van die Afrikaanse dosent geëis. 'n Taaldosent wat ongeduldig word oor nuwe metafore, homself verskans met taalreëls al sou hyself nie die linguistiese strukture begryp nie en dogmaties vaskleef aan geëgte aanbiedingsvorme, is 'n groter probleem vir die taal as sogenaamde gedefinieerde vyande (vergelyk Bolinger, 1980:1-9). 'n Verdere probleem wat 'n taaldosent kan kniehalter is sy aanname dat alle taalstudente wat nie rigied 'n spesifieke reël navolgie, nie oor die vermoë daartoe beskik nie. Daarenteen staan die dosent knus in sy voorveronderstelling dat hy nie hoef aan te pas nie, want die taalstruktuur is universeel en onveranderlik.

Dit is dus belangrik dat die taaldosent sy doelwitte moet herformuleer ten opsigte van die behoefte van elke taalstudent en -kliënt. Gaan dit om die korrekte sintaktiese vorm of oor die kommunikatiewe impak daarvan? Is dit die d in benodigdhede en die rede daarvoor wat Afrikaans relevant maak, òf die woordmilieu wat geskep word om die benodigdhede te bemark? Is taal die skriftelike model of ontstaan 'n nuwe woordwêreld tussen spreker en hoorder?

Vir die aanbieding van Taaldinamika moet 'n taalinstrukteur die taalstruktuur ken, maar benewens sy eie besondere taalvaardigheid moet hy ook oor kommunikasievaardighede beskik om sy produk, Afrikaans, te bemark.

5.6 BEMARKING VAN AFRIKAANS

'n Taaldinamiese strategie.

Afrikaans moet ontledig word van alle ideologies-gefundeerde inhoude. Dit moet bemark word as die uitnemende vertolker van veranderende strukture, vanweë die verstaanbaarheid daarvan vir die meeste taalgebruikers. As jong taal, eie aan Afrika, het dit die moontlikheid om te groei in die benoeming van eie werklikhede. Dit besit egter ook die vermoë om die eerste wêreld en derde wêreld se inhoude te versoen. Afrikaans moet in die praktyk as verhandelbare produk bemark word en nie die suggestie laat dat dit aan die voortbestaan van een gemeenskap gekoppel is of die taalstruktuur en taalstatus sal verlaag ter wille van die aanvraag nie. Afrikaans moet bemark word as uitnemende utiliteitsproduk vir sprekers. Afrikaans is die taal wat geskik is vir die naamgewing van nuwe verskuiwende werklikhede in Afrika.

GEVOLGTREKKING

Daar is 'n al groter behoefte aan taalvaardigheid op makro- en mikrovlak, aangesien veranderende strukture in die samelewing en ontwikkelinge op tegnologiese gebied benoem moet word. Terselfdertyd moet die taalgebruiker oor taalvaardigheid beskik om suksesvol in die arbeidsituasie te kommunikeer. In die Suid-Afrikaanse situasie, wat evolusionêre veranderinge op politieke, ekonomiese en sosiale gebied beleef, gaan dit ook om die herevaluering van die geskikste kode om doelwitte in te kodeer.

Die gebrek aan die nodige taalvaardigheid by taalgebruikers is 'n universele probleem. Saam met taalvaardigheidsprobleme word ook 'n kulturele ongeletterdheid en kennisgeletterdheidskrisis veral by jong taalgebruikers opgemerk. Taalvaardigheidsprobleme word blykbaar nie altyd suksesvol deur bestaande praktiese taalkursusse opgelos nie. Deur slegs 'n al hoër premie op die taalteoretiese aanbiedinge te plaas, of daarenteen die taalteorie totaal te negeer, of die klem te verskuif na deeldissiplines soos die Kommunikasiekunde, het die situasie geensins verbeter nie.

Die navorser van hierdie studie het teen bogenoemde agtergrond en na 'n bepaling van die taalsituasie in die bedryf en aan die Technikon Pretoria deur marknavorsing, ontleding van gevallestudies, onderhoude, praktykervaring, die toename van aanvrae uit die bedryf na taaldinamikakursusse en deur die evaluering van klank- en beeldmateriaal tot die volgende gevolgtrekking gekom:

Taaldinamikakursusse kan aangebied word vir eerstetaalsprekers op tersiêre vlak en in die bedryf om verbeterde taalkommunikasie te verseker. Sodanige taaldinamikakursusse versoen die teoretiese taalaanbod met die praktiese eise wat die individuele taalgebruiker en bedryf aan die taal stel.

Die volgende kan verder as gevolgtrekkings uit hierdie studie gestel word:

1. Die taalaanvrae van die bedryf en die spesifieke taalbehoefte van die taalgebruiker moet in aanmerking geneem word by die bepaling van leerinhoud. Die enigste maatstaf waaraan die sukses van 'n praktiese taalkursus deur die bedryf beoordeel word, is aan die uitnemende vaardigheid waarmee die afgestudeerde student sy verworwe taalkennis in sy beroep toepas.
2. Die wisselwerking tussen teorie en praktyk en die wedersydse beïnvloeding van mekaar is tydens die ontwikkeling van 'n taaldinamikakursus aangedui. Daar bestaan 'n bipolêre spanning tussen teorie en praksis en uit hierdie konflik-situasie word nuwe data verkry. Die aanvraag uit die praktyk word beantwoord deur 'n teoretiese aanbod wat in die praktyk aangepas word. Deur praktiese aanbiedinge en die hantering van die eise van die praktyk word die teoretiese aanbod gerig en navorsing gestimuleer. Die leerinhoud van kursusse word bepaal deur die doelwitte van die taalgebruiker, of deur die eise van die beroep. Verskillende taalteorieë en taaltegnieke word eklekties gebruik om 'n aanvraag te beantwoord. Geen taalmodel word dus verab-

soluteer nie. Die taal word beskou as 'n instrument wat tydens die taalhandeling pragmaties aangepas word ter wille van die suksesvolle kommunikasie.

3. 'n Taaldinamikakursus se sukses berus by die effektiewe beantwoording van die taalbehoefte van die taalgebruiker in sy spesifieke beroepsituasie. Die taalonderrig is beroepsgerig aangesien die taalgebruiker blootgestel word aan verskillende taalsituasies wat in die bedryf voorkom. Bogenoemde taalsituasies moet in die kleingroep verbaal en nie-verbaal hanteer word. Deur die taalgebruiker te konfronteer met nuwe werklikhede ontwikkel sy taalvaardigheid en brei sy terminologie uit om sy omwêreld te benoem. Die spesifieke situasie bepaal dus die taalaanbod. Taalvaardigheid en kennisgeletterdheid kan gelyktydig verbeter word. Deur kommunikatiewe handelingte repeteer die taalgebruiker sy nuutverworwe taalkennis. Die taaldinamikametode slaag juis in die kleingroep vanweë die groter geleentheid vir praktiese mondelinge werk, terugvoering van die hoorders en die remediëring van foute in deelnemende werkgroepes. Klank- en beeldmateriaal wat verkry is deur taallaboratoriumwerk en videokonfrontering word as addisionele korrektief vir diskoersanalises gebruik.
4. Taaldinamika is 'n pragmatiese aanbod aan die bedryf en die verhandelbare produk is kommunikatiewe Afrikaans. Kursusse word bedryf volgens aanvraag en aanbod en daarom is dit ingestel op die doelwitte van die taalkliënt. Die taalinstrukteur moet bewus wees van die veranderende taalbehoefte en werklikhede en sy leerstof en aanbieding daarby aanpas.

5. Dit is belangrik vir die taalgebruiker om 'n eie idiolek te ontwikkel ter wille van die suksesvolle bemaking van sy doelwitte en eie innovering in die bedryf. Taalvaardigheidsprobleme veral tydens mondelinge taalkommunikasie berus by die foutiewe voorveronderstelling dat geykte sinsmodelle, woordgebruik en aanbiedingswyses noodwendig al is wat as korrek beskou kan word. Om bogenoemde probleem uit te skakel, is 'n taalterapeutiese fase aan die begin van 'n kursus noodsaaklik. Tydens die taalterapeutiese fase word 'n student aangemoedig om jargon en gedwonge sinskonstruksies te laat vaar en word die korrekte instelling teenoor die taal as individuele instrument aangeleer.
6. Die pragmatiese aanpassing van die taalgebruik van die spreker by hoorder en situasie om doelwitte te bereik, het 'n invloed op die taalhandeling en taalstruktuur. Bogenoemde is aangedui deur die dekonstruksie van video- en taallaboratoriummateriaal. Die spreker beskik oor 'n ingebore taalvermoë, maar verskillende doelwitte, tyd, ruimte en hoorders bepaal 'n spesifieke soort taalgebruik. Hierdie pragmatiese gebruik van taal impliseer nuwe woorde, strukturele veranderinge, veranderinge in sintaktiese ordening en betekenisverruiming of -verskraling ten opsigte van begrippe. Tydens mondelinge taalkommunikasie kan die plasing van die stem en ander kinestieke aspekte 'n semantiese verbreding van die bestaande realiteit bring. Die sukses van 'n mededeling word nie net bepaal volgens die korrekte taalgebruik en aanbieding nie, maar of die aanvanklike doelwit bereik is.

7. Taalvaardigheid is noodsaaklik vir kommunikasievaardigheid. Dit is noodsaaklik dat die werklike bedoeling in die korrekte woord geënkodeer word, aangesien dit weer die spraak-handeling en die lyftaal rig. Hierdie interafhanklikheid van woord en gebaar is herhaaldelik by alle groepe in die videolaboratorium aangedui. Kursusse in die Kommunikasiekunde kan dus nie mondelinge taalvaardigheid en aanbiedingswyses verbeter nie.
8. Die taal is 'n instrument vir die individuele taalgebruiker waarmee hy sy doelwitte en oorradingstrategieë bemark. Deur die taal word die groep en gemeenskap se sentimente en konsepte verwoord en sosiale veranderinge in die samelewing aangedui. Vir die dekodering van die visuele beeld is die verbale perseptualisering noodsaaklik.
9. Elke individu en beroepsgroep het spesifieke taalbehoefte. Hierdie taalaanvrae rig die keuse van leerinhoud. Studente en kursusgangers verbeter hul taalvaardigheid makliker as dit gekoppel word aan 'n eie en bekende werklikheid. As 'n student sy eie werklikheid verbaal en nie-verbaal beheers, word ander werklikhede aangesny, soos byvoorbeeld die groep, gemeenskap en samelewing. 'n Taaldinamikaleerplan is dus bloot 'n werksprogram wat bogenoemde uitgangspunte inkorporeer. 'n Keuse van toepaslike en bruikbare taalteoretiese inhoud moet vir elke beroepsgroep gemaak word.
10. Vanweë die baie taalgebruikers wat Afrikaans verkies en die vermoë van Afrikaans as jong Afrikataal om veranderinge te

benoem, moet Afrikaans as 'n instrument aan die taalgebruiker bemark word. Deur suksesvolle blootstelling in die sakesektor, gemeenskap en samelewing kan Afrikaans relevant en bruikbaar as geloofwaardige kode in Suid-Afrika bewys word.

Die toenemende belangrikheid van sinvolle en suksesvolle kommunikasie in 'n snel veranderende wêreld blyk duidelik uit die praktyk, en hierdie belang word in hierdie studie vooropgestel. Die erkenning van die belang van goeie kommunikasie is egter nog geen bydrae nie, en daarom is hierdie studie die sistematiese bespreking, teoretiese begronding en die praktiese ontwerp van 'n model vir 'n kommunikasieverbeteringskursus, wat in die ondersoeker se technikonpraktyk bekend geword het as Taal-dinamika.

BIBLIOGRAFIE

- AITCHISON, J. 1976. The articulate mammal. London: Hutchinson. 256 p.
- ALHO, K. 1987. Mechanisms of selective listening reflected by event-related brain potentials in humans. Helsinki: Suomalainen Tiedeseakatemia. 86 p.
- ANDERSON, V.A. 1961. Training the speaking voice. 2nd ed. New York: Oxford University Press. 453 p.
- ANGLIN, M.A. 1970. The growth of word meaning. Cambridge: M.I.T. Press. 108 p.
- ANON. 1986. ASNE urges stricter admission standards. Journalism quarterly, 63(4):914.
- ASHWORTH, M. 1985. Beyond methodology second language teaching and the community. Cambridge: Cambridge University Press. 156 p.
- AULIN-AHMAVAARA, P. 1987. A dynamic input-output model with non-homogeneous labour for evaluation of technical change. Helsinki: Suomalainen Tiedeseakatemia. 210 p.
- AUSTIN, J.L. 1962. How to do things with words. Cambridge: Harvard University Press. 167 p.
- BAKER, C.P. & HACKER, P.M.S. 1980. Wittgenstein: understanding and meaning. Oxford: Basil Blackwell. Vol. 1. 692 p.
- BAKER, C.P. & HACKER, P.M.S. 1985. Wittgenstein: rules, grammar and necessity. Oxford: Basil Blackwell. Vol. 2. 352 p.
- BARRETT, H. 1981. Practical uses of speech communication. 5th ed. New York: Holt, Rinehart & Winston. 312 p.
- BAYER, K. 1977. Sprechen und Situation. Aspekte einer Theorie der sprachlichen Interaktion. Tübingen: Max Niemeyer Verlag. 190 p.
- BECKETT, C.M. & BLACQUIERE, A. 1983. Alternative strategies for language teaching: a plea for greater realism. Tydskrift vir taalonderrig, 1 (3): 43-53, Sept.

- BENNETT, W.A. 1974. Applied linguistics and language learning. London: Hutchinson Educational. 352 p.
- BERNSTEIN, B. 1964. Aspects of language and learning in the genesis of the social process. (In Hymes, D., red. Language in culture and society. New York: Harper & Row. p.251-261.)
- BERNSTEIN, B. 1979. Social class, language and socialization. (In Lee, V., red. Language development. New York: Wiley. p.310-328.)
- BEVER, T.G. 1970. The cognitive basis for linguistic structures. (In Hayes, J.R., red. Cognition and the development of language. New York: Wiley. p.279-352.)
- BISSCHOFF, B.P. 1987. Taalvaardigheid in die moedertaal van die eerstejaargestudent aan die Technikon Pretoria. Peritus, 3(1) : 4 - 7, Jun. 1987.
- BLOOM, L. 1970. Language development : form and function in emerging grammar. Cambridge : The M.I.T Press. 270 p.
- BLOOMFIELD, L. 1933. Language. London : Allen Unwin. 564 p.
- BOLINGER, D. 1975. Aspects of language. 2nd ed. New York : Harcourt Brace Jovanovich. 682 p.
- BOLINGER, D. 1980. Language - the loaded weapon. London : Longman. 214 p.
- BOTHA, R.P. 1971. Methodological aspects of transformational generative phonology. The Hague : Mouton. 266 p.
- BOTHA, R.P. 1983. 'n Roete deur die wêreld van Chomsky. (In Eksteen, L. & Pretorius, R., reds. Afrikaans : objek en metode. Pretoria : J.L. van Schaik. p. 40-83.)
- BOWEN, E. 1987. Are student heads full of emptiness ? Two scholarly authors have beach-time best sellers that blast U.S. education. Time : 46-47, Aug. 1987.
- BRACKEN, H.M. 1984. Mind and language. Dordrecht : Foris Publications. 154 p.

- BROOKE-ROSE, C. 1958. A grammar of metaphor. London : Secker & Warburg. 189 p.
- BRUNER, J. 1979. Language development. (In Lee, V., red. Language development. New York : Wiley. p. 63 - 101.)
- BYRNS, J.H. 1981. Speak for yourself. An introduction to public speaking. New York : Random House. 319 p.
- CHOMSKY, N. 1957. Syntactic structures. The Hague : Mouton. 116 p.
- CHOMSKY, N. 1976. Reflections on language. London : Temple Smith. 266 p.
- CHOMSKY, N. 1977. Conditions on rules of grammar. (In Cole, R.W., red. Current issues in linguistic theory. London : Indiana University Press. p. 3-50.)
- CHOMSKY, N. 1979. Language and responsibility. Sussex : The Harvester Press. 212 p.
- CHOMSKY, N. 1980. Rules and representations. New York : Columbia University Press. 299 p.
- CLAASSEN, G.N. 1986. Onderwys en die ouergemeenskap. (In Suid-Afrikaanse Vereniging ter Bevordering van die Opvoedkunde. Publikasiereeks nr. 20 : 109-114, Jan. 1986. Pretoria : SAVBO.)
- CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J., reds. 1983. Taalverskeidenheid. Pretoria : Academica. 279 p.
- CLARK, H.H. & CLARK, E.V. 1977. Psychology and language. New York : Harcourt Brace Jovanovich. 608 p.
- CLARK, R.A. 1978. The transition from action to gesture. London : Academic Press. 588 p.
- COETZEE, A.E. 1985. Fonetiek. 3de uitg. Pretoria : Academica. 119 p.
- COLE, R.W. 1977. Current issues in linguistic theory. London : Indiana University Press. 303 p.

- COPI, I.M. 1978. Introduction to logic. 5th ed. New York : Macmillan Publishing Co. 590 p.
- CORDER, S. P. 1973. Introducing applied linguistics. Middlesex : Penguin Education. 392 p.
- CRONJE, G. 1969. Mens-in-sosiale-verband : 'n sosiologies persoonologiese benadering. Pretoria : Academica. 149 p.
- CRONJE, H.P. 1982. Aspekte van die Afrikaanse advertensietaal. Potchefstroom. 178 p. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)
- CULLER, J. 1977. Structuralist poetics: structuralism, linguistics and the study of literature. London : Routledge & Kegan Paul. 301 p.
- CURRAN, C. 1983. Counseling learning. (In Oller, J.W. Jr. & Richard-Amato, P.A., reds. Methods that work : a smorgasbord of ideas for language teachers. p. 146-178.)
- DAKIN, J., TIFFEN, B. & WIDDOWSON, H.G. 1968. Language in education: the problem in Commonwealth Africa and the Indo-Pakistan Subcontinent. London: Oxford University Press. 177 p.
- DE BRUTO, H.F. 1981. A (A)Frikaans aan die universiteit van die noorde. Credo van 'n taalkundige. (Rede uitgespreek by die aanvaarding van die leerstoel in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Noorde op Woensdag 8 Oktober 1980 te Pietersburg, p. 1-14).
- DEGENAAR, J.J. 1970. Iets oor metafoor. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 10(4):293-315, Des.
- DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad : Haum. 274 p.
- DE VILLIERS, M. 1983. Afrikaanse grammatika vir volwassenes. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery. 235 p.
- DIMPFL, M. 1981. Literarische Kommunikation und Gebrauchswert, theoretische Entwürfe. Bonn : Bouvier Verlag. 319 p.

- DIRVEN, R. 1987. Metaphor and language policy: the English embrace. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T., reds. Taal en taalpolitiek. Pretoria : Haum. p. 153-173.)
- DOUGHTY, P., PEARCE, J. & THORTON, G. 1972. Exploring language. London : Edward Arnold. 191 p.
- DU PLESSIS, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria : Academica. p. 43-62.)
- DU PLESSIS, H. 1985. Sintaksis. Pretoria : Academica. 103 p.
- DU PLESSIS, H. 1985. Het Afrikaans die Afrikaner ontgroeit? (In Malan, C. & Smit, B., reds. Skrywer en gemeenskap. Pretoria : Haum. p. 180-188.)
- DU PLESSIS, H. 1987. Variasietaalkunde. Pretoria : Serva Uitgewers. 165 p.
- DU PLESSIS, H. & DU PLESSIS, T., reds. 1987. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria : Haum. 247 p.
- DU PLESSIS, T. 1987. Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans : 3 gevallestudies. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T., reds. Afrikaans en taalpolitiek. p. 102-120.)
- DU TOIT, A.P. & ORR, M. 1987. Achiever's handbook : reading, thinking and writing skills. Johannesburg : Southern Book Publishers. 203 p.
- EKSTEEN, L. 1978. Die Afrikaanse woord. Pretoria : Academica. 142 p.
- EKSTEEN, L. 1984. 'n Beeld van Afrikaanse woorde. Pretoria : Academica. 96 p.
- EKSTEEN, L. & PRETORIUS, R., reds. 1983. Afrikaans : objek en metode. Pretoria : J.L. van Schaik (Edms) Bpk. 238 p.
- ELLIS, A. & BEATTIE, G. 1986. The psychology of language and communication. London : Weidenfeld and Nicolson. 374 p.

- ENGELBRECHT, C.S. 1986. Die digotomiese Suid-Afrikaanse samelewingsoopset en die opvoedingsimplikasies daarvan. (Referaat gelewer by SAVBO-kongres gehou Jan. 1986 te RAU, Johannesburg.)
- ESTERHUYSE, J. 1986. Taalapartheid en skoolafrikaans. Emmarentia : Taurus. 126 p.
- FARB, P. 1978. Language. (In Rodman, G. Public speaking : an introduction to message preparation. New York : Holt, Rinehart and Winston. p. 119.)
- FILLMORE, C.J., KEMPLER, D. & S-Y WANG, W., reds. 1979. Individual differences in language ability and language behavior. New York : Academic Press. 346 p.
- FINN, S.M., WEICH, H.M. & RENSBERG, R.S. 1983. Professional persuasion. Durban : Butterworths. 108 p.
- FIRBAS, J. 1987. On the operation of communicative dynamism in functional sentence perspective. Leuvense bijdragen: tijdschrift voor Germaanse filologie, 76(3) : 289 - 304, Des.
- FODOR, J.A. 1975. The language of thought. New York : Thomas Y. Crowell. 214 p.
- FORCHHEIMER, P. 1953. The category of person in language. Berlin : Walter de Gruyter. 142 p.
- FOURIE, H.P. 1982. Communication by objectives. Johannesburg : McGraw - Hill. 178 p.
- FOWLER, R. 1974. Understanding language. An introduction to linguistics. London: Routledge & Kegan Paul. 274 p.
- GAZDAR, G. 1979. Pragmatics : implicature, presupposition and logical form. New York : Academic Press. 186 p.
- GIGLIOLI, P.P., red. 1975. Language and social context. Middlesex : Penguin Education. 399 p.
- GRAY, G.W. & WISE, C.M. 1959. The basis of speech. 3rd ed. New York : Harper & Row Publishers. 562 p.

- GREEN, P.S. 1975. The language laboratory in school : performance and prediction. Edinburgh : Oliver & Boyd. 242 p.
- GREGORY, M. & CARROLL, S. 1978. Language and situation. London : Routledge & Kegan Paul. 113 p.
- GRONBECK, B.E. 1983. The articulate person. 2nd ed. Illinois : Scott, Foresman and Company. 294 p.
- GROSSFELD, R. 1978. The art of speaking. USA : R. Grossfeld. 73 p.
- GUMPERZ, J. 1975. The speech community. (In Giglioli, P.P., red. Language and social context. Middlesex : Penguin Education. p. 219-231.)
- HALLIDAY, M.A.K. 1975. Learning how to mean - explorations in the development of language. London : Edward Arnold. 164 p.
- HALLIDAY, M.A.K. 1978. Language as social semiotic. London : Edward Arnold. 256 p.
- HARTNACK, J. 1965. Wittgenstein and modern philosophy. London : Methuen. 124 p.
- HASLING, J. 1982. The message, the speaker, the audience. New York : McGraw-Hill. 148 p.
- HAYES, J.R., red. 1970. Cognition and the development of language. New York : Wiley. 370 p.
- HOCKETT, H.C. 1981. (In Barrett, H. Practical uses in speech communication. New York : Holt, Rinehart and Winston. p. 113.)
- HUDSON, R.A. 1987. Sociolinguistics. Cambridge : University Press. 250 p.
- HUNT, G.T. 1985. Effective communication. New Jersey : Prentice Hall. 306 p.
- HYMES, D., red. 1964. Language in culture and society. New York : Harper & Row, Publishers. 764 p.
- HYMES, D. 1975. Toward ethnographics of communication : the analysis of communicative events. (In Giglioli, P.P., red. Lan-

- guage and social context. Middlesex : Penguin Education. p. 21 - 41.)
- HYMES, D. 1979. On communicative competence. (In Lee, V., red. Language development. New York : Wiley p. 36-62.)
- JERISON, H.J. 1979. On the evolution of neurolinguistic variability : fossil brains speak. (In Fillmore, C.J., Kempler, D. & S-Y. Wang, W., reds. Individual differences in language ability and language behavior. New York : Academic Press. p. 277 -287.)
- JOUBERT, D.D. & STEYN, A.F. 1980. Groepsdinamika : 'n inleiding tot die studie van klein groepe. 5de dr. Stellenbosch : Universiteits-uitgewers en boekhandelaars. 298 p.
- JUNG, C.G. 1970. (In NEL, B.F., SONNEKUS, M.C.H. & GARBERS, J.G. Grondslae van die psigologie. p. 70.)
- KINSELLA, V. 1978. Language teaching and linguistics surveys. Cambridge : Cambridge University Press. 204 p.
- KLEMKE, E.D. 1983. Contemporary analytic and linguistic philosophies. New York : Prometheus Books. 454 p.
- KLERCK, H. 1984. Afrikaans as afgeskepte bemarkingstaal. 31 p. (Lesing gelewer op 2 Augustus 1984 by Taalkommunikasiesimposium te Technikon Pretoria. Ongepubliseer.)
- KRAMARAE, C., SCHULZ, M. & O'BARR, W.M., reds. 1984. Beverly Hills : Sage Publications. 320 p.
- KRASHEN, S.D. Individual variation in the use of the monitor. (In Ritchie, W.C., red. Second language acquisition research : issues and implications. New York : Academic Press. p. 175-183.)
- KUNO, S., red. 1975. Harvard studies in syntax and semantics. Vol 1. Cambridge, Massachusetts. 480 p.
- LABOV, W. 1979. The logic of nonstandard English. (In Lee, V., red. Language development. New York : Wiley. p. 329 - 360.)

- LABUSCHAGNE, F.J. 1966. Enkele aspekte van die funksionele woordbeskouing. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Taalkongres-verhandelinge. Pretoria : JL Van Schaik. p. 95 -130.)
- LEE, V., red. 1979. Language development. New York : Wiley. 426 p.
- LEVINSON, S.C. 1987. Pragmatics. Cambridge : Cambridge University Press. 420 p.
- LEVY, J. 1979. Strategies of linguistic processing in human split-brain patients. (In Fillmore, C.J., Kempler, D. & S-Y. Wang, W., reds. Individual differences in language ability and language behavior. New York : Academic Press. p. 289 -302.)
- LOCK, A. 1978. Action, gesture and symbol. London : Academic Press. 588 p.
- LONERGAN, J. 1984. Video in language teaching. Cambridge : Cambridge University Press. 133 p.
- LOWENTHAL, F. & Vandamme, F. 1986. Pragmatics and education. New York : Plenum Press. 343 p.
- LYONS, J. 1986. Language, meaning and context. Suffolk : Fontana Paperbacks. 256 p.
- LYONS, J. 1987. Language and linguistics : an introduction. Cambridge : Cambridge University Press. 356 p.
- MacKay, C.N. 1971. Speak for yourself. Essex : Gower Press. 194 p.
- MACKEY, W.F. 1965. Language teaching analysis. London : Longmans. 463 p.
- MALAN, C. & SMIT, B., reds. 1985. Skrywer en gemeenskap : tien jaar Afrikaanse skrywersgilde. Pretoria : Haum Literêr. 230 p.
- MASLOW, A.H. 1943. A theory of human motivation. Psychological Review, 50 : 370-396.
- McCULLOUGH, W.J. 1978. Hold your audience. London : Prentice-Hall. 282 p.

- MANNING, A.D. 1987. Communicating for chance. Johannesburg : Juta. 116 p.
- MARAIS, H.C. 1979. Kommunikasie in kleingroepe. Bloemfontein : P.J. de Villiers. 192 p.
- MENYUK, P. 1977. Language and maturation. Cambridge : The M.I.T. Press. 180 p.
- NEL, B.F. SONNEKUS, M.C.H. & GARBERS, J.G. 1970. Grondslae van die psigologie. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en -boek-handelaars. 456 p.
- NEL, N. 1987. Onderhandelingsvermoë. 12 p. (Lesing gelewer op 26 Augustus 1987 by die Pretoriase Sakekamer vir bemarkers. Ongepubliseer.)
- NICHOLLS, P.C. 1984. Networks and hierarchies : language and social stratification. (In Kramarae, C., Schulz, M., O'Barr, W. M., reds. Language and power. Beverly Hills : Sage Publications. 320 p.)
- ODENDAL, F.F. 19(72). Aspekte van taal. Kaapstad : Nasou Beperk. 79 p.
- OLIVIER, G. 1981. Language and the gifted child. Standpunte, derde reeks, 34(5) : 71 - 77, Okt.
- OLLER, J.W. 1977. Language testing. (In Wardhaugh, R. & Brown H. D., reds. A survey of applied linguistics. Michigan : The University of Michigan Press. 308 p.)
- OLLER, J.W. (Jr.) & RICHARD-AMATO, P. 1983. Methods that work : a smorgasbord of ideas for language teachers. Rowley : Newbury house publishers. 440 p.
- PEASE, A. 1985. Lyftaal. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers. 143 p.
- PONELIS, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T., reds. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria : Haum. p. 3-15.)

- PRINSLOO, K.P. en VAN RENSBURG, M.C.J. 1984. Afrikaans : stand, taak, toekoms. Pretoria : Haum. 279 p.
- RANKIN, J.A. 1980. Foresight - the key to the world of tomorrow. (In Mededelings. Toespraak gehou by die jaarvergadering van die vereniging van Technikons gehou te Durban, 1980. Pretoria : Technikon Pretoria, p. 2 - 30.)
- RETIEF, R. 1984. Bevraging. Pretoria. 233 p. (Proefskrif (D.Litt. et Phil.) - UNISA.)
- REYNHARDT, G.M. 1987. Die onderlinge verband tussen lees en kyk. Communicatio, 13.2 : 17-21.
- RICHARDS, J.C., red. 1978. Understanding second and foreign language learning : issues and approaches. Massachusetts : Newbury House Publishers. 273 p.
- RITCHIE, W.C., red. 1978. Second language acquisition research. New York : Academic Press. 221 p.
- RIVE, R. 1985. Culture, colouredism and Kaaps. Standpunte, XXXVIII(6) : 31-36, Des.
- RODMAN, G. 1978. Public speaking : an introduction to message preparation. New York : Holt, Rinehart and Winston. 222 p.
- ROELOFSE, J.J. 1982. Tekens en betekenis : 'n Ander perspektief op kommunikasie. Johannesburg : McGraw-Hill. 125 p.
- ROSS, R.S. 1984. Essentials of speech communication. 2nd ed. New Jersey : Prentice-Hall. 321 p.
- SAMOVAR, L.A. & MILLS, J. 1976. Oral communication : message and response. 3rd ed. Iowa : Dubuque. 256 p.
- SAPIR, E. 1978. Language. London : Granada Publishing. 242 p.
- SAPORTA, S. 1966. Applied linguistics and generative grammar. (In Valdman, A., red. Trends in language teaching. New York : McGraw-Hill. p 81 -92.)
- SCHEGLOFF, E.A. 1975. Notes on a conversational practice : formulating place. (In Giglioli, P.P., red. Language and social context. Middlesex : Penguin Education. p. 95-135.)

- SEARLE, J.R. 1969. Speech acts. An essay in the philosophy of language. Cambridge : Cambridge University Press. 203 p.
- SINCLAIR - DE ZWART, H. 1979. Language acquisition and cognitive development. (In Lee, V., red. Language development. New York : Wiley. p. 131 - 148.)
- SMITH, J.E. 1978. Purpose and thought : the meaning of pragmatism. New Haven : Yale University Press. 236 p.
- SNOW, C. 1979. The development of conversation between mothers and babies. (In Lee, V., red. Language development. New York : Wiley. p. 235 - 249.)
- SNYMAN, H. 1983. Mirakel en muse. 'n Studie oor die funksie van die implikasie - verskynsels by die interpretasie van 'n gedig. Kaapstad : Perskor. 238 p.
- SPENDER, D. 1984. Defining reality: a powerful tool. (In Kramarae, C., Schulz, M. & O'Barr, W.M., reds. Language and power. Beverly Hills : Sage publications. p. 194-205.)
- STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal : die behoud en bestaan van Afrikaans. Kaapstad : Tafelberg. 523 p.
- STEYN, J.C. 1987. Afrikanernasionalisme en Afrikaans. (In Du Plessis, H. en Du Plessis, T., reds. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria : Haum. 73 - 96.)
- STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk. 304 p.
- STREVEENS, P. 1978. The nature of language teaching. (In Richards, J.C., red. Understanding second and foreign language learning. Massachusettts : Newbury House. 273 p.)
- STRYDOM, F. 1987. Die onderrig van Afrikaans in 'n geïdeologiseerde situasie. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T., reds. Taal en taalpolitiek. Pretoria : Haum. p. 143-151.)
- STUBBS, M. 1984. Discourse analysis. The sociolinguistic analysis of natural language. Oxford : Basil Blackwell. 272 p.

- STUBBS, M. 1986. Educational linguistics. Oxford : Basil Blackwell. 286 p.
- TODOROV, T. 1967. Literature et signification. Paris : Larousse. 118 p.
- TUCKER, G.R. 1978. The implementation of language teaching programs. (In Richards, J.C., red. Understanding second and foreign language learning. Massachusetts : Newbury-House. 273 p.)
- VAN COLLER, H.P. & VAN JAARSVELD, G.J., reds. 1984. Woorde as dade : taalhandelinge en letterkunde. Durban : Butterworth. 141 p.
- VAN DER MERWE, T. & KROES, H. 1983. Die inskakeling van die taallaboratorium by taalonderrig (Programmeringskursus vir die taallaboratorium aangebied aan die Universiteit van die Witwatersrand deur SAVTO, April 1983. Johannesburg : ETA. 143 p.)
- VAN ELS, T., BONGAERTS, T., EXTRA, G., VAN OS, C. & JANSSEN-VAN DIETEN, A.M. 1984. Applied linguistics and the learning and teaching of foreign languages. Eng. ed. London : Edward Arnold. 386 p.
- VALDMAN, A., red. 1966. Trends in language teaching. New York : McGraw-Hill. 298 p.
- VAN EK, J.A. 1976. The threshold level for modern language learning in schools. London : Longman. 165 p.
- VAN JAARSVELD, G.J. & WEIDEMAN A.J. 1985. Doelgerigte Afrikaans. Bloemfontein : Patmos. 166 p.
- VAN JAARSVELD, G.J. 1985. Semantiek. Pretoria : Academica. 111 p.
- VAN JAARSVELD, G.J., red. 1987. Wat bedoel jy? Pretoria : Serva-Uitgewers.
- VAN SCHALKWYK, H. 1981. Spraakkommunikasie en houding. Johannesburg : McGraw-Hill. 166 p.

- VAN SCHOOR, M. 1982. Bestaanskommunikasie. 2de dr. Bloemfontein : P.J. de Villiers. 127 p.
- VAN SCHOOR, M. 1982. What is communication? Pretoria : J.L. van Schaik. 100 p.
- VORSTER, J. 1977. Wat kan taalonderwys uit taalverwerwing leer? Nuusbrief Suid-Afrikaanse studiegroep vir taalonderrig. 11(4) : 2 -17, Des.
- VYGOTSKY, L.S. 1962. Thought and language. Cambridge : M.I.T. Press. 168 p.
- WALLWORK, J.F. 1978. Language and people. London : Heinemann Educational Books. 174 p.
- WARDHAUGH, R. & BROWN, H. D., reds. 1977. A survey of applied linguistics. Ann Arbor : University of Michigan. 308 p.
- WATERSON, N. & SNOW, C. 1978. The development of communication. Chichester : Wiley. 498 p.
- WEBB, V.N. 1979. Die rol van taalhoudings in taalonderrig, met spesiale verwysing na Afrikaans. Nuusbrief/newsletter. Suid-Afrikaanse Vereniging vir taalonderrig. 13(4) : 41 - 54, Des.
- WILKENS, D.A. 1973. Linguistics in language teaching. London : Edward Arnold. 243 p.
- WISSING, D.P. 1982. Algemene en Afrikaanse generatiewe fonologie. Johannesburg : Macmillian. 200 p.
- WYBENGA, D.M. 1987. Diskoersanalise en stilistiek. Pretoria : Serva-Uitgewers. 157 p.